

## Debat op Kerkbode-aanlyn oor skepping en evolusie

Februarie – Mei 2011

Hier volg 'n debat tussen Louis (met heelhartige ondersteuning van Louis van Ryneveld) aan die evolusiekant en Daniël Michau en Hennie Mouton aan die skeppingskant, asook enkele ander deelnemers, soos op Kerkbode-aanlyn verskyn het [maar sommige van Daniël Michau se skrywes is geblokkeer (nie geplaas nie) op Kerkbode-aanlyn en verskyn dus net hier].

Louis het 35 keer geskryf, Louis van Ryneveld 6 keer, Daniël Michau 15 keer en Hennie Mouton 10 keer. Anonieme Louis het in 'n vorige skrywe (2011/02/18) al laat blyk dat hy sy van nie bekend wil maak nie: "Jammer, mense, maar ek is inderdaad nie Louis van Ryneveld nie. Ek skryf onder 'n skuilnaam want my standpunt sal erge gevolge inhou vir een van my familieledede."

Die dele wat met {Agterna HM-kommentaar: ...} aangedui word, was nie deel van die oorspronklike debat nie, en het ek agterna bygevoeg.

Hennie Mouton

-----

### Ds. Aggenbach se brief van 21 Februarie - 2011/02/22

Louis skryf:

Na aanleiding van Ds. Aggenbach se brief van getiteld @Hennie du Plooy van Bronkhorstspruit van 2011/02/21, wil ek weer kommentaar lewer. Ds. Aggenbach beweer dat: Jy gee verder die indruk dat jy die evolusiehipotese "omhels" maar glad nie verstaan waaroor dit gaan nie: Dit VERKONDIG dat lewe vanself uit dooie materie voortgekom het, dat genetiese inligting só vermeerder het dat eenvoudige lewensvorme na meer komplekse vorms ontwikkel het, dat mense 'n gemeenskaplike voorouer met ape deel, ens., ens., – wat nog nooit deur die wetenskap gedemonstreer / geïllustreer is nie.

Ds. Aggenbach, u stellings is doodeenvoudig onwaar. Hou asseblief op om mense te mislei. Die Teorie van Evolusie is Biologies en gaan as volg: Alle spesies stam af van gemeenskaplike voorouers deur middel van natuurlike seleksie. Dit is die teorie.

{Agterna HM-kommentaar: Hierdie is 'n tipiese styl van Louis wat hy regdeur sy skrywes openbaar – hy probeer om sy opponente se stellings geheel en al af te skiet, al stem hy met dele daarvan saam. Hy gebruik dit dan ook om sy opponente te probeer verkleineer en te beledig, asof niks wat hulle sê ooit reg kan wees nie. Na my mening is dit tipies van oordrewe en onvolwasse debattering. Vir seker glo Louis dat die mens en die aap 'n gemeenskaplike voorganger het – kyk net hieronder waar hy dit stel. Hoekom sommige evolusioniste so ontwykend is met hul vae definisies van wat evolusie glo is, kan mens ook maar net oor wonder. Dit mag 'n vrees wees, of dalk 'n indirekte erkenning, dat die eintlike bedoeling van die evolusiehipotese verkeerd bewys gaan word, of reeds op vele terreine verkeerd bewys is.}

Die betekenis van die woord evolusie soos gebruik in Biologie: Evolusie is die verandering in die verhouding van individuele organismes wat verskil in een of meer oorgeërfde eienskappe oor tyd. Dit is die feit wat ons elke dag waarneem.

Die teorie van Evolusie spreek homself hoegenaamd niks uit oor hoe lewe ontstaan het nie (daardie studie word genoem abiogenese en daar bestaan verskeie hipoteses daarvoor), dit spreek hoegenaamd niks oor "genetiese inligting wat vermeerder" nie, (ons eksperimentering toon dat genetiese inligting verander). Die afleidings wat ons kan maak uit die reekse oorgangsfossiele wat ons gevind het, tesame met dinge soos DNS-ooreenkomste, toon dat die mens en moderne ape onlangse gemeenskaplike voorouers het.

Ds. Aggenbach, as u wil voorgee dat u iets weet van die teorie, kry net eers die belangrikste feite reg.

Louis

-----

### **Louis se biologiese evolusie - 2011/02/24**

Daniël Michau skryf:

Ek het hierdie brief op 22 Februarie ingestuur [na Kerkbode-aanlyn], maar om een of ander rede is dit geblokkeer. So nou probeer ek maar weer.

Louis jy weet seker dat die ontstaan van lewe uit dooie materie in terme van die (weliswaar mislukte) Miller-Urey-eksperimente en opvolgers daarvan, in biologiese handboeke gevind word as sogenaamde getuienis vir evolusie. Dis dus nie net ds. Aggenbag wat in jou oë verward is oor biologiese evolusie nie, maar selfs die evolusioniste wat die biologiese handboeke skryf. Ek neem aan jou (en ander se) onwilligheid om abiogenese onder biologiese evolusie te klassifiseer, is eintlik 'n indirekte erkenning van hoe onsuksesvol daardie eksperimente en hipoteses was (dankie dat jy hulle darem net hipoteses noem – nie wetenskaplike teorieë nie).

In ieder geval word die woord evolusie in die algemeen baie wyer toegepas as net biologiese evolusie. Liberaliste reken selfs die Christelike geloof is 'n baie laat evolusionistiese ontwikkeling van die mens se eerste primitiewe geloofskonsepte. Dit verwerp dus die Goddelike openbaringsgesag van die Bybel. Maar dit daar gelaat.

Kom ons hou vir die oomblik by jou biologiese evolusie. Ek stem heeltemal saam met jou dat ons die feit van verandering in organismes gereeld waarneem. Geen skeppingsleerder betwyfel dit nie. Maar sou biologiese evolusie waar wees, moet ons nie net verandering waarneem nie, dit moet opwaartse/verbeterde veranderings wees. Dat jy die nodigheid vir genetiese inligting om natuurlik te vermeerder het (sou evolusie waar wees), nie begryp nie, gaan my verstand te bowe. Of verstaan ek jou verkeerd? Die heel eerste eensellige lewende organisme, wat volgens die evolusiehipotese miljarde jare voor die mens bestaan het, het tog baie minder genetiese inligting gehad as die mens, wat volgens evolusioniste oor miljarde jare natuurlik en uiteindelik uit eersgenoemde ontwikkel het! Daarom demonstreer bloot verandering in genetiese inligting, wat ek ook met jou saamstem waargeneem word, geensins die saak waarvoor evolusie eintlik probeer gaan nie. 'n Natuurlike

meganisme moet gevind word wat genetiese inligting vermeerder en verbeter, en dit bestaan nie, buiten in die droomwêreld van evolusioniste.

Dis vreemd dat jy nie mutasies noem nie, maar net natuurlike seleksie. Natuurlike seleksie, waarmee skeppingsleerders nie 'n probleem het nie, kan net kies uit reeds bestaande verskille. Iets moes die verskille veroorsaak het. Evolusioniste reken dis mutasies wat weens eksterne faktore soos bestraling kan gebeur. Maar statisties vernietig mutasies bruikbare genetiese inligting, baie eerder as om nuwe bruikbare inligting te skep. Mutasies is dus nie die vriend van evolusie nie, maar juis die vyand. Of weet jy dit, en het jy daarom nie daarna verwys nie? Indien wel, wat stel jy dan voor het die opwaartse verandering natuurlik laat gebeur?

Nee wat Louis, alles wat regtig in die biologie waargeneem word, klop baie beter met die inligting wat in die Bybel gegee word, as met enige evolusionistiese model. Alle soorte was daar van die begin af, bonatuurlik geskep deur die Skepper. Spesiasie kon deur natuurlike seleksie binne soorte gebeur het, maar geen soort het ooit in 'n ander soort verander nie. Mutasies is toenemend besig om alle organismes te vernietig, want dit gaan gepaard met afnames in genetiese inligting. Daarom moes daar reg in die begin 'n Skepper van genetiese inligting gewees het – die God van Genesis.

Daniël Michau

---

### **Louis, skeppingsleerders WIL nie weet nie - 2011/02/28**

Louis van Ryneveld skryf:

Aan Louis, my voornaamgenoot: Ek en sekerlik vele ander het groot waardering vir jou briewe waarin jy die feite van die natuur in perspektief stel, ook vir diegene wat nie belangstel in feite nie maar verkies om aan verouderde dogma vas te kleef. Jy besef dat jy nie tot verbete skeppingsleerders sal deurdring nie want hulle gedagtegang is in beton gegiet (insoverre daar sprake kan wees van denke, en dit is nie baie ver nie). Nietemin is jou pogings belangrik, nie soseer ter wille van diegene wat die oë en ore sluit vir kennis nie as ter wille van mense wat gevaar loop om deur die valsheid van skeppingsleer mislei te word.

Evolusie is die enigste wetenskaplike teorie oor die ontstaan van spesies (onderstreep "enigste" sowel as "wetenskaplike"). Daar is vele ander teorieë, maar nie een van die ander voldoen selfs effentjies aan die vereistes van verantwoordelike wetenskapsbeoefening nie. (Louis, is ek reg as ek so sê?)

{Agterna HM-kommentaar: Louis kan geen sinvolle opinie oor die wetenskaplikheid van skeppingsleer gee nie, want hy weet eenvoudig te min daarvan soos in die verdere skrywes duidelik sal blyk.}

'n Mens kan simpatie met kreasioniste hê want hulle worstel met 'n werklikheid wat veel meer kompleks is as wat 'n eenvoudige en letterlike vertolking van Genesis sou oplewer. Hulle, soos ons, staan voor 'n groot probleem. Die feit is dat die vordering van die wetenskap – nie net natuurwetenskap nie maar ook menswetenskappe – en die vordering van die beskawing deur die eeue heen in elke geslag 'n herwaardering en hervertolking van die Bybel afdwing. Sonder dat hulle

dit besef, doen kreasioniste enigermate hieraan mee: ek het nog nie gehoor dat enigeen van hulle 'n kind met klippe wil doodgooi oor hy op sy pa geswets het nie soos in die Oud-Testamentiese wette vereis word – die mens se regsgevoel het by sulke barbaarse optrede verbybeweeg; of dat enigeen van hulle dit sal oorweeg om sy maagdelike dogters aan 'n seksmaal skare te oorhandig sodat hulle tog maar net sy gaste moet uitlos, soos in die geval van die "regverdige man," Lot – ons sosiale gevoel, ons gevoel vir die heiligheid van die gesin en van 'n man se beskermingsplig teenoor sy vrou en kinders sal so iets eenvoudig nie duld nie. Is daar 'n enkele skeppingsleerder wat slawerny wil terugbring, al was dit in die tyd van die Nuwe Testament 'n aanvaarde praktyk?

Die Bybel word tans die derde keer in 'n skrale eeu in Afrikaans vertaal en elke vertaling is 'n nuwe vertolking. Dit op sigself sê al iets oor die noodwendigheid van voortdurende vertolking en hervertolking.

{Agterna HM-kommentaar: Let op hoe Louis van Ryneveld duidelik die Bybel se gesag ondergeskik aan sy idee van die wetenskap stel. Hy ignoreer ook die talle antwoorde wat op baie plekke al gegee is op hierdie selfde tipies ongelowige beskuldigings oor die Bybel. Gaan kyk byvoorbeeld na <http://www.glodiebybel.co.za/geloofskwessies-m/48-ander-kat/55-die-bybel-oor-slawe.html>}

Dit is moeilik en veeleisend om gevestigde idees te herbedink in die lig van nuwe kennis, veral in 'n tyd soos ons s'n wanneer ontwikkeling so verstommend vinnig is. Dit is veel makliker om die mooi stories in die openingshoofstukke van Genesis letterlik op te neem soos ons in die laer grade op Sondagskool geleer het. Helaas, die maklike uitweg is nie alte dikwels die regte een nie. Dat Genesis groot waarhede bevat, is nie te betwyfel nie, maar dat hier geen betroubare gids tot die natuurwetenskap is nie, staan vas.

Louis, ek wil 'n beroep op jou doen: eerstens, hou aan met jou lofwaardige pogings om die natuurwetenskap aan die breë publiek te bring. En wat die skeppingsleerders betref wil ek jou vra: Vergewe hulle want hulle wil eenvoudig nie weet wat hulle doen nie.

Louis van Ryneveld

{Agterna HM-kommentaar: Jesus, wie se woorde Louis van Ryneveld hier ewe voorbarig as sy eie gebruik, het op geen van die talle plekke waar Hy na Genesis verwys het, enigsins laat blyk dat letterlike waarhede nie in Genesis geopenbaar word nie. Die konteks van hierdie kruiswoorde van Jesus was dat Hy die Vader gevra het om die mense te vergewe wat besig was om Hom dood te maak en nie geweet het Wie hulle eintlik doodmaak nie. Die ironie is dat Louis se betoog en pleidooi wat daarop neerkom om die Bybel se gesag al minder te maak, eintlik 'n poging is om Jesus se woorde en dus die Woord dood te maak. Maar gelukkig sal dit nooit gebeur nie, want God se Woord met sy oorspronklike bedoeling, sal vir ewig bly staan.}

-----  
**Daniël Michau se brief van 24/02/2011 - 2011/02/28**

Louis skryf:

Ek wou eers 'n lang relaas geplaas het in antwoord op Daniël Michau se brief van 24/02/2011, maar die volgende stukkies absolute onkunde het my laat besef dat dit nie die moeite werd is nie.

Daniël Michau: "Iets moes die verskille veroorsaak het. Evolusioniste reken dis mutasies wat weens eksterne faktore soos bestraling kan gebeur."

Dis net hier waar jy totaal verkeerd is en dis onwaar dat "evolusioniste" dit enigsins dink. Die mutasies betrokke by voorplanting is natuurlike mutasies wat niks te doen het met dinge soos bestraling nie. Elke mens het gemiddeld 70 mutasies van sy ouers af geërf. Dis al gemeet!

Daniël Michau: "Maar statisties vernietig mutasies bruikbare genetiese inligting, baie eerder as om nuwe bruikbare inligting te skep."

Dis onwaar. Dink jy nie jy moet eers 'n baie basiese kennis verkry voordat jy hierop kommentaar kan lewer nie? Natuurlike mutasies verander genetiese "inligting", soos ons baie keer in die laboratoriums gesien het. Dit vernietig geensins bruikbare "inligting" nie.

{Agterna HM-kommentaar:

Kyk na die aanhaling uit die evolusioniste Margulis en Sagan se boek wat in my skrywe "Yslagies, Louis, Riaan & Kirschner" van 2011/05/04 hieronder gegee word, wat wys hoe verkeerd Louis op hierdie punt is. Die plantgenetikus dr. John Sanford, wêreldwyd bekend as mede-ontwerper van die geengeweer ("gene gun") stel dit soos volg: "Mutations are word-processing errors in the cell's instruction manual. Mutations systematically destroy genetic information—even as word processing errors destroy written information. While there are some rare beneficial mutations (even as there are rare beneficial misspellings)[1], bad mutations outnumber them—perhaps by a million to one. So even allowing for beneficial mutations, the net effect of mutation is overwhelmingly deleterious. The more the mutations, the less the information. This is fundamental to the mutation process." [http://creation.com/geneticist-evolution-impossible]

Kyk ook na Louis se verkleinerende styl, al is hy, ironies genoeg, self verkeerd op van die stellings wat hy hier maak. Sy stelling dat mutasies nie deur bestraling veroorsaak kan word nie, is hopeloos verkeerd – enigeen kan "radiation causes mutations" op die internet gaan soek, en sal honderde skrywes tot die teendeel van Louis se bewering vind.}

Daniël Michau: "Mutasies is dus nie die vriend van evolusie nie, maar juis die vyand."

Dink jy nie eens jy moet 'n basiese kennis kry oor wat eintlik mutasies veroorsaak voordat jy sulke onwaarhede verkondig nie?

Daniël Michau: "Of weet jy dit, en het jy daarom nie daarna verwys nie? Indien wel, wat stel jy dan voor het die opwaartse verandering natuurlik laat gebeur?"

Baie dinge. Dinge soos puntmutasies en genetiese drif. Dit hoef ook nie opwaarts te wees nie. Net anders.

Louis

-----  
**Aan Louis van Ryneveld - 2011/02/28**

Louis skryf:

Dankie. Ek weet niemand sal ooit die skeppingsleerders se gedagtes kan verander nie, maar ek wil net ander lesers, wat nie so ingelig is in die wetenskappe nie, daarop attent maak dat Ds. Aggenbag en diesulkes uiters misleidend is.

Ek wil ook net hierdie mense bewus maak dat daar beter inligting uit ander bronne beskikbaar is as Ds. Aggenbag se "boekie". Wetenskaplike bronne geskryf deur regte wetenskaplikes met bevindinge verkry deur die wetenskaplike metode.

Ek wil ook hierdie mense daarvan bewus maak dat kreasionistiese bronne nie wetenskaplike bronne is nie, al gee hulle voor hulle is! Sommiges noem hulself "wetenskaplik", maar is deur alle wetenskaplike organisasies verwerp. Voordat jy 'n bron lees, maak eers seker dat daardie bron deur die wetenskappe erken word as wetenskaplik!

Louis

{Agterna HM-kommentaar: Natuurlik bedoel Louis hier met "wetenskaplik" sy idee van wetenskaplik. Sy skynbare vrees dat lesers ander wetenskaplike opinies as syne (en die meerderheid wetenskaplikes s'n, maar nie almal s'n nie) te siene sal kry, wys na my mening op 'n indirekte erkenning dat hy dalk weet sy wetenskaplike "teorie" staan nie heeltemal so sterk nie. Verderaan sal gesien word hoe hy skeppingsleerbronne as "godsdienstige traktate" probeer afmaak, wat dit in meeste gevalle hoegenaamd nie is nie. Daar word ook verderaan gewys hoe hy wetenskaplike besware teen die evolusiehipotese probeer omseil of nooit beantwoord nie.}

---

### **Evolusioniste wil nie verstaan nie - 2011/02/28**

Daniël Michau skryf:

Louis, op my vraag wat stel jy dan voor het die opwaartse verandering natuurlik laat gebeur, antwoord jy: "Baie dinge. Dinge soos puntmutasies en genetiese drif. Dit hoef ook nie opwaarts te wees nie. Net anders."

Nee Louis, "anders" help nie op die lang duur nie. "Opwaarts" is nodig, anders kon die mens nooit deur natuurlike prosesse uit die eerste eensellige organisme ontwikkel het nie. Ontken jy dat die mens meer genetiese inligting bevat as 'n eensellige organisme? Glo evolusioniste nie dat die mens die uiteindelijke produk is van 'n natuurlike proses wat begin het by 'n eensellige organisme nie? Verstaan jy regtig nie hierdie probleem waarmee jou evolusiehipotese sit nie Louis?

Selfs puntmutasies is oorweldigend so negatief dat dit geensins as argument kan dien om vermeerdering in genetiese inligting, veral nie op die lang termyn, te verduidelik nie. Genetiese drif verminder genetiese variasie en werk dus in die teenoorgestelde rigting as wat evolusie eintlik moet kan doen. Het jy nog voorstelle Louis?

Daniël Michau

---

### **Skeppingsleerders - 2011/02/28**

Louis skryf:

Louis van Ryneveld, ek weet, daarom verstaan ek nie die "skeppingsleerders" nie. Verreweg alle Christene glo dat God die mens geskep het deur evolusie. Die oorweldigende meerderheid Christene glo dit so. Hoekom word 'n paar skeppingsleerders soveel tyd gegun, vernaamlik as hulle geen bewyse (evidence) het nie?

Louis

{Agterna HM-kommentaar: Heelwat bewysstukke vir skeppingsleer en teen evolusie word verderaan in hierdie debat gegee. Natuurlik probeer Louis meeste afskiet, maar hoe oortuigend sy pogings is, moet lesers maar self beoordeel.}

---

### **Daniël Michau se antwoord - 2011/03/01**

Louis skryf:

Daniël Michau: "Louis, op my vraag wat stel jy dan voor het die opwaartse verandering natuurlik laat gebeur, antwoord jy: "

Baie dinge. Dinge soos puntmutasies en genetiese drif. Dit hoef ook nie opwaarts te wees nie. Net anders.

Daniël Michau: "Nee Louis, "anders" help nie op die lang duur nie."

Hoe kan jy so sê? Is die mens se genetiese "inligting" opwaarts van die van ape?

Daniël Michau: " "Opwaarts" is nodig, anders kon die mens nooit deur natuurlike prosesse uit die eerste eensellige organisme ontwikkel het nie."

Nee, dis nie opwaarts nie. Eensellige organisms het net "anderste" inligting as ons. Nie "meer" of "minder" nie. Net anders.

Daniël Michau: "Ontken jy dat die mens meer genetiese inligting bevat as 'n eensellige organisme?"

Aangesien jy nie wil aandui hoe jy die hoeveelheid genetiese "inligting" in 'n eensellige organisme 'n waarde kan of wil gee nie, kan jy ook nie sê of ander organisms "meer" of "minder" genetiese "inligting" het nie. Hoeveel genetiese "inligting" het 'n eensellige organisme, Daniël? Onthou, daar is miljoene spesies van eensellige organismes. Sommige het soveel "inligting" dat hulle kolonies kan vorm (spesialiseer). Het hierdie spesialiste-selle meer of minder inligting as die wat kan oorleef sonder kolonies?

Daniël Michau: "Glo evolusioniste nie dat die mens die uiteindelijke produk is van 'n natuurlike proses wat begin het by 'n eensellige organisme nie?"

Nee, "evolusioniste" glo dit nie. Die verifieerbare bewyse (evidence) toon aan dat dit so gebeur het.

Daniël Michau: "Verstaan jy regtig nie hierdie probleem waarmee jou evolusiehipotese sit nie Louis?"

Vir my is dit altyd snaaks dat mense wat nie eens weet wat die Teorie van Evolusie sê nie altyd beweer dat daar so baie probleme is, terwyl 99.95% van alle regte Bioloë meen dat daar nie probleme is nie.

{Agterna HM-kommentaar: Nogal 99.95% -- ek wonder hoe Louis dit bepaal het – met die wetenskaplike metode? Talle aanhalings van evolusioniste self wat probleme in hul “teorie” uitwys, word in hierdie debat gegee. Louis se beste verweer daarteen is dat dit glo “quote-mines” is.}

Daniël Michau: "Selfs puntmutasies is oorweldigend so negatief dat dit geensins as argument kan dien om vermeerdering in genetiese inligting,....."

Onwaar.

Daniël Michau: "... veral nie op die lang termyn, te verduidelik nie."

O ja, dit kan. Deur natuurlike seleksie.

Daniël Michau: "Genetiese drif verminder genetiese variasie....."

Onwaar.

Daniël Michau: "... en werk dus in die teenoorgestelde rigting as wat evolusie eintlik moet kan doen."

Onwaar, want die eerste deel van jou sin was onwaar.

{Agterna HM-kommentaar: Hierdie “Onwaar”-verklarings van Louis word selfs deur evolusionistiese bronne weerspreek, soos aangedui in die volgende skrywe van Daniël Michau. Daniël se stellings hierbo was dus geensins onwaar nie.}

Daniël Michau: "Het jy nog voorstelle Louis?"

Ja, ek stel voor dat jy 'n goeie wetenskaplike artikel oor mutasies gaan lees (nie kreasioniste se onwaarhede nie) voordat jy jou oningeligtheid oor die onderwerp so ten toon stel.

Louis

-----

### **Genetiese inligting - 2011/03/02**

Daniël Michau skryf:

Louis se laaste antwoorde aan my demonstreer uitstekend hoe onlogies sommige evolusioniste redeneer. Byvoorbeeld, volgens hom het die mens nie meer genetiese inligting as 'n eensellige organisme nie, net "anderste" inligting. Hy baseer hierdie stelling van hom waarskynlik daarop dat die grootte van eensellige organismes se genoom kleiner of selfs baie groter as die menslike genoom kan wees. Sommige amoebas se genoom is byvoorbeeld ordes groter as dié van die mens.



Maar dit maak nie saak of die mens oorspronklik afstam van 'n eensellige organisme met minder of meer genetiese inligting nie, êrens in die veronderstelde natuurlike proses moes nuwe inligting bygekom het. Byvoorbeeld die genetiese inligting om al die menslike organe te maak, wat die eensellige organisme nie gehad het nie, was duidelik nuwe inligting.

As die evolusionis dink dat dit net gaan oor genetiese inligting wat deur mutasies verander het in nuwe inligting, verg dit verskriklik baie geloof – al ontken Louis dit hoe hewig. Die analogie daarvan is om te dink dat kopieerfoute (want dit is wat mutasies is) kan maak dat een storieboek (die eerste organisme ooit), ná miljoene kopieë van kopieë daarvan, uiteindelik 'n ander boek kan oplewer met 'n totaal nuwe sinvolle verhaal (die mens). Daar bestaan nie eers wetenskaplike getuienis dat enige één soort kan verander in 'n ander soort nie. Maar die evolusiehipotese wil hê dat daar natuurlike verandering deur duisende soorte van die eerste organisme tot by die mens moes gewees het!

Louis wil ook nie praat oor abiogenese nie (hy het dit vantevore laat blyk), maar daar is die probleem nog groter: Hoe het die eerste genetiese inligting uit dooie materie op 'n natuurlike wyse ontwikkel? Wie kan nie insien dat "creatio ex nihilo" die enigste sinvolle antwoord is nie? Die Grootste Bron van inligting het die eerste inligting vir alle soorte geskep!

My stelling dat genetiese dryf genetiese variasie verminder, beweer Louis is onwaar. Maar hier is enkele van talle evolusionistiese en ander webwerwe wat dit direk of indirek verklaar:

<http://evolution.berkeley.edu/evosite/evo101/IIID2Genesdrift.shtml>

<http://www.britannica.com/EBchecked/topic/228886/genetic-drift>

<http://www.biology.arizona.edu/evolution/act/drift/about.html>

[http://www.newworldencyclopedia.org/entry/Genetic\\_drift](http://www.newworldencyclopedia.org/entry/Genetic_drift)

Ek verwys almal wat hier lees ook graag na <http://creation.com/dawkins-and-the-origin-of-genetic-information> -- 'n uitstekende artikel wat die tersaaklike begrippe baie beter verduidelik as wat ek hier kon doen.

Daniël Michau

-----  
**@Louis & Louis - 2011/03/08**

Malherbe skryf:

Louis en Louis. Ek het bewondering vir jul uithou vermoë met mense soos ds Aggenbag. Ek wil egter voorstel dat julle die argument skuif na die kwessie van tyd of dan ouderdom. Ek verwys nou natuurlik na die ouderdom vd aarde en ons sonnestelsel. Die realiteit is dat hierdie mense onmoontlik evolusie kan verstaan indien hul glo in 'n tienduisend jaar oue aarde. Net so min as wat hul gravitasie sou kon verstaan indien hul in 'n plat aarde sou glo. Wonder of Doom Aggenbag se demone ook bestaan het te die dinousrusse de aarde bewandel het. Wat of wie het hulle toe ingevaar? Of is dit hoekom T-Rex so 'n kwaai kalant was?

Malherbe

-----

## **Demone, evolusie en tyd - 2011/03/10**

Daniël Michau skryf:

Tenminste een van die twee Louis'e is 'n selferkende Christen – dus waarskynlik 'n teïstiese evolusionis. Dit is nogal 'n interessante vraag wat Christen-evolusioniste van die bestaan van demone dink. Kan altwee Louis'e dalk hul opinies hieroor gee? Sekerlik glo tenminste een van hulle darem tot 'n mate in die Bybel?

Malherbe, jy's reg dat 'n paar duisend jaar oue aarde evolusie nie 'n kat se kans gee om ooit te kon gebeur het nie. Maar wat jy moontlik nie weet nie is dat 'n 4.6 miljard jaar oue aarde steeds ordes te min tyd bevat vir enigiets so ingewikkeld soos die eerste lewende sel om bloot toevallig te voorskyn te kon gekom het, of vir al die hipotetiese natuurlike stappies tot daar. Te min tyd is dus selfs vir evolusioniste met hul geloof in miljarde jare 'n wetenskaplike probleem. Abiogenese (die natuurlike ontstaan van lewe uit dooie materie), bly dus vir evolusie (in die wyer sin as bloot biologiese evolusie wat sy eie stel onoorkomelike wetenskaplike probleme het) 'n krities onoorkomelike probleem. Let weereens daarop dat evolusioniste, wat glo dat hulle met suiwer wetenskap doenig is, wetenskaplike getuienis vir hul bewerings moet verskaf – nie net spekulatiewe hipoteses nie. Evolusioniste mag sekerlik maar glo dat hulle eendag hierdie antwoorde gaan vind, maar dalk moet hulle intussen maar erken (soos sommige bekendes wel al gedoen het), dat hulle in baie opsigte besig is om hul geloof na te jaag, want die werklike getuienis bly ontwykend.

Te min tyd is maar een van talle redes waarom die Bybel hoegenaamd nie met die evolusiehipotese versoenbaar is nie. Ander gegewens is die verklaring dat alle soorte van die begin af (die mens ingesluit) geskep is, dat elke soort binne sy soort sou voortplant, en dat daar geen dood voor die mens se sondeval was nie. Selfs met 'n simboliese verstaan van Genesis se boodskappe (ek stel dit ter wille van dié teoloë wat dít wil aanhang), behoort hierdie Bybelse beginsels duidelik te wees.

Daniël Michau

-----

## **Dankie malherbe - 2011/03/24**

Louis skryf:

Na aanleiding van Malherbe se brief van 8 Maart 2011 net die volgende.

Dankie Malherbe. Ek weet dit is onmoontlik om sinvol met mense soos Ds. Aggenbag of Daniël Michau te redeneer, want hulle weet nie baie van die wetenskap nie. My doel is eintlik om normale Christene met bietjie kennis van albei te wys dat, anders as wat bostaande menere voorgee, daar absoluut geen konflik tussen die wetenskap en die Bybel is nie. Die twee vul mekaar wonderlik aan!

My groot vrees is dat jongmense sulke standpunte soos die van Ds. Aggenbag en Daniël Michau sal sien en dink dat alle Christene 'n klomp oningeligte, agterlike werklikheidsontkenners is.

{Agterna HM-kommentaar: Nee, ek dink Louis se groot vrees is dat sy evolusiehipotese al meer sal begin wankel, en hy en sy meerderheid wetenskaplikes verspot sal lyk.}

Die meeste van ons jongmense kry 'n redelik goeie onderwys en weet wat die werklikheid is. Die georganiseerde Christendom (kerke) sal nie oorleef met mense soos bogenoemde twee menere nie. Daar sal net fundamentaliste oor wees wat in geboue sal vasvlieg en dink hulle word so veskriklik onderdruk as hulle die kinders wil leer dat die aarde 'n paar duisend jaar oud is.

Louis

{Agterna HM-kommentaar: Let op Louis se beledigende, veralgemeende en onbillike kategorisering.}

---

### **Daniël Michau se brief oor genetiese inligting - 2011/03/24**

Louis skryf:

Na aanleiding van Daniël Michau se brief oor genetiese inligting van 2/3/2011 die volgende:

Daniël Michau: "Louis se laaste antwoorde aan my demonstreer uitstekend hoe onlogies sommige evolusioniste redeneer. Byvoorbeeld, volgens hom het die mens nie meer genetiese inligting as 'n eensellige organisme nie, net "anderste" inligting."

Dis glad nie onlogies nie. Voordat jy kan sê "meer" of "minder", moet jy darem kan sê "hoeveel presies". Sonder 'n getal kan jy nie eens die woorde "meer" of "minder" gebruik nie. Daniël, hoeveel genetiese "inligting" het 'n eukariotiese sell? Gee 'n getal voordat jy kan sê "meer" of "minder". Ek hoop jy weet dat jou liggaam bestaan uit 'n groot versameling eukariotiese selle? Dieselfde tipe selle wat een amoeba vorm, dieselfde tipe selle wat bymekaarkom en spesialiseer en 'n kolonie selle vorm wat ons 'n bloublasie noem en presies dieselfde tipe selle wat spesialiseer wat 'n organisme soos die jellievis is? Ek hoop jy weet dat elkeen van jou selle nie "meer" of "minder" inligting het as daardie ander selle nie, net anderste inligting?

{Agterna HM-kommentaar: Hierdie is 'n onsinnige vereiste. Om te weet dat een hoop sand aansienlik groter as 'n ander hoop sand is, hoef mens nie te weet hoeveel sandkorrels in elke hoop is nie. Dit kan nog duideliker gestel word: Om te weet dat twee hope sand meer sandkorrels as net een van die twee hope bevat, is regtig verskriklik basies. Dit lyk of Louis hier van die eintlike argument probeer wegstroom. Moontlik weet hy dat evolusioniste geen behoorlike antwoord het op die ontstaan en vermeerdering van genetiese inligting nie.}

Daniël Michau: "Hy baseer hierdie stelling van hom waarskynlik daarop dat die grootte van eensellige organismes se genoom kleiner of selfs baie groter as die menslike genoom kan wees."

Nee, dis jy wat beweer dat daar "meer" of "minder" inligting is. Nie ek nie. Jy beweer "meer" of "minder". Toon hoekom jy dit beweer.

{Agterna HM-kommentaar: Daniël Michau het dit twee sinne later aangetoon, en Louis haal dit hieronder self aan, maar hy verstaan klaarblyklik nie wat geskryf is nie.}

Daniël Michau: "Sommige amoebas se genoom is byvoorbeeld orders groter as dié van die mens."

Dui aan of die groter of kleiner genoom dan "meer" of "minder" inligting as die van 'n mens bevat. Gee getalle.

Daniël Michau: "Maar dit maak nie saak of die mens oorspronklik afstam van 'n eensellige organisme met minder of meer genetiese inligting nie, êrens in die veronderstelde natuurlike proses moes nuwe inligting bygekom het. Byvoorbeeld die genetiese inligting om al die menslike organe te maak, wat die eensellige organisme nie gehad het nie, was duidelik nuwe inligting."

Nuwe inligting is baie goed waargeneem in die DNS in verskeie organismes. Baie goed gedokumenteer in verskeie laboratoriums van verskeie wetenskaplike organisasies.

Daniël Michau: "As die evolusionis dink dat dit net gaan oor genetiese inligting wat deur mutasies verander het in nuwe inligting, verg dit verskriklik baie geloof – al ontken Louis dit hoe hewig."

Jy probeer om waargeneemde eksperimente te ontken. Ons het al verskeie kere nuwe inligting direk waargeneem. Jou ontkenning gaan nie feite verander nie.

Daniël Michau: "Die analogie daarvan is om te dink dat kopieerfoute (want dit is wat mutasies is) kan maak dat een storieboek (die eerste organisme ooit), ná miljoene kopieë van kopieë daarvan, uiteindelik 'n ander boek kan oplewer met 'n totaal nuwe sinvolle verhaal (die mens)."

Miskien moet u begin bybly by navorsing. Geen duplikasie is net 'n "kopieringsfout" nie.

Daniël Michau: "Daar bestaan nie eers wetenskaplike getuienis dat enige één soort kan verander in 'n ander soort nie."

Dis omdat die word "soort" nie in die wetenskap gebruik word nie. Ons het egter honderde voorbeelde waar een spesie verander na 'n ander spesie toe.

Daniël Michau: "Maar die evolusiehipotese wil hê dat daar natuurlike verandering deur duisende soorte van die eerste organisme tot by die mens moes gewees het!"

Daniël, hou op om onwaarhede te verkondig. Daar is die Teorie van Evolusie wat aantoon dat alle huidige lewe op aarde 'n gemeenskaplike voorouer het. Daar is geen wetenskaplike hipotese wat beweer wat jy sê nie.

{Agterna HM-kommentaar: Vergelyk laasgenoemde stellings van Louis, waarin hy op die oog af ten sterkste ontken dat "daar natuurlike verandering deur duisende soorte van die eerste organisme tot by die mens moes gewees het", nou met sy antwoord vantevore op die vraag: "Glo evolusioniste nie dat die mens die uiteindelijke produk is van 'n natuurlike proses wat begin het by 'n eensellige organisme nie?" Hy het geantwoord: "Die verifieerbare bewyse (evidence) toon aan dat dit so gebeur het." Kyk hoe weerspreek hy homself weereens. As sy beswaar nou hier eintlik gaan oor die woord "hipotese", maak hy dit glad nie duidelik nie. Dan sou hy hom weer daaraan skuldig maak om

'n hele stelling te ontken, terwyl hy net met 'n gedeelte (in die geval net een woord: "hipotese") nie saamstem nie.}

Daniël Michau: "Louis wil ook nie praat oor abiogenese nie (hy het dit vantevore laat blyk),....."

Daniël, dis nie die waarheid nie. Ek het vantevore laat blyk dat abiogenese niks te doen het met die Teorie van Evolusie nie, omdat dit niks daarmee te doen het nie. Vir jou om voor te gee dat abiogenese enigiets te doen het met die Teorie van Evolusie is baie oneerlik.

{Agterna HM-kommentaar: Abiogenese word later taamlik goed bespreek en het beslis baie met evolusie te doene.}

Daniël Michau: ".. maar daar is die probleem nog groter: Hoe het die eerste genetiese inligting uit dooie materie op 'n natuurlike wyse ontwikkel?"

Kyk na die verskeie abiogenese hipoteses. Daar is baie. Ons bewysstukke (evidence) toon dat die oudste gesteentes geen lewe gehad het nie, daarna is daar bewysstukke vir lewenforme sonder selle, daarna is daar bewysstukke vir eenvoudige selle. Dis fossiele in klippe. Op een of ander manier het lewe ontstaan. Abiogenese probeer uitvind hoe. Hoe dit gebeur het sal glad nie die Teorie van Evolusie verander nie.

Daniël Michau: "Wie kan nie insien dat "creatio ex nihilo" die enigste sinvolle antwoord is nie? Die Grootste Bron van inligting het die eerste inligting vir alle soorte geskep!"

Wat van Skepping deur abiogenese en die Evolusie daarna? Dis wat feitlik alle Christe-wetenskaplikes glo?

Daniël Michau: "My stelling dat genetiese dryf genetiese variasie verminder, beweer Louis is onwaar."

Ja, dis onwaar. Genetiese drif verander inligting. Dit kan nuwe funksies veroorsaak, dit kan ou funksies wegvat en dit kan veroorsaak dat die funksies dieselfde bly. Almal is al baie keer gesien in die laboratorium.

Daniël Michau: "Maar hier is enkele van talle evolutionistiese en ander webwerwe wat dit direk of indirek verklaar:

<http://evolution.berkeley.edu/evosite/evo101/IIID2Genesdrift.shtml>;

<http://www.britannica.com/EBchecked/topic/228886/genetic-drift>;

<http://www.biology.arizona.edu/evolution/act/drift/about.html>;

[http://www.newworldencyclopedia.org/entry/Genetic\\_drift](http://www.newworldencyclopedia.org/entry/Genetic_drift)"

So, al jou bronne toon verandering in genetiese inligting. Dis evolusie.

{Agterna HM-kommentaar: Kyk hoe Louis die belangrike stelling vermy dat genetiese dryf genetiese variasie VERMINDER – hy bly hier net praat van VERANDERING in genetiese inligting. Hy probeer dus die eintlike saak ontduik.}

Daniël Michau: Ek verwys almal wat hier lees ook graag na <http://creation.com/dawkins-and-the-origin-of-genetic-information> -- 'n uitstekende artikel wat die tersaaklike begrippe baie beter verduidelik as wat ek hier kon doen."

Nee dankie, ek kyk eerder na wetenskaplike navorsing. Dis oneerlik van "Creation ministries" om pseudowetenskap te doen en om voor te gee dat hulle wetenskap doen. Verder kan ek 'n klomp leuens op daar daardie webblad uitwys as jy belangstel.

Louis

{Agterna HM-kommentaar: Louis het lateraan 'n leuen op [www.creation.com](http://www.creation.com) probeer uitwys, maar dit was heel verspot – kyk verderaan.}

---

### **Louis en genetiese inligting - 2011/03/24**

(Om een of ander rede wou Kerkbode-aanlyn hierdie brief nie plaas nie, selfs na herhaalde versoeke)

Daniël Michau skryf:

Ek verwys na Louis se brief oor genetiese inligting van 2011/03/24. My nuwe kommentare op wat hy skryf dui ek hieronder met DM: aan. Die groot nut van hierdie skrywes met Louis vir my is dat dit my leer om my bewoording beter te kies. Ek hoop Louis lees onderstaande noukeurig genoeg dat hy kan agterkom waarom die argumente eintlik gaan.

DM: As Louis my antwoord verder gelees het voor hy sy vrae oor meer en minder inligting begin vra het, sou hy gesien het dat ek die argument verander het na bykomende "nuwe inligting". My volgende sin wat hy aanhaal, spel dit presies uit.

Daniël Michau: "Maar dit maak nie saak of die mens oorspronklik afstam van 'n eensellige organisme met minder of meer genetiese inligting nie, êrens in die veronderstelde natuurlike proses moes nuwe inligting bygekom het. Byvoorbeeld die genetiese inligting om al die menslike organe te maak, wat die eensellige organisme nie gehad het nie, was duidelik nuwe inligting."

Louis: Nuwe inligting is baie goed waargeneem in die DNS in verskeie organismes. Baie goed gedokumenteer in verskeie laboratoriums van verskeie wetenskaplike organisasies.

DM: Die kwessie is nie of nuwe inligting as sulks in verskillende organismes waargeneem word nie – dit sou niemand verbaas nie. Verskillende organismes word bepaal deur hul genetiese inligting wat verskil. Die kwessie is of die natuurlike BYVOEGING van nuwe genetiese inligting waargeneem word.

Daniël Michau: "As die evolusionis dink dat dit net gaan oor genetiese inligting wat deur mutasies verander het in nuwe inligting, verg dit verskriklik baie geloof – al ontken Louis dit hoe hewig."

Louis: Jy probeer om waargeneemde eksperimente te ontken. Ons het al verskeie kere nuwe inligting direk waargeneem. Jou ontkenning gaan nie feite verander nie.

DM: Weereens moet die natuurlike byvoeging waargeneem word, nie eenvoudig die bestaan daarvan nie. Die vraag is nie of dit bestaan nie, maar hoe dit daar gekom het.

{Agterna HM-kommentaar: Dit is maklik om te verstaan hoekom evolusioniste dink dat nuwe genetiese inligting op natuurlike wyse bygekom het van een organisme na die volgende organisme indien hulle reeds glo dat die tweede organisme natuurlik ontwikkel (geëvolueer) het uit die eerste organisme. Maar dis geen goeie getuienis vir die natuurlike ontwikkeling van nuwe genetiese inligting nie, TENSY hul aanname van natuurlike ontwikkeling van die eerste na die tweede organisme waar is. Omdat laasgenoemde geen behoorlike wetenskaplike bewysstukke het nie, bly die ontwikkeling van nuwe genetiese inligting 'n massiewe probleem vir die evolusiehipotese.}

Daniël Michau: "Die analogie daarvan is om te dink dat kopieerfoute (want dit is wat mutasies is) kan maak dat een storieboek (die eerste organisme ooit), ná miljoene kopieë van kopieë daarvan, uiteindelik 'n ander boek kan oplewer met 'n totaal nuwe sinvolle verhaal (die mens)."

Louis: Miskien moet u begin bybly by navorsing. Geen duplikasie is net 'n "kopieringsfout" nie.

DM: Duplikasie is nie die byvoeging van nuwe genetiese inligting nie. 'n Tweede kopie van 'n boek in 'n biblioteek verskaf nie nuwe inligting in die biblioteek nie. In elk geval nie nuwe unieke inligting soos ter sprake is by die byvoeging van nuwe funksies nie.

Daniël Michau: "Daar bestaan nie eers wetenskaplike getuienis dat enige één soort kan verander in 'n ander soort nie."

Louis: Dis omdat die woord "soort" nie in die wetenskap gebruik word nie. Ons het egter honderde voorbeelde waar een spesie verander na 'n ander spesie toe.

DM: As Louis nie die begrip wat ek probeer oordra kan snap nie, sal dit hom dalk help om "soort" met "genus" te vervang. Ek betwyfel nie dat een spesie in 'n ander kan verander nie. Evolusioniste moet egter kan aantoon dat 'n spesie uit een genus kan verander in 'n spesie van 'n ander genus. Dit is die kruks van hierdie argument.

Daniël Michau: "Maar die evolusiehipotese wil hê dat daar natuurlike verandering deur duisende soorte van die eerste organisme tot by die mens moes gewees het!"

Louis: Daniël, hou op om onwaarhede te verkondig. Daar is die Teorie van Evolusie wat aantoon dat alle huidige lewe op aarde 'n gemeenskaplike voorouer het. Daar is geen wetenskaplike hipotese wat beweer wat jy sê nie.

DM: Louis dink blykbaar dis 'n leuen om evolusie 'n hipotese te noem in plaas van 'n teorie. Watter wetenskaplike getuienis kan Louis noem wat aantoon dat alle lewe op aarde 'n gemeenskaplike voorouer het? Een of twee van die bestes waarvan hy weet sal gaaf wees.

Daniël Michau: "Louis wil ook nie praat oor abiogenese nie (hy het dit vantevore laat blyk),....."

Louis: Daniël, dis nie die waarheid nie. Ek het vantevore laat blyk dat abiogenese niks te doen het met die Teorie van Evolusie nie, omdat dit niks daarmee te doen het nie. Vir jou om voor te gee dat abiogenese enigiets te doen het met die Teorie van Evolusie is baie oneerlik.

DM: Soos reeds voorheen genoem, word die Miller-Urey-eksperiment wat probeer aantoon het dat lewe uit dooie materie moontlik is, as getuienis vir evolusie in biologiese handboeke genoem. Wie is dus oneerlik, of is die skrywers van biologiehandboeke eintlik net swakker as Louis ingelig? Die Miller-Urey-eksperiment is een van die 10 gewildste ikone vir evolusie in biologiehandboeke in die VSA.

Daniël Michau: ".. maar daar is die probleem nog groter: Hoe het die eerste genetiese inligting uit dooie materie op 'n natuurlike wyse ontwikkel?"

Louis: Kyk na die verskeie abiogenese hipoteses. Daar is baie. Ons bewysstukke (evidence) toon dat die oudste gesteentes geen lewe gehad het nie, daarna is daar bewysstukke vir lewenforme sonder selle, daarna is daar bewysstukke vir eenvoudige selle. Dis fossiele in klippe. Op een of ander manier het lewe ontstaan. Abiogenese probeer uitvind hoe. Hoe dit gebeur het sal glad nie die Teorie van Evolusie verander nie.

DM: Ek is dankbaar dat Louis erken dat abiogenese slegs hipoteties is. Ek stem saam.

Daniël Michau: "Wie kan nie insien dat "creatio ex nihilo" die enigste sinvolle antwoord is nie? Die Grootste Bron van inligting het die eerste inligting vir alle soorte geskep!"

Louis: Wat van Skepping deur abiogenese en die Evolusie daarna? Dis wat feitlik alle Christe-wetenskaplikes glo?

DM: Ek is nog dankbaarder dat Louis die moontlikheid toelaat dat God die Skepper die eerste lewe geskep het. Teïstiese evolusie is duidelik teenstrydig met gegewens in die Bybel. As Louis wil weet hoekom, sal ek 'n hele paar redes vir hom lys. Die volgende probleem is dat talle ernstige wetenskaplike besware teen die evolusiehipotese bestaan. Ook daarvan kan ek 'n hele paar lys.

Daniël Michau: "My stelling dat genetiese dryf genetiese variasie verminder, beweer Louis is onwaar."

Louis: Ja, dis onwaar. Genetiese drif verander inligting. Dit kan nuwe funksies veroorsaak, dit kan ou funksies wegvat en dit kan veroorsaak dat die funksies dieselfde bly. Almal is al baie keer gesien in die laboratorium.

DM: Ek het geen vraagteken oor die stelling dat genetiese drif funksies kan wegvat of dit onveranderd laat nie. Maar wel oor die stelling dat dit nuwe funksies byvoeg. Onderstaande aanhalings [uit evolusionistiese bronne] motiveer my stelling.

Daniël Michau: "Maar hier is enkele van talle evolusionistiese en ander webwerwe wat dit direk of indirek verklaar:

<http://evolution.berkeley.edu/evosite/evo101/IIID2Genesdrift.shtml>;

<http://www.britannica.com/EBchecked/topic/228886/genetic-drift>;



<http://www.biology.arizona.edu/evolution/act/drift/about.html>;  
[http://www.newworldencyclopedia.org/entry/Genetic\\_drift](http://www.newworldencyclopedia.org/entry/Genetic_drift)"

Louis: So, al jou bronne toon verandering in genetiese inligting. Dis evolusie.

DM: Weereens, as evolusie maar net gaan oor verandering sou niemand 'n probleem daarmee gehad het nie. Maar verandering wat nuwe genetiese inligting byvoeg, oftewel genetiese variasie vermeerder, of funksies byvoeg, is die groot en kritieke leemte in die evolusiehipotese.

Daniël Michau: "Ek verwys almal wat hier lees ook graag na <http://creation.com/dawkins-and-the-origin-of-genetic-information> -- 'n uitstekende artikel wat die tersaaklike begrippe baie beter verduidelik as wat ek hier kon doen."

Louis: Nee dankie, ek kyk eerder na wetenskaplike navorsing. Dis oneerlik van "Creation ministries" om pseudowetenskap te doen en om voor te gee dat hulle wetenskap doen. Verder kan ek 'n klomp leuens op daar daardie webblad uitwys as jy belangstel.

DM: Louis, ek stel voor dat jy maar net die leuens en sogenaamde pseudo-wetenskap uitwys in die tersaaklike artikel waarna ek verwys, maar wat jy skynbaar te skrikkerig is om te lees.

Daniël Michau

---

#### **Leesstof vir Daniel M oor abiogenese - 2011/03/25**

Louis van Ryneveld skryf:

Vriend Daniel Michau, al is jou skrywes anti-wetenskaplik en negatief, opper jy dikwels interessante onderwerpe, byvoorbeeld abiogenese, die oerontstaan van lewe uit nie-lewende materiaal. Daar is nou 'n besonder interessante stukkie nuus in die webwerf TalkOrigins. Klik "Browse," dan "Panda's Thumb": die eerste brokkie handel oor "Primordial Soup" en verdere verwickelinge na aanleiding van Miller se eksperimente insake hierdie sogenaamde "oersop" byna sestig jaar gelede. Nuwe metodes is nou aangewend en dit het verrassende nuwe inligting aan die lig gebring. Ek klink seker soos 'n advertensiemans as ek sê die vinnige vordering van die natuurwetenskap is werklik opwindend. Daarteenoor staan die aanhangers van skeppingsleer skoorvoetend en protesterend – nuwe kennis, nuwe inligting wil hulle tog net asseblief nie hê nie.

Louis van Ryneveld

{Agterna HM-kommentaar: Die probleem is geensins dat skeppingsleerders nie nuwe inligting of kennis wil hê nie – feitlik enige nuwe betekenisvolle ontdekking wat met oorsprong te doen het sal byvoorbeeld op [www.creation.com](http://www.creation.com) bespreek word. Die eintlike probleem is dat evolusioniste feitlik geen kritiek van hul "evolusieteorie" verdra nie, en hulle probeer dit met allerlei onsinnige argumente negeer, soos hierdie debat vol van is.}

---

#### **Abiogenese faal steeds - 2011/03/26**

Daniël Michau skryf:

Ek verwys na Louis van Ryneveld se "Leesstof vir Daniel M" van 2011/03/25.

In die Los Angeles Times van 26 Maart 2011 is soos volg berig oor die bevinding waarna Louis van Ryneveld verwys: "The study, published online Monday in the journal Proceedings of the National Academy of Sciences, sheds light on Miller's work — and shows how early-Earth volcanoes could have been a breeding ground for organic compounds."

Louis kom met sy foutiewe wensdenkery dat skeppingsleerders niks van sulke nuwe inligting wil weet nie. Maar kyk wat in die boek *Skepping & Evolusie – onversoenbaar!* in 2007 al oor hierdie saak van onder andere vulkane geskryf is:

"Holland en Abelson het in die 1960's 'n nuwe model vir die ontstaan van die primitiewe atmosfeer daargestel. Hulle het voorgestel dat dit deur die uitlating van vulkaniese gasse tot stand gekom het. Abelson het ook verklaar dat daar geen getuienis is vir die bestaan van metaan en ammoniak in die primitiewe atmosfeer nie – intendeel, heelwat argumente is juis daarteen. Met ander woorde, die Oparin-Haldane-atmosfeer was foutief en die Miller-Urey-eksperiment het baie min verband met die werklikheid. Die voorgestelde Holland-Abelson-atmosfeer het uit waterdamp ('n suurstof- en waterstofverbinding), koolstofdiksied ('n koolstof- en suurstofverbinding), stikstofgas en waterstofgas bestaan. Fox en Dose het egter in 1977 gerapporteer dat geen aminosure tot stand gekom het deur hierdie atmosfeer te ontsteek nie. In 1983 het Stanley Miller 'n gasmengsel van onder andere koolstofmonoksied, koolstofdiksied en waterstofgas ontsteek, maar met baie onvoldoende resultate. Die gevolgtrekking was duidelik: as die Miller-Urey-eksperiment onder realistiese atmosfeertoestande herhaal word, selfs volgens die veranderende, nuutste evolusionistiese modelle, werk dit nie – dit genereer nie in hoeveelheid of tipes genoegsaam boublokke vir lewe nie."

Die ander Louis, wat 'n wetenskaplike is, se opmerking dat abiogenese net uit hipoteses bestaan (met ander woorde daar is onvoldoende getuienis), moet sy naamgenoot dalk maar weer kennis van neem. Louis behoort baie goed te weet dat geen van hierdie eksperimente enige lewende sel of selfs proteïene tot stand gebring het nie.

Wetenskaplike Louis se voorstel dat God as Skepper die beste moontlike verklaring vir die eerste lewe is, glo ek is die enigste sinvolle verklaring.

Daniël Michau

-----  
**My antwoord aan Daniël Michau se brief van 10/03/2011 - 2011/03/28**

Louis skryf:

My antwoord aan Daniël Michau se brief van 10/03/2011.

Daniël Michau: "Tenminste een van die twee Louis'e is 'n selferkende Christen – dus waarskynlik 'n teïstiese evolusionis. Dit is nogal 'n interessante vraag wat Christen-

evolusioniste van die bestaan van demone dink. Kan altwee Louis'e dalk hul opinies hieroor gee? Sekerlik glo tenminste een van hulle darem tot 'n mate in die Bybel?"

Maklike vraag. Daar is geen verifieerbare bewysstukke dat demone wat deur mense kan uitdryf kan word bestaan nie. Jy moet weet dat die Bybel geskryf is in pre-wetenskaplike tye en dat groot dele daarvan nie letterlik gelees kan word nie.

{Agterna HM-kommentaar: Geloof aan evolusie gaan heel dikwels hand aan hand met 'n lae dunk van die Bybel. Dit is te verstane want die Bybel weerspreek evolusie op vele terreine.}

Daniël Michau: "Malherbe, jy's reg dat 'n paar duisend jaar oue aarde evolusie nie 'n kat se kans gee om ooit te kon gebeur het nie."

Is dit nou so? Kan jy die berekening toon en dit vir ons wys voor jy so 'n stelling maak? Ons bewysstukke toon dat daar wel genoeg kans was. Kom ons gee maar die tydlyn uit fossiele. Ons eerste duidelike, fisiese bewysstukke van sellulêre organismes wat enigiemand kan bestudeer dui op prokariotiese eensellige organismes so 3.8 miljard jaar oud, 3 miljard jaar van fotosintese, 2 miljard jaar van komplekse selle (eukariote), 1 miljard jaar van multisellulêre lewe, 600 miljoen jaar van eenvoudige organismes, 570 miljoen jaar van geledpotiges, 550 miljoen jaar van komplekse organismes, 500 miljoen jaar van visse en proto-amfibiërs, 475 miljoen jaar van landplante, 400 miljoen jaar van insekte en sade, 360 miljoen jaar van amfibiërs, 300 miljoen jaar van reptiele, 200 miljoen jaar van soogdiere, 150 miljoen jaar van voëls, 130 miljoen jaar terug van blomplante, 65 miljoen jaar sedert die dinosaurusse uitgesterf het (dis die nie-voëls), 2.5 miljoen jaar sedert die begin van die Genus Homo, 200 000 jare sedert die mens begin lyk het soos ons nou lyk, 25 000 jaar sedert die Neandertalle uitgesterf het. Ook, hoe nader jy aan moderne tye kom, hoe nader lyk die fossiele aan moderne organismes! Het jy enige fisiese bewysstukke dat dit verkeerd is? Het jy enige bewysstukke dat "die tyd te min was", aangesien die verifieerbare bewysstukke toon dat dit wel so gebeur het? Toon die berekening.

{Agterna HM-kommentaar: Lateraan word aangetoon waarom hierdie miljoene en miljarde jare van Louis geen goeie wetenskaplike gronde het nie. Maar selfs al sou die tydperke waar wees, is daar nogtans heelwat bykomende wetenskaplike inligting wat die evolusionistiese verklaring van die fossielrekord tot niet maak. Daar bestaan duisende fossiele wat "uit plek uit" gevind is – kyk byvoorbeeld <http://creation.com/fossils-wrong-place> en <http://creation.com/the-fossil-record>. Selfs die evolusionistiese bron *Mammals from the Age of Dinosaurs: Origins, Evolution, and Structure*, Columbia University Press, 2004, verklaar dat paleontoloë 432 soogdierspesies in die sogenaamde dinosourusrotslae gekry het – omtrent net soveel as die dinosourusspesies [Creation 33:2, bl. 20-23]. Ondertoe word aangetoon dat "voëlagtiges" al 55 miljoen jaar voor Louis se genoemde 150 miljoen jaar gelede vir voëls, volgens die nuutste evolusionistiese bevindings verskyn het. Die volgorde van fossiele weerspreek dus die evolusionistiese verwagting op te veel plekke om die evolusionistiese verklaring geloofwaardig te maak. Die sogenaamde oorgangstappe van soort na soort (of genus na genus) is op alle vlakke heeltemal onvoldoende om die natuurlike ontwikkelingsproses wat evolusie vereis, eenduidig af te lei. Dit word verderaan weer bespreek.}

Daniël Michau: "Maar wat jy moontlik nie weet nie is dat 'n 4.6 miljard jaar oue aarde steeds ordes te min tyd bevat vir enigiets so ingewikkeld soos die eerste lewende sel om bloot toevallig te voorskyn te kon gekom het, of vir al die hipotetiese natuurlike stappies tot daar."

Hoekom? Wat ons weet is dat daai fossiele bestudeer kan word en evolusie duidelik daarin wys. Die fisiese bewysstukke toon dat dit is hoe dit gebeur het. Dus, glad nie onmoontlik nie, want dis hoe dit gebeur het. Terselfdetyd, natuurlike seleksie is die teenoorgestelde van "toevallig". Natuurlike seleksie veroorsaak dat geen organisme "toevallig" ontwikkel nie.

Daniël Michau: "Te min tyd is dus selfs vir evolusioniste met hul geloof in miljarde jare 'n wetenskaplike probleem."

Hoe kan fisiese bewysstukke 'n probleem wees? Duidelik het dit so gebeur, ons sien dit in fisiese bewysstukke. Verwar jy nie dalk godsdiens en wetenskap nie?

Daniël Michau: "Abiogenese (die natuurlike ontstaan van lewe uit dooie materie), bly dus vir evolusie (in die wyer sin as bloot biologiese evolusie wat sy eie stel onoorkomelike wetenskaplike probleme het) 'n krities onoorkomelike probleem."

Glad nie. Abiogenese het niks met "evolusie" te doen nie. Hou asseblief op om die twee te verwar. Jou aandrag dat abiogenese en evolusie dieselfde ding is, dui net daarop dat jy 'n onoorkombare leerprobleem het. Ander mense kan onderskei tussen die twee.

{Agterna HM-kommentaar: Wat dink Louis maak die woord "evolusie" in die wetenskaplike term "chemiese evolusie", wat maar net ander woorde is om abiogenese te beskryf? [Byvoorbeeld in die boek *Origins of Life*, deur die evolusionis dr. Jim Brooks]}

Daniël Michau: "Let weereens daarop dat evolusioniste, wat glo dat hulle met suiwer wetenskap doenig is, wetenskaplike getuienis vir hul bewerings moet verskaf – nie net spekulatiewe hipoteses nie."

Is jy een van daardie mense wat beweer dat alle wetenskaplikes organisasie in die wêreld, asook alle universiteite nie weet wat wetenskap is nie? Beweer jy dat net jy weet wat wetenskap is, maar daardie miljoene wetenskaplikes weet nie wat dit is nie? Ons het meer as fossiele, weet jy dit? Weet jy van DNS? Beide lei tot presies dieselfde gevolgtrekking. Dan is daar ook honderde ander bewysstukke waarvan jy nie eens sal weet nie, want jy is nie 'n Natuurwetenskaplike nie. Niks spekulatief aan die feit dat evolusie gebeur nie. Dis net feite. Die feit dat mense soos jy net die getuienis wil ignoreer, gaan nie die feite verander nie.

{Agterna HM-kommentaar: Louis maak hier 'n paar wilde, ongegronde stellings, soos byvoorbeeld dat skeppingsleerders getuienis net ignoreer. Die skeppingsleerwebwerf [www.creation.com](http://www.creation.com), wat hy weier om te besoek, en ander naartiglik afraai om te besoek, bevat omtrent elke belangrike evolusionistiese "bevinding" en 'n bespreking of meer daarvan. Louis se "mense soos jy net die getuienis wil ignoreer" is dus onsin.}

Daniël Michau: "Evolusioniste mag sekerlik maar glo dat hulle eendag hierdie antwoorde gaan vind, maar dalk moet hulle intussen maar erken (soos sommige bekendes wel al gedoen het), dat hulle in baie opsigte besig is om hul geloof na te jaag, want die werklike getuienis bly ontwykend."

Dit maak nie saak hoeveel keer jy nie die waarheid vertel nie, dit bly steeds nie waar nie.

Daniël Michau: "Te min tyd is maar een van talle redes waarom die Bybel hoegenaamd nie met die evolusiehipotese versoenbaar is nie."

Miskien weet jy nie genoeg van wetenskap nie. Miskien weet jy nie genoeg van wat 'n wetenskaplike teorie is nie. Miskien weet jy nie genoeg van al die berge fisiese bewysstukke nie. Die feit bly staan, dit maak nie saak hoeveel keer jy dit herhaal nie, onwaarhede verander nooit in waarheid nie.

Daniël Michau: "Ander gegewens is die verklaring dat alle soorte van die begin af (die mens ingesluit) geskep is,....."

Definieer soort, voordat so 'n stelling gemaak kan word. Daar is nie "soorte" in die wetenskap nie.

Daniël Michau: "dat elke soort binne sy soort sou voortplant, en dat daar geen dood voor die mens se sondeval was nie."

Enige bewysstukke dat daar nie dood voor die sondeval was nie? Die fisiese bewysstukke toon dat alle tipes lewens op aarde nog altyd doodgegaan het. 'n Belangrike gevolg van die teorie van evolusie is dat elke organisme altyd binne sy eie kladistiese groepering sal voorplant. 'n Kat sal byvoorbeeld nooit geboorte kan skenk aan 'n hond nie en 'n kat sal ook nooit in 'n hond kan verander nie. Verder, daar bestaan ook nie iets soos "soort" in die wetenskap nie.

Daniël Michau: "Selfs met 'n simboliese verstaan van Genesis se boodskappe (ek stel dit ter wille van dié teoloë wat dít wil aanhang), behoort hierdie Bybelse beginsels duidelik te wees."

Die oorweldigende meerderheid Christen-wetenskaplikes het die teorie van evolusie aanvaar. Nes hulle die gravitasieteorie aanvaar het. Nes hulle die atoomteorie aanvaar het. Nes hulle die kiemteorie aanvaar het. Jy sal die feite nooit kan verander nie, al probeer jy ook hoe graag. Noem jy gravitasie, atome en kieme ook gelowe?

Louis

---

### **Antwoord op Daniël Michau se brief: Abiogenese faal steeds - 2011/03/28**

Louis skryf:

Ek verwys na Daniël Michau se brief van 2011/03/26

Daniël Michau: "Louis kom met sy foutiewe wensdenkery dat skeppingsleerders niks van sulke nuwe inligting wil weet nie. Maar kyk wat in die boek *Skepping & Evolusie – onversoenbaar! ...*"

Wie op aarde het hierdie boek geskryf en wat het evolusie te doen met abiogenese? Duidelik het hulle nie 'n idee wat een van die twee is nie.

{Agterna HM-kommentaar: Heelwat later, toe Louis agtergekom het abiogenese kom wel in biologiehandboeke (geskryf deur evolusioniste) voor, het hy 'n rede bedink hoekom dit daar behoort

te wees (kyk sy brief van 2011/05/09 waarin hy skryf: "Baie eksperimente is en word uitgevoer om te probeer uitvind hoe lewe ontstaan het. Elke Biologie-handboek sal 'n hoofstuk hê oor hoe lewe ontstaan het (abiogenese).") Dit maak hierdie tirades van hom oor evolusie wat glo niks met abiogenese te doen het nie, taamlik verspot. Hy het toe nog steeds beweer dat abiogenese niks met evolusie te doene het nie, maar die Lewenswetenskappehandboek waarna hyself verwys (die enigste wat hy nagegaan het van verskeie biologiehandboeke waarna hy verwys is), bespreek die oorsprong van lewe (abiogenese) as die eerste punt onder die hoofstuk oor evolusie! Dus geen aparte hoofstuk soos hy beweer nie. Sy gebrekkige kennis oor wat in die gewildste VSA-biologiehandboeke staan, het gelei tot die vraag of hy regtig 'n bioloog is (2011/04/13 "Aa – darem nuwe bewerings"). Uit al sy skrywes as "regte natuurwetenskaplike" moes mens aflei dat hy tenminste 'n nagraadse kwalifikasie in biologie het, maar die vraag of hy het, het hy nooit beantwoord nie.}

Daniël Michau: "..... in 2007 al oor hierdie saak van onder andere vulkane geskryf is: "Holland en Abelson het in die 1960's 'n nuwe model vir die ontstaan van die primitiewe atmosfeer daargestel. Hulle het voorgestel dat dit deur die uitlating van vulkaniese gasse tot stand gekom het. Abelson het ook verklaar dat daar geen getuienis is vir die bestaan van metaan en ammoniak in die primitiewe atmosfeer nie – intendeel, heelwat argumente is juis daarteen. Met ander woorde, die Oparin- boublokke vir lewe nie....."

Wie het dit geskryf? Enigiemand kan enigiets skryf. Tussen 1960 en nou het ons reeds die natuurlike boublokke vir lewe gekry - tot in die ruimte.

Daniël Michau: "Die ander Louis, wat 'n wetenskaplike is, se opmerking dat abiogenese net uit hipoteses bestaan (met ander woorde daar is onvoldoende getuienis), moet sy naamgenoot dalk maar weer kennis van neem."

Moet asseblief nie my woorde verdraai nie. Abiogenese is nie 'n hipotese nie, dis 'n feit. Hoe abiogenese plaasgevind het, is die hipotese. Daar bestaan baie hipoteses oor die hoe.

{Agterna HM-kommentaar: Al rede hoekom Louis reken abiogenese is 'n feit, is dat dieper rotslae nie enige tekens van vroeër lewe toon nie, maar vlakker rotslae wel (kyk net hierná). Let daarop dat dit geen eenduidige bewysstuk vir abiogenese deur natuurlike prosesse is nie (en dus geen feit is nie), want dis tenminste net so goeie bewysstuk vir 'n Skepper en die Genesisvloed. Dat die "hoe" van abiogenese deur natuurlike prosesse slegs hipoteties is (soos Louis erken), maak die "of" van abiogenese deur natuurlike prosesse nog minder van 'n feit.}

In die eerste plek dit maak nie saak hoe abiogenese plaasgevind het nie, dit sal nie die teorie van evolusie enigsins verander nie. In die tweede plek, die bewysstukke dat abiogenese plaasgevind het is duidelik. Die oudste gesteentes (4.5 tot net onder 3.85 miljard jaar oud) het geen bewysstukke dat daar lewe was nie, gesteentes van 3.85 miljard jaar oud in Groenland dui op pre-sellulêre organiese materiaal verkry deur die C12 tot C13 verhouding, 3.8 miljard jaar oue gesteentes in SA en Australië bevat eenvoudige sellulêre prokariotiese fossiele, terwyl gesteentes van 3.2 jaar oud in SA, Australië en Groenland onweerlegbare fossiele van prokariotiese eensellige organismes bevat. Daar was dus abiogenese tussen 4.5 en 3.8 miljard jaar terug. Dis in die klippe vasgevang. Dit het gebeur. Maak nie saak hoe enige kreasioniste die bewysstukke wil ignoreer nie.

Daniël Michau: "Louis behoort baie goed te weet dat geen van hierdie eksperimente enige lewende sel of selfs proteïen tot stand gebring het nie."

Ons bewysstukke toon dat dit wel gebeur het. Goeie vordering word gemaak om uit te vind hoe, soos Craig Venter se eksperimente, waar ons nou al weet hoe om DNS te maak uit natuurlik-vormende molekules en oor te plant in 'n ander sel en die sel lewe. Die eksperimente vir volledige selvorming vorder ook baie fluks.

Daniël Michau: "Wetenskaplike Louis se voorstel dat God as Skepper die beste moontlike verklaring vir die eerste lewe is, glo ek is die enigste sinvolle verklaring."

Ek weet nie na watter Louis jy hier verwys nie, maar ek het nooit so iets voorgestel nie. Die antwoord is maklik vir my. Dat abiogenese plaasgevind het, is onweerlegbaar vasgevang in gesteentes. Dis nie 'n geloof nie. Dis 'n feit. Die geloofdeel is dat God die eerste lewe gemaak deur abiogenese. Ons wil nou uitvind hoe dit gedoen is.

{Agterna HM-kommentaar: Louis (die einste) het op 2011/04/23 in "Daniël Michau se brief oor genetiese inligting" geskryf: "Wat van Skepping deur abiogenese en die Evolusie daarna? Dis wat feitlik alle Christe-wetenskaplikes glo?" As hy beswaar maak teen die "beste moontlike verklaring" kan mens dit verstaan, maar om te sê hy het nooit so iets voorgestel nie, is regtig vreemd.}

Weereens, hoe die eerste lewe gevorm het gaan geensins die teorie van evolusie op enige manier verander nie.

Louis

---

### **Louis raai verkeerd - 2011/03/28**

(Om een of ander rede wou Kerkbode-aanlyn hierdie brief nie plaas nie)

Daniël Michau skryf:

Louis beweer gereeld dat ek nie 'n wetenskaplike is nie. Ek wou dit maar net ignoreer, maar terwyl hy so aanhou daarmee, moet ek maar nou vir hom sê dat ek wel onder andere in die natuurwetenskappe 'n B.Sc.-graad het. Hy sal dit nie kan nagaan nie, want ek skryf hier onder 'n skuilnaam. Op dieselfde manier kan ek nie sy agtergrond nagaan nie, want hy het by 'n vorige geleentheid al geweier om enigiets meer as net sy voornaam bekend te maak.

So Louis, ek stel voor dat jy maar die foutiewe raaiskote en beledigings laat vaar en probeer hou by die argumente self. As my antwoorde nie weer geblokkeer word soos by vorige geleenthede nie, sal ek jou lang vorige brief met graagte beantwoord.

Ek hoop om die webbestuurder van [www.glodiebybel.co.za](http://www.glodiebybel.co.za) te kry om die volledige debat daar te plaas. Selektiewe plasings soos hier [op Kerkbode-aanlyn] gee maar net eenvoudig 'n skeefgetrekte prent.

Daniël Michau

---

## Antwoord op Louis se abiogenese - 2011/03/28

(Om een of ander rede wou Kerkbode-aanlyn hierdie brief ook nie plaas nie)

Daniël Michau skryf:

Ek verwys na Louis se brief van 2011/03/28. My nuutste antwoorde is met DM: aangedui.

Louis: Ek verwys na Daniël Michau se brief van 2011/03/26.

Daniël Michau: "Louis kom met sy foutiewe wensdenkery dat skeppingsleerders niks van sulke nuwe inligting wil weet nie. Maar kyk wat in die boek *Skepping & Evolusie - onversoenbaar! ...*"

Louis: Wie op aarde het hierdie boek geskryf en wat het evolusie te doen met abiogenese? Duidelik het hulle nie 'n idee wat een van die twee is nie.

DM: Louis bly die gegewe ignoreer dat die (mislukte) Miller-Urey-eksperimente in biologiehandboeke deur evolusioniste voorgedou word ter bevordering van evolusie. Dr. Hennie Mouton, 'n ingenieur en wetenskaplike (aparte kwalifikasies) het *Skepping & Evolusie - onversoenbaar!* geskryf. Maar hoekom konsentreer Louis nie op die argumente nie, in plaas van die man te probeer speel nie?

Daniël Michau: "..... in 2007 al oor hierdie saak van onder andere vulkane geskryf is: "Holland en Abelson het in die 1960's 'n nuwe model vir die ontstaan van die primitiewe atmosfeer daargestel. Hulle het voorgestel dat dit deur die uitlating van vulkaniese gasse tot stand gekom het. Abelson het ook verklaar dat daar geen getuienis is vir die bestaan van metaan en ammoniak in die primitiewe atmosfeer nie – intendeel, heelwat argumente is juis daarteen. Met ander woorde, die Oparin- boublokke vir lewe nie....."

Louis: Wie het dit geskryf? Enigiemand kan enigiets skryf. Tussen 1960 en nou het ons reeds die natuurlike boublokke vir lewe gekry – tot in die ruimte.

DM: Om die natuurlike boublokke vir lewe te gekry het, help niks, veral as jy begin met die elemente waaruit die boublokke bestaan – soos Miller, Urey en alle pogings daarna. Om van die boublokke tot by die eerste lewende sel te kom, is enorm ingewikkeld. En sodanige natuurlike ontwikkeling is nêrens waargeneem nie. Louis, jy kan dit nie ontken nie.

Daniël Michau: "Die ander Louis, wat 'n wetenskaplike is, se opmerking dat abiogenese net uit hipoteses bestaan (met ander woorde daar is onvoldoende getuienis), moet sy naamgenoot dalk maar weer kennis van neem."

Louis: Moet asseblief nie my woorde verdraai nie. Abiogenese is nie 'n hipotese nie, dis 'n feit. Hoe abiogenese plaasgevind het, is die hipotese. Daar bestaan baie hipoteses oor die hoe.



DM: As Louis met abiogenese die natuurlike ontwikkeling (sonder die Skepper) bedoel van lewe uit dooie materie, is sy stelling eenvoudig 'n verklaring van sy geloof. Hoe weet hy natuurlike abiogenese is 'n feit as sy verwagte meganisme op die beste slegs hipoteties is? Die analogie van sy hele redenasie is soos volg: Iemand sien eendag 'n klompie bakstene lê. Tien jaar later sien hy 'n gebou daar staan. Nou beweer hy geen intelligensie was betrokke deur al die stadiums nie – die natuurlike ontwikkeling van die gebou uit bakstene is 'n feit. Nee Louis, die bakstene en die gebou is feite – jou idee van die proses hoegenaamd nie.

Louis: In die eerste plek dit maak nie saak hoe abiogenese plaasgevind het nie, dit sal nie die teorie van evolusie enigsins verander nie. In die tweede plek, die bewysstukke dat abiogenese plaasgevind het is duidelik. Die oudste gesteentes (4.5 tot net onder 3.85 miljard jaar oud) het geen bewysstukke dat daar lewe was nie, gesteentes van 3.85 miljard jaar oud in Groenland dui op pre-sellulêre organiese materiaal verkry deur die C12 tot C13 verhouding, 3.8 miljard jaar oue gesteentes in SA en Australië bevat eenvoudige sellulêre prokariotiese fossiele, terwyl gesteentes van 3.2 jaar oud in SA, Australië en Groenland onweerlegbare fossiele van prokariotiese eensellige organismes bevat. Daar was dus abiogenese tussen 4.5 en 3.8 miljard jaar terug. Dis in die klippe vasgevang. Dit het gebeur. Maak nie saak hoe enige kreasioniste die bewysstukke wil ignoreer nie.

DM: Die analogie van die bakstene en die gebou is presies hier ook van toepassing. Ek hoop van harte die lesers besef dit.

Daniël Michau: "Louis behoort baie goed te weet dat geen van hierdie eksperimente enige lewende sel of selfs proteïen tot stand gebring het nie."

Louis: Ons bewysstukke toon dat dit wel gebeur het. Goeie vordering word gemaak om uit te vind hoe, soos Craig Venter se eksperimente, waar ons nou al weet hoe om DNS te maak uit natuurlik-vormende molekules en oor te plant in 'n ander sel en die sel lewe. Die eksperimente vir volledige selvorming vorder ook baie fluks.

DM: As die bewysstukke niks beter is as dies wat Louis hierbo genoem het nie, sal dit min denkende mense oortuig. Craig Venter se eksperimente begin by lewe en bou dan daarop voort. Dit is interessant en sommige daarvan sal nuttig wees, maar dit is ontoepaslik vir die argument van abiogenese waarvoor hierdie gesprek gaan.

Daniël Michau: "Wetenskaplike Louis se voorstel dat God as Skepper die beste moontlike verklaring vir die eerste lewe is, glo ek is die enigste sinvolle verklaring."

Louis: Ek weet nie na watter Louis jy hier verwys nie, maar ek het nooit so iets voorgestel nie. Die antwoord is maklik vir my. Dat abiogenese plaasgevind het, is onweerlegbaar vasgevang in gesteentes. Dis nie 'n geloof nie. Dis 'n feit. Die geloofdeel is dat God die eerste lewe gemaak deur abiogenese. Ons wil nou uitvind hoe dit gedoen is.

DM: Weereens help gesteentes nie, want gesteentes gee nie die oorgangsproses weer nie. Die oorgangsproses is Louis se hipoteses of die Bybel se skeppingverklaring. Die feite van die gesteentes ontken niemand nie. As Louis skryf dat "[d]ie geloofdeel is dat God die eerste lewe gemaak [het] deur abiogenese", neem ek aan hy glo dit self ook. Nou hoekom Louis, wil jy glad nie ruimte laat dat

God dit bonatuurlik kon laat gebeur het nie? Glo jy geen wonderwerk wat in die Bybel beskryf is nie?

Louis: Weereens, hoe die eerste lewe gevorm het gaan geensins die teorie van evolusie op enige manier verander nie.

DM: Weereens vermy Louis die uitdaging om aan te toon hoe enige eksperiment gewys het dat dooie materie op 'n natuurlike manier 'n lewendige sel, of selfs net 'n proteïen kon voortbring. Ek hoop van harte die ander lesers besef die belangrikheid van al hierdie redenasies.

Daniël Michau

-----

### **Antwoorde aan Louis - 2011/03/29**

Daniël Michau skryf:

My antwoord aan Louis se brief van 2011/03/28, met my nuutste kommentare met DM: aangedui.

Louis: My antwoord aan Daniël Michau se brief van 10/03/2011.

Daniël Michau: "Tenminste een van die twee Louis'e is 'n selferkende Christen – dus waarskynlik 'n teïstiese evolutionis. Dit is nogal 'n interessante vraag wat Christen-evolutioniste van die bestaan van demone dink. Kan altwee Louis'e dalk hul opinies hieroor gee? Sekerlik glo tenminste een van hulle darem tot 'n mate in die Bybel?"

Louis: Maklike vraag. Daar is geen verifieerbare bewysstukke dat demone wat deur mense kan uitdryf kan word bestaan nie. Jy moet weet dat die Bybel geskryf is in pre-wetenskaplike tye en dat groot dele daarvan nie letterlik gelees kan word nie.

DM: Daar bestaan tekorte aan verifieerbare bewysstukke vir soveel hipoteses in evolusie, dat Louis om dieselfde rede dan evolusie behoort te verwerp as hy enigsins konsekwent wil redeneer. Soos byvoorbeeld die "verlore" oorgangskakels tussen alle genusse, en die sinvolle verandering in genetiese inligting op natuurlike wyses om van die eerste lewende sel te gekom het tot by die mens deur al die stadiums tussenin.

Daniël Michau: "Malherbe, jy's reg dat 'n paar duisend jaar oue aarde evolusie nie 'n kat se kans gee om ooit te kon gebeur het nie."

Louis: Is dit nou so? Kan jy die berekening toon en dit vir ons wys voor jy so 'n stelling maak? Ons bewysstukke toon dat daar wel genoeg kans was. Kom ons gee maar die tydlyn uit fossiele. Ons eerste duidelike, fisiese bewysstukke van sellulêre organismes wat enigiemand kan bestudeer dui op prokariotiese eensellige organismes so 3.8 miljard jaar oud, 3 miljard jaar van fotosintese, 2 miljard jaar van komplekse selle (eukariote), 1 miljard jaar van multisellulêre lewe, 600 miljoen jaar van eenvoudige organismes, 570 miljoen jaar van geledpotiges, 550 miljoen jaar van komplekse organismes, 500 miljoen jaar van visse en proto-amfibiërs, 475 miljoen jaar van landplante, 400 miljoen jaar van insekte en sade, 360 miljoen jaar van amfibiërs, 300 miljoen jaar van reptiele, 200 miljoen jaar van soogdiere, 150

miljoen jaar van voëls, 130 miljoen jaar terug van blomplante, 65 miljoen jaar sedert die dinosaurusse uitgesterf het (dis die nie-voëls), 2.5 miljoen jaar sedert die begin van die Genus Homo, 200 000 jare sedert die mens begin lyk het soos ons nou lyk, 25 000 jaar sedert die Neandertalle uitgesterf het. Ook, hoe nader jy aan moderne tye kom, hoe nader lyk die fossiele aan moderne organismes! Het jy enige fisiese bewysstukke dat dit verkeerd is? Het jy enige bewysstukke dat "die tyd te min was", aangesien die verifieerbare bewysstukke toon dat dit wel so gebeur het? Toon die berekening.

DM: Louis was hier so oorhaastig om te antwoord, dat hy my eerste sin skynbaar nie raakgesien het nie [behoorlik gelees het nie]. Sy antwoord sou baie beter na my volgende sin gepas het. Nietemin, sy redenasie is gebou op die aanname dat sy bewerings oor miljarde en miljoene jare korrek is. Dit is 'n reuse onderwerp op sy eie, waaroor ek op hierdie tydstip net enkele stellings wil maak: Sulke lang tydperke bots lynreg met Bybelse gegewens en dit het geen behoorlike wetenskaplike bewysstukke wat dit ondersteun nie, alhoewel heelwat wetenskaplike hipoteses en spekulasie.

[www.creation.com](http://www.creation.com) bevat 'n magdom artikels hieroor, wat Louis sekerlik weer met 'n sinnetjie of twee van die tafel af sal probeer vee, maar wat denkende en belangstellende lesers hopelik sal nagaan. Goeie oorsprongwetenskap word nie deur die meerderheidsopinie bepaal nie, maar deur die logika van die argumente.

Daniël Michau: "Maar wat jy moontlik nie weet nie is dat 'n 4.6 miljard jaar oue aarde steeds ordes te min tyd bevat vir enigiets so ingewikkeld soos die eerste lewende sel om bloot toevallig te voorskyn te kon gekom het, of vir al die hipotetiese natuurlike stappies tot daar."

Louis: Hoekom? Wat ons weet is dat daai fossiele bestudeer kan word en evolusie duidelik daarin wys. Die fisiese bewysstukke toon dat dit is hoe dit gebeur het. Dus, glad nie onmoontlik nie, want dis hoe dit gebeur het. Terselfdetyd, natuurlike seleksie is die teenoorgestelde van "toevallig". Natuurlike seleksie veroorsaak dat geen organisme "toevallig" ontwikkel nie.

DM: Nee, evolusie wys nie in die fossiele nie, want evolusie is 'n veronderstelde PROSES. 'n Klomp foto's van 'n proses kan baie goeie getuienis vir 'n proses verskaf, mits dit voldoende stadiums in die proses gevang het. Soos hierbo genoem, wys die gebrek aan oorgangsfossiele en oorgangstadiums in genetiese inligting dat die wetenskaplike data glad nie voldoende is om wetenskaplike verklarings oor die proses te maak nie. Natuurlike seleksie (wat deur 'n skeppingsleerder Edward Blyth vóór Charles Darwin beskryf is), verwyder nie die toevalligheid in die veronderstelde evolusieproses nie. Mutasies moes eers bloot toevallig die variasies laat ontstaan het, waarvan sommige toevallig oorlewingsvoordele verskaf het, en waaruit natuurlike seleksie uiteindelik die bestes kon laat oorleef. Daar sit dus 'n hele hoop toevallighede in die veronderstelde evolusieproses. Natuurlike seleksie word nie deur hoofstroomskeppingsleerders ontken nie – intendeel, dit is deel van spesiasie wat nie teenstrydig met die Bybel of wetenskaplike waarneming is nie.

Daniël Michau: "Te min tyd is dus selfs vir evolusioniste met hul geloof in miljarde jare 'n wetenskaplike probleem."

Louis: Hoe kan fisiese bewysstukke 'n probleem wees? Duidelik het dit so gebeur, ons sien dit in fisiese bewysstukke. Verwar jy nie dalk godsdiens en wetenskap nie?

DM: Kyk my antwoorde net hierbo. Dit lyk eerder vir my of Louis se geloof in evolusie so groot is dat hy nie agterkom dat die wetenskaplike getuienis daarvoor heeltemal onvoldoende is nie.

Daniël Michau: Abiogenese (die natuurlike ontstaan van lewe uit dooie materie), bly dus vir evolusie (in die wyer sin as bloot biologiese evolusie wat sy eie stel onoorkomelike wetenskaplike probleme het) 'n krities onoorkomelike probleem."

Louis: Glad nie. Abiogenese het niks met "evolusie" te doen nie. Hou asseblief op om die twee te verwar. Jou aandrang dat abiogenese en evolusie dieselfde ding is, dui net daarop dat jy 'n onoorkombare leerprobleem het. Ander mense kan onderskei tussen die twee.

DM: Hierdie saak is alreeds behoorlik bespreek, en Louis bly die feit ignoreer dat abiogenese in biologiehandboeke oor evolusie en geskryf deur evolusioniste, as "bewys" vir evolusie aangebied word. Bykomend kan gevra word of Louis regtig nie verstaan wat "in die wyer sin" beteken nie.

Daniël Michau: "Let weereens daarop dat evolusioniste, wat glo dat hulle met suiwer wetenskap doenig is, wetenskaplike getuienis vir hul bewerings moet verskaf – nie net spekulatiewe hipoteses nie."

Louis: Is jy een van daardie mense wat beweer dat alle wetenskaplikes organisasie in die wêreld, asook alle universiteite nie weet wat wetenskap is nie? Beweer jy dat net jy weet wat wetenskap is, maar daardie miljoene wetenskaplikes weet nie wat dit is nie? Ons het meer as fossiele, weet jy dit? Weet jy van DNS? Beide lei tot presies dieselfde gevolgtrekking. Dan is daar ook honderde ander bewysstukke waarvan jy nie eens sal weet nie, want jy is nie 'n Natuurwetenskaplike nie. Niks spekulatief aan die feit dat evolusie gebeur nie. Dis net feite. Die feit dat mense soos jy net die getuienis wil ignoreer, gaan nie die feite verander nie.

DM: Nee, ek het nie beweer wat Louis skynbaar hoop ek beweer het nie. Nee, Louis is ook verkeerd as hy dink ek het nie universitêre opleiding in natuurwetenskappe nie. Ja, ek weet van DNS. Louis is heel verkeerd dat DNS-studies evolusioniste se (spekulatiewe) vertolking van fossiele presies ondersteun. In baie gevalle weerspreek dit die foutiewe evolusionistiese fossielvertolking heeltemal. Hier is 'n paar voorbeelde:

\* 'n 1996-studie van 88 proteïene het konyne saam met primate in plaas van knaagdiere gegroepeer.

\* 'n 1998-analise van 13 gene in 19 dierspesies het seekastaiings tussen chordata (organismes met interne of eksterne skelette) geplaas.

\* 'n 1998-studie gebaseer op 12 proteïene het beeste nader aan walvisse geplaas as aan perde.

Hierdie en soortgelyke resultate lyk in werklikheid na beter getuienis vir die valsheid van die hipotese van 'n gemeenskaplike voorganger vir verskillende genusse as vir enige bevestiging daarvan.

Daniël Michau: "Evolusioniste mag sekerlik maar glo dat hulle eendag hierdie antwoorde gaan vind, maar dalk moet hulle intussen maar erken (soos sommige bekendes wel al gedoen het), dat hulle in baie opsigte besig is om hul geloof na te jaag, want die werklike getuienis bly ontwykend."

Louis: Dit maak nie saak hoeveel keer jy nie die waarheid vertel nie, dit bly steeds nie waar nie.

DM: As die meerderheid leuens verkondig, sal dit steeds leuens bly.

Daniël Michau: Te min tyd is maar een van talle redes waarom die Bybel hoegenaamd nie met die evolusiehipotese versoenbaar is nie."

Louis: Miskien weet jy nie genoeg van wetenskap nie. Miskien weet jy nie genoeg van wat 'n wetenskaplike teorie is nie. Miskien weet jy nie genoeg van al die berge fisiese bewysstukke nie. Die feit bly staan, dit maak nie saak hoeveel keer jy dit herhaal nie, onwaarhede verander nooit in waarheid nie.

DM: Miskien dink Louis nie genoeg oor wat hy in wetenskap geleer is nie.

Daniël Michau: "Ander gegewens is die verklaring dat alle soorte van die begin af (die mens ingesluit) geskep is,....."

Louis: Definieer soort, voordat so 'n stelling gemaak kan word. Daar is nie "soorte" in die wetenskap nie.

DM: Genus is die naaste aan wat ek met 'n soort bedoel.

Daniël Michau: " ... dat elke soort binne sy soort sou voortplant, en dat daar geen dood voor die mens se sondeval was nie."

Louis: Enige bewysstukke dat daar nie dood voor die sondeval was nie? Die fisiese bewysstukke toon dat alle tipes leuens op aarde nog altyd doodgegaan het. 'n Belangrike gevolg van die teorie van evolusie is dat elke organisme altyd binne sy eie kladistiese groepering sal voortplant. 'n Kat sal byvoorbeeld nooit geboorte kan skenk aan 'n hond nie en 'n kat sal ook nooit in 'n hond kan verander nie. Verder, daar bestaan ook nie iets soos "soort" in die wetenskap nie.

DM: Ek is verstom deur hierdie uitlating van Louis: "[E]lke organisme [sal] altyd binne sy eie kladistiese groepering voortplant." Dit is sekerlik teenstrydig met Charles Darwin en talle ander evolusioniste se idee dat byvoorbeeld alle organismes in die diereryk een gemeenskaplike voorganger het. Tensy Louis sy kladistiese groepering so wyd definieer dat dit die hele diereryk insluit. Of tensy hy die evolusionistiese stappies as so klein beskou dat twee opeenvolgendes binne een kladistiese groepering val, maar die eerste en die laaste een glad nie. As laasgenoemde sy siening is, moet ek hom net wys op die bekende evolusionis Stephen Gould se erkenning:

"The extreme rarity of transitional forms in the fossil record persists as the trade secret of paleontology. The evolutionary trees that adorn our textbooks have data only at the tips and nodes of their branches; the rest is inference; however reasonable, not the evidence of fossils. Yet Darwin was so wedded to gradualism that he wagered his entire theory on a denial of this literal record ... Paleontologists have paid an exorbitant price for Darwin's argument. We fancy ourselves as the only true students of life's history, yet to preserve our favored account of evolution by natural selection we view our data as so bad that we never see the very process we profess to study."

Gould en ander het die gebrekkige getuienis vir klein veranderinkies in die fossielrekord as so werklik en ernstig beskou, dat hulle die "sprongteorie" voorgestel het. Tenminste was dit 'n eerlike erkenning aan die evolusioniste se kant dat die fossielrekord nie die klassieke evolusiehipotese ondersteun nie.

Daniël Michau: "Selfs met 'n simboliese verstaan van Genesis se boodskappe (ek stel dit ter wille van dié teoloë wat dít wil aanhang), behoort hierdie Bybelse beginsels duidelik te wees."

Louis: Die oorweldigende meerderheid Christen-wetenskaplikes het die teorie van evolusie aanvaar. Nes hulle die gravitasieteorie aanvaar het. Nes hulle die atoomteorie aanvaar het. Nes hulle die kiemteorie aanvaar het. Jy sal die feite nooit kan verander nie, al probeer jy ook hoe graag. Noem jy gravitasie, atome en kieme ook gelowe?

DM: Enigeen wat evolusie wil opweeg teen die gravitasieteorie, die atoomteorie en die kiemteorie, verstaan skynbaar nie die verskil tussen oorsprong- en operasionele wetenskappe nie. Ook word die korrektheid van wetenskappe nie bepaal deur die meerderheidsopinie nie, maar deur die geldigheid van die argumente. 'n Goeie wetenskaplike sal nie doof en blind wees vir die goeie argumente van sy opponente nie.

Daniël Michau

---

### **Vollediger debat - 2011/04/01**

(Hierdie skrywe is ook nooit op Kerkbode-aanlyn geplaas nie.)

Daniël Michau skryf:

Alhoewel ek dankbaar is dat my laaste antwoorde op Louis se skrywe geplaas is, is my voorafgaande antwoorde op sy ander skrywes nie geplaas nie. Hierdie selektiewe blokkering van noodsaaklike inligting belemmer lesers om al die toepaslike argumente onder oë te kry. Ek verwys ernstige belangstellendes dus graag na [www.glodiebybel.co.za](http://www.glodiebybel.co.za) waar al die toepaslike skrywes gevind kan word – ook dies wat hier geblokkeer is - onder "Debatte en kommentare/Lys van Debatte".

Daniël Michau

---

### **Daniël en die twee Louis's - 2011/04/01**

Johnman skryf:

As leek geniet ek die debat tussen Daniël en die Louis's (no pun intended!, maar ek dink dat die gesprekke tans ietwat in sirkels gaan. My siening is dat die Bybel geen wetenskaplike handleiding is nie terwyl die evolusie-teorie wetenskaplik gefundeer is. Een van die kenmerke van 'n wetenskaplike teorie is dat dit berus op 'n hipotese wat vals bewys kan word. Bv. as 'n menslike fossiel môre in Kambriese gesteentes gevind sou word, sal evolusie gebaseer op natuurlike seleksie verkeerd bewys word. Of as die planeet se bane om die son onverklaarbare afwykings sou toon, sou

die swaartekrag teorie hersien moet word. Ek kan egter aan geen bewyse dink wat die skeppings-teorie verkeerd kan bewys nie. Die skeppings-teorie is gebaseer op die Bybel, wat volgens skeppings wetenskaplikes letterlik waar en onveranderbaar is. Maak nie saak watter wetenskaplike waarnemings gemaak word nie, sodanige waarnemings sal deur skeppings wetenskaplikes verduidelik word in terme wat dit in lyn bring met wat in die Bybel staan. Met ander woorde, daar is hoegenaamd niks wat op aarde kan gebeur wat nie in terme van die Bybel verklaar kan word nie, aangesien dit die kredietwaardigheid van die Bybel sal ondermyn. Ek kan dus nie verstaan waarom die skeppings wetenskaplikes voortgaan om hieroor te probeer redeneer nie. Hulle sg. wetenskaplike teorieë het volgens my geen kans om enige redelike persoon, wat nog te sê regte wetenskaplike, te oortuig nie. Daar is meer as voldoende grondige wetenskaplike bewyse beskikbaar om onder andere die evolusie-leer te bewys. Om te probeer om die teendeel "wetenskaplik" te motiveer, maak dit net al moeiliker vir ons gewone mense om hul motiewe te verstaan.

Johnman

{Agterna HM-kommentaar: Johnman is heel verkeerd dat skeppingsleer nog geen regte wetenskaplike oortuig het nie. Heelwat sulke voorbeelde is te lese op [www.creation.com](http://www.creation.com) – ook van wetenskaplikes wat eers evolusie aanvaar en verkondig het.}

---

#### **Louis van Daniel in 'n strik - 2011/04/01**

Louis van Ryneveld skryf:

Knap gedaan, Louis! Jy het 'n wip gestel en Daniel Michau het daarin getrap soos jy ongetwyfeld bedoel het (Antwoorde aan Louis, 2011/03/29). Louis het geskryf (2011/03/28): "'n Belangrike gevolg van die teorie van evolusie is dat elke organisme altyd binne sy eie kladistiese groepering sal voorplant. 'n Kat sal byvoorbeeld nooit geboorte kan skenk aan 'n hond nie en 'n kat sal ook nooit in 'n hond kan verander nie." Enige redelike en billike mens sal dit korrek verstaan: as my kat sou kleintjies kry en dit is hondjies of slange of enigiets behalwe 'n kat, sou ons almal verstom staan. Dit is vanselfsprekend die geval in die korttermyn op die geologiese tydskaal. Maar nou gee Michau voor dat hy dit verbasend vind: "Ek is verstom deur hierdie uitlating van Louis: ... Dit is sekerlik teenstrydig met Charles Darwin en talle ander evolusioniste se idee dat byvoorbeeld alle organismes in die diereryk een gemeenskaplike voorganger het." Daniel, jy sê het universiteitsopleiding in die natuurwetenskappe. Nou laat ek as nie-bioloog vir jou mooi verduidelik: as my kat kleintjies kry, sal dit katjies wees; en hulle kleintjies sal ook katjies wees; maar dit is 'n vraag of die katjies in die duisendste geslag van hier af nog soos vandag se katte sal lyk; en hoe hulle oor 'n miljoen geslagte gaan lyk, is 'n ope vraag. 'n Berugte kreasionis het in 'n radioprogram iets soortgelyk kwytgeraak toe hy 'n vooraanstaande bioloog gevra het of 'n kat nou in 'n perd gaan verander. Daardeur het hy sy kreasionistiese geesgenote in die steek gelaat deurdat hy hulle almal by implikasie soos dwase laat lyk het.

Oor Louis se interessante uiteensetting van die oergeskiedenis van die aarde sedert die ontstaan daarvan sowat 4,6 miljard jaar gelede skryf onse Daniel: "Sulke lang tydperke bots lynreg met Bybelse gegewens." Eerstens is dit hoegenaamd nie ter sake nie aangesien die Bybel nie 'n

natuurwetenskaplike handboek is nie en die evolusieteorie is wel natuurwetenskap. Tweedens is dit onjuis om so te sê aangesien Louis se natuurgeskiedenis nie soseer met die Bybel bots nie as met Daniel en kie se vertolking daarvan.

Diegene wat saam met biskop Ussher (sewentende eeu) beweer dat die aarde enkele duisende jare oud is, het 'n reuse-probleem met die ontploffing van 'n supernova wat in 1987 waargeneem is. Selfs een van Creation.com se intellektueel geboeide fisici het toegegee dat die afstande na afgeleë sterre soos deur sterrekundiges bereken word, akkuraat is. Die betrokke supernova is sowat 168 000 ligjare van die aarde af. Dit beteken dat die ontploffing wat op verskeie plekke op aarde waargeneem is, 168 000 jaar gelede gebeur het. Met ander woorde: die heelal is op die aller, allerminste 168 000 jaar oud. Dit ruk die jong-heelal-mat geheel en al onder jong-aarde-kreasioniste se onvaste voete uit. Nietemin spook hulle koppig voort.

Stil sal 'n mens hulle nie kry nie. Louis het Daniel onder massas feitlike gegewens toegegooi maar Daniel stry steeds. Dit is tipies in hierdie woordstryd: die bioloë, geoloë, sterrekundiges en ander wetenskaplikes sit waargenome feite op die tafel, die kreasioniste lê slegs dogmatiese argumente voor waardeur hulle hoegenaamd niks doen om die geloofwaardigheid van die Kerk te bevorder nie.

Louis van Ryneveld

{Agterna HM-kommentaar: Louis van Ryneveld haal hier slegs die “dogmatiese argumente” van skeppingsleerders aan, deur gebruik te maak van 'n sin waar hy die laaste deel wat oor wetenskap gaan, uit los. Die volledige sin was: “Sulke lang tydperke bots lynreg met Bybelse gegewens en dit het geen behoorlike wetenskaplike bewysstukke wat dit ondersteun nie, alhoewel heelwat wetenskaplike hipoteses en spekulasie.” Daarna is nog genoem waar daarvoor opgelees kan word. En dan kom beweer Louis van Ryneveld dat skeppingsleerders slegs “dogmatiese argumente” voorlê! As dit nie blatante verdraaiing van jou opponent se posisie is nie, wat is?}

---

#### **As taalkundiges half lees - 2011/04/04**

Daniël Michau skryf:

Ai Louis van Ryneveld, vir iemand wat in tale spesialiseer, lees jy darem maar baie half, of is jy maar net doelbewus moedswillig? Het jy nou regtig nie my volgende sinne gesien nie: "Tensy Louis sy kladistiese groepering so wyd definieer dat dit die hele diereryk insluit. Of tensy hy die evolutionistiese stappies as so klein beskou dat twee opeenvolgendes binne een kladistiese groepering val, maar die eerste en die laaste een glad nie." Verstaan jy regtig nie wat ek hier geskryf het nie, of verongeluk jy doelbewus die bedoeling deur jou selektiewe aanhalings om die hele konteks te verdraai? So waaroor was ek verstom? Dat wetenskaplike Louis so 'n swak sin in die konteks van langtermynveranderinge, waaroor die gesprek eintlik gaan, geskryf het: " 'n Belangrike gevolg van die teorie van evolusie is dat elke organisme altyd binne sy eie kladistiese groepering sal voortplant". Dat hy dit anders bedoel het, is ek heeltemal voor te vinde, soos my direk daaropvolgende sinne, wat Louis van Ryneveld nie wou raaksien nie, duidelik wys. Gesien in die lig van sy eintlike bedoeling is dit nietemin 'n niksseggende sin – almal weet immers evolutioniste probeer vreeslik hard om al die sogenaamde verlore klein stappies te ontdek.



Die ironie is dat evolusioniste kreasioniste gereeld daarvan beskuldig dat hulle evolusioniste buite konteks aanhaal. Wel, Louis van Ryneveld se skrywe demonstreer presies wat "buite konteks en verdraaid" betreffende aanhalings beteken. My vraag aan die ander Louis gaan hier oor hoe wyd hy 'n kladistiese groepering beskou. Hopelik gaan hy dit antwoord voordat Louis van Ryneveld dink hy het nou weer die antwoord van alle antwoorde gegee, terwyl hy klaarblyklik nie eers begryp wat geskryf is nie.

Ter opsomming van die eintlike argument: Indien evolusie waar sou wees, moes 'n spesie uit een genus of uit een kladistiese groepering uiteindelik (Louis van Ryneveld – let asseblief op die woord "uiteindelik") 'n nakomeling in 'n ander genus of kladistiese groepering gehad het. Die stappie-vir-stappie-gelykmatige-idee van evolusie word nie deur die fossielrekord of DNS-studies ondersteun nie, want die oorgangsfossiele ontbreek tussen alle genusse en die DNS-studies gee in talle gevalle resultate wat eerder die evolusionistiese verwagting weerspreek (ek het enkele voorbeelde reeds genoem). Die sprongteorie-idee van evolusie is 'n poging om die gebrek aan oorgangsfossiele te verklaar (kyk na my aanhaling van die evolusionis Stephen Gould wat dit uitspel). Dit kom daarop neer dat die oorgange van spesies in een genus na 'n ander glo so vinnig plaasgevind het dat dit nooit in die fossielrekord vasgevang is nie. Die wetenskaplike probleem hiermee is eenvoudig dat dit 'n argument uit die posisie van "geen getuienis" is. Dit bly dus ook maar net 'n ongegronde hipotese of 'n geloof. Beide evolusiesienings het dus geen behoorlike bewysgronde nie.

Hoofstroomskeppingsleerders aanvaar die enorme grootte van die heelal. Dit is geen kwessie van "toegegee" soos Louis van Ryneveld hier (weereens) verdraaid weergee nie. Die saak van versterlig-jong-aarde word in verskeie artikels op [www.creation.com](http://www.creation.com) bespreek. Ek is bereid om die basiese argumente hier te bespreek, maar dan moet ek eers die versekering van Kerkbode-aanlyn kry dat hulle nie meeste van my antwoorde gaan blokkeer soos met die voriges oor biologiese evolusie nie. Miskien sou Louis van Ryneveld dan besef het dat ek omtrent al wetenskaplike Louis se wetenskaplike stellings beantwoord en/of weerspreek het. Al daardie antwoorde is op [www.glodiebel.co.za](http://www.glodiebel.co.za) onder "Debatte en kommentare/Lys van debatte" te lese. Wetenskaplik gesproke, gaan die kosmologie betreffende skepping of naturalistiese ontstaan oor twee opponerende modelle – die oerknalmodel en die skeppingsleermodel (beide het 'n paar variasies). Of hierdie partydig beheerde Kerkbode-aanlynbriewekolom die beste plek is om dit te bespreek, betwyfel ek.

Daniël Michau

---

### **Johnman se vrae - 2011/04/05**

Hennie Mouton skryf:

Ek verwys na sy brief "Daniël en die twee Louis's". My antwoorde is met HM: aangedui.

Johnman: As leek geniet ek die debat tussen Daniël en die Louis's (no pun intended!, maar ek dink dat die gesprekke tans ietwat in sirkels gaan.

HM: Dankie vir jou skrywe Johnman. Al deel waar ek kon sien die gesprek in sirkels gegaan het, is waar Louis bly terugkeer het na abiogenese wat volgens hom nie onder biologiese evolusie val nie,

maar hy nooit die herhalende stelling van Daniël geantwoord het nie dat abiogenese (aan die hand van die Miller-Urey-eksperimente) deur evolusioniste in wêreldwye biologiese handboeke voorgehou word as bewysstukke vir evolusie.

Johnman: My siening is dat die Bybel geen wetenskaplike handleiding is nie terwyl die evolusie-teorie wetenskaplik gefundeer is.

HM: Ek stem saam dat die Bybel nie 'n wetenskaplike of geskiedenis-handleiding is nie (dankie tog daarvoor want beide hierdie soort mensgemaakte handboeke verander kort-kort), maar dit maak tog nie sin dat die geestelike boodskappe in die Bybel waar sou wees, maar die geskiedenis en oorsprongwetenskappe daarin nie, veral terwyl dieselfde alwetende God die hele Bybel geïnspireer het. Jesus het dit soos volg gestel: Joh 5:46-47 "Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskryfte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo?" Joh 3:10-13 "Jesus antwoord en sê vir hom: Jy is die leraar van Israel en jy weet hierdie dinge nie? Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, ons spreek wat ons weet en ons getuig van wat ons gesien het, en julle neem ons getuigenis nie aan nie. As Ek julle van die aardse dinge vertel en julle nie glo nie, hoe sal julle glo as Ek julle van die hemelse vertel? En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is."

Johnman: Een van die kenmerke van 'n wetenskaplike teorie is dat dit berus op 'n hipotese wat vals bewys kan word. Bv. as 'n menslike fossiel môre in Kambriese gesteentes gevind sou word, sal evolusie gebaseer op natuurlike seleksie verkeerd bewys word. Of as die planeete se bane om die son onverklaarbare afwykings sou toon, sou die swaartekrag teorie hersien moet word. Ek kan egter aan geen bewyse dink wat die skeppings-teorie verkeerd kan bewys nie. Die skeppings-teorie is gebaseer op die Bybel, wat volgens skeppings wetenskaplikes letterlik waar en onveranderbaar is. Maak nie saak watter wetenskaplike waarnemings gemaak word nie, sodanige waarnemings sal deur skeppings wetenskaplikes verduidelik word in terme wat dit in lyn bring met wat in die Bybel staan. Met ander woorde, daar is hoegenaamd niks wat op aarde kan gebeur wat nie in terme van die Bybel verklaar kan word nie, aangesien dit die kredietwaardigheid van die Bybel sal ondermyn. Ek kan dus nie verstaan waarom die skeppings wetenskaplikes voortgaan om hieroor te probeer redeneer nie. Hulle sg. wetenskaplike teorieë het volgens my geen kans om enige redelike persoon, wat nog te sê regte wetenskaplike, te oortuig nie. Daar is meer as voldoende grondige wetenskaplike bewyse beskikbaar om onder andere die evolusie-leer te bewys. Om te probeer om die teendeel "wetenskaplik" te motiveer, maak dit net al moeiliker vir ons gewone mense om hul motiewe te verstaan.

HM: Teoreties gesproke is jy reg oor evolusie en valsifeerbaarheid, Johnman. Maar daar is al soveel probleme met die evolusiehipotese uitgewys en gedokumenteer, en nogtans bly talle evolusioniste vas-klou aan hul hipotese. Talle voorbeelde is reeds op hierdie webblad gelys. Prakties gesproke voldoen evolusie dus ook nie aan hierdie valsifeerbaarheidsvereiste van die wetenskap nie, want baie van sy navolgers ignoreer dit, of maak die geloofstelling dat die oplossings nog gevind gaan word. Dit is dus bietjie onsinnig vir evolusioniste om skeppingsleerders hiervan te beskuldig. Nogtans glo ek dat skeppingsleer valsifeerbaar is. As daar oortuigende bewysstukke bestaan dat skeppingsleer verkeerd is (byvoorbeeld die aarde is miljoene jare oud, daar was nooit 'n wêreldwye vloed nie, en alle mense stam nie van twee menslike voorouers af nie), en daar bestaan nie billike

alternatiewe vertolkings van die data wat dui op die teendeel nie, dan sal ek skeppingsleer laat vaar. En ja, dan sal ek gaan soek na alternatiewe maniere om die Bybel te verstaan (want uit persoonlike ervarings weet ek wel dat die God van die Bybel die Enigste ware God is). Wat ek wel om my raaksien is dat baie hedendaagse teoloë die aardse dinge in die Bybel nie glo nie (hulle glo die wetenskap het die geskiedenis en die wetenskap in die Bybel verkeerd bewys) en gevolglik stort hul geloof in duie soos Jesus na my mening gewaarsku het sou gebeur. So wat is my motiewe om skeppingsleer te verkondig en al meer na te vors?

Eerstens is dit 'n wonderlike instrument om 'n ongelowige wêreld te laat insien dat die Bybel in alle opsigte waar is, en dus van Goddelike oorsprong is. As dit waar is vir die aardse, is dit ook waar vir die hemelse. Talle hedendaagse wetenskaplikes en skeptici het al op hierdie manier tot bekering gekom.

Tweedens is dit bevorderlik vir goeie oorsprongwetenskappe. Nie net het talle grondleggers van die moderne wetenskap (operasionele en oorsprongwetenskappe) in 'n sesdagskepping geglo nie, heelwat moderne oorsprongwetenskaplike probleme kon slegs opgelos word deur skeppingsleerinsigte. Ek sal name en voorbeeld met graagte vir jou lys as jy sou belangstel.

Hennie Mouton

---

### **Daniël Michau se brief oor katte en honde - 2011/04/08**

Louis skryf:

Wat 'n lang brief van Daniël Michau. Ek sal maar net op 'n paar van sy punte reageer. Dankie die ander Louis, jou antwoord oor die katte was baie goed. Blykbaar dink kreasioniste dat katte geboorte gaan skenk aan honde.

{Agterna HM-kommentaar: Laasgenoemde is 'n verspotte stelling gegewe wat Daniël Michau geskryf het in die brief waarna Louis verwys. Maar ek dink darem hy het 'n grappie probeer maak.}

Daniël Michau: "o 'n 1996-studie van 88 proteïene het konyne saam met primate in plaas van knaagdier gegroep."}

Bewerings sonder enige verwysings. Daar is meer as 5000 proteïene in menslike selle. <http://www.origene.com/protein/> 'n Studie van 88 daarvan gaan nie werklik iets sê nie. Enige mens kan in elk geval enigiets beweer. Daardie "studie" waarna jy verwys, klink vir my meer na 'n "studie" gedoen deur kreasioniste. Dis al wat kreasioniste kan doen. Onwaarhede kwytraak.

Daniël Michau: "o 'n 1998-analise van 13 gene in 19 dierspesies het seekastaiings tussen chordata (organismes met interne of eksterne skelette) geplaas."

Weereens, bewerings sonder verwysings. Enige mens kan enigiets beweer. Dieselfde soos bo.

Daniël Michau: "o 'n 1998-studie gebaseer op 12 proteïene het beeste nader aan walvisse geplaas as aan perde."

Weereens, bewerings sonder verwysings. Hoekom dink ek jy praat nie altyd die waarheid nie? Enige mens kan enigiets beweer. Dieselfde soos bo.

Daniël Michau: "Hierdie en soortgelyke resultate lyk in werklikheid na beter getuienis vir die valsheid van die hipotese van 'n gemeenskaplike voorganger vir verskillende genusse as vir enige bevestiging daarvan."

Bewerings sonder verwysings. Die verwysing wat ek bo gegee het toon dat jou bewerings in twyfel getrek moet word. Alle werklikheidsontduikers glo jou seker. Hoekom het jou kreasionis sulke onwaarhede vertel?

{Agterna HM-kommentaar: Die ironie is dat al bogenoemde studies in sekulêre wetenskaplike tydskrifte en deur evolusioniste gepubliseer is. Die verwysings word ondertoe gegee (eers op 2011-04-13, want die eerste antwoord is deur Kerkbode-aanlyn geblokkeer) as antwoord op hierdie skrywe van Louis.}

Daniël Michau: "Genus is die naaste wat ek met 'n soort bedoel."

Die "gorillasoort" is dus nie dieselfde as die "sjimpanzeesoort" nie, die Afrikaanse olifant en Asiese Olifante is nie dieselfde "soort" is nie, terwyl leus en tiere dieselfde "soort" is? Ek hoop jy weet dat definisies darem bruikbaar moet wees? Wat is jou definisie van "soort", Daniël? Hou in gedagte dat volgens kreasioniste kan "soorte" nooit verander nie.

Daniël Michau: "As laasgenoemde sy siening is, moet ek hom net wys op die bekende evolusionis Stephen Gould se erkenning: "

Daniël, hoekom mislei jy mense so? Gould het die Teorie van Evolusie in totaal aanvaar en was ook 'n Christen. Weet jy dat halwe kwoterings ook 'n vorm van 'n leuen is? Weet jy dat "rarity" nie dieselfde beteken as "absent" nie?

Daniël Michau: "Enigeen wat evolusie wil opweeg teen die gravitasieteorie, die atoomteorie en die kiemteorie, verstaan skynbaar nie die verskil tussen oorsprong- en operasionele wetenskappe nie."

Miskien omdat alle natuurwetenskappe presies dieselfde metode volg. Daar is nie 'n verskil in metodes tussen "oorsprong" en "operasionele" natuurwetenskappe nie. Presies dieselfde metode word gebruik. Miskien verstaan kreasioniste dit nie. Die metode word genoem die wetenskaplike metode.

Daniël Michau: "Ook word die korrektheid van wetenskappe nie bepaal deur die meerderheidsopinie nie, maar deur die geldigheid van die argumente."

Jammer om jou "bubble" te bars, maar die natuurwetenskappe werk op konsensus van eweknieë. Daarom dat wetenskaplikes wat ernstig opgeneem wil word altyd in wetenskaplike joernale publiseer. Alle natuurwetenskaplikes moet hul eweknieë oortuig. Dit behels publikasie in natuurwetenskaplike joernale.

Hoekom doen kreasioniste dit nie? Hulle het absoluut geen wetenskaplike argumente nie. Hulle weet dit. Daarom vermy hulle wetenskaplikes. Hulle weet hulle het geen wetenskaplike argumente nie. Hulle doen nie eens wetenskap nie.

Daniël Michau: " 'n Goeie wetenskaplike sal nie doof en blind wees vir die goeie argumente van sy opponente nie."

Dis hoekom wetenskaplikes kyk na wetenskaplike argumente gepubliseer in wetenskaplike joernale en dit dan evalueer. Pseudo-wetenskaplike argumente tel nie, want dis nie wetenskap nie.

Die aanvaarding van gevolgtrekkings in die natuurwetenskappe word bepaal deur konsensus van eweknieë. 'n Wetenskaplike moet sy gevolgtrekking publiseer in wetenskaplike joernale en sy eweknieë oortuig. Dis hoe die wetenskap werk.

As jy nie eens probeer om dit te doen nie, doen jy nie wetenskap nie. Kreasioniste weier om enige van hulle "navorsing" te publiseer in wetenskaplike joernale vir wetenskaplikes om te lees en te evalueer. Kreasioniste "publiseer" net in die vorm van godsdienstige traktate. Hulle weet dat wetenskaplikes dit nie krities gaan evalueer nie, want hulle beskou nie godsdienstige traktate as wetenskap nie. Daarby volg kreasioniste nie die wetenskaplike metode nie. Kreasionisme is dus 'n handboek-voorbeeld voorbeeld pseudo-wetenskap. (Die goeie Afrikaanse woord is skynwetenskap).

{Agterna HM-kommentaar: Hierdie leuen van Louis oor kreasioniste wat net in die vorm van godsdienstige traktate publiseer, word tot vervelens toe verderaan herhaal. CMI se *Journal of Creation* byvoorbeeld, een van verskeie, se vorm en gehalte is dié van 'n wetenskaplike tydskrif, soortgelyk aan verskeie sekulêre wetenskaplike tydskrifte s'n. Boonop publiseer verskeie skeppingsleerders nog in sekulêre wetenskaplike tydskrifte ook, byvoorbeeld die fisikus dr. John Hartnett (<http://creation.com/dr-john-hartnett-cv>) en die sterrekundige dr. Danny Faulkner (<http://creation.com/dr-danny-r-faulkner>) om maar net twee te noem.}

Daniël, wat het geword van jou bewerings dat "meer" of "minder" inligting voorkom in DNS? Jy het die bewerings gemaak, daarom behoort jy "meer" of "minder" inligting in DNS kan kwantifiseer. Het jy jou vorige "argument" van "meer" of "minder" inligting in DNS nou gelos, Daniël?

Louis

{Agterna HM-kommentaar: Louis het blykbaar nie besef dat sy ontoepaslike vrae oor genetiese inligting eintlik gewys het dat hy die saak waaroor dit eintlik gaan, nie verstaan of billik oor wil praat nie. Maar my laaste brief hier heel onder ("Genetiese inligting", 2011/05/17), som die saak op en wys dat die ontstaan van nuwe genetiese inligting 'n onoorkomelike probleem vir evolusie is.}

---

### 'n Vollediger antwoord aan Danië - 2011/04/08

Louis skryf:

Daniël Michau: "Daar bestaan tekorte aan verifieerbare bewysstukke vir soveel hipoteses in evolusie,..."

Maak nie saak hoeveel keer jy dit hipotese noem nie, die wetenskappe herken die Teorie van Evolusie as 'n teorie. Daar is ook net een teorie van Evolusie. Nie 'n klomp nie. Hoekom dink meer as 99.9% van alle wetenskaplikes dat daar voldoende bewysstukke daarvoor is? Dink jy fossiele is nie verifieerbare bewysstukke nie?

{Agterna HM-kommentaar: Fossiele sou as bewysstukke vir evolusie kon gedien het, as daar genoeg was dat dit die proses redelik eenduidig uitgewys het. Maar die duisende "verlore skakels" tussen die spesies van alle soorte, nie net tussen die mens en die sogenaamde mens-aap-voorganger nie, maak fossiele as bewysstukke vir evolusie heeltemal onvoldoende. Daar is nog nooit onomwonde gewys dat 'n spesie uit een soort verander het in 'n spesie van 'n ander soort nie. Daarom bly evolusie op die beste slegs 'n hipotese.}

Daniël Michau: ".. dat Louis om dieselfde rede dan evolusie behoort te verwerp as hy enigsins konsekwent wil redeneer."

Dat Daniël Michau die atoomteorie moet verwerp as hy konsekwent wil redeneer.

Daniël Michau: ".. Soos byvoorbeeld die "verlore" oorgangskakels tussen alle genusse,.."

Archaeopteryx. <http://en.wikipedia.org/wiki/Archaeopteryx> Net een is genoeg om 'n sesdaagse skepping van "soorte" verkeerd te bewys. Ons het duisende ander.

Daniël Michau: ".. en die sinvolle verandering in genetiese inligting op natuurlike wyses om van die eerste lewende sel te gekom het tot by die mens deur al die stadiums tussenin."

Weereens, die fossiele het getoon dis hoe dit gebeur het. Ek herhaal: Ons bewysstukke toon dat dit so gebeur het. Kom ons gee maar die tydlyn uit fossiele. Ons eerste duidelike, fisiese bewysstukke van sellulêre organismes wat enigiemand kan bestudeer dui op prokariotiese eensellige organismes so 3.8 miljard jaar oud, 3 miljard jaar van fotosintese, 2 miljard jaar van komplekse selle (eukariote), 1 miljard jaar van multisellulêre lewe, 600 miljoen jaar van eenvoudige organismes, 570 miljoen jaar van geledpotiges, 550 miljoen jaar van komplekse organismes, 500 miljoen jaar van visse en proto-amfibiërs, 475 miljoen jaar van landplante, 400 miljoen jaar van insekte en sade, 360 miljoen jaar van amfibiërs, 300 miljoen jaar van reptiele, 200 miljoen jaar van soogdiere, 150 miljoen jaar van voëls, 130 miljoen jaar terug van blomplante, 65 miljoen jaar sedert die dinosaurusse uitgesterf het (dis die nie-voëls), 2.5 miljoen jaar sedert die begin van die Genus Homo, 200 000 jare sedert die mens begin lyk het soos ons nou lyk, 25 000 jaar sedert die Neandertalle uitgesterf het. Ook, hoe nader jy aan moderne tye kom, hoe nader lyk die fossiele aan moderne organismes!

Daniël Michau: "Louis was hier so oorhaastig om te antwoord, dat hy my eerste sin skynbaar nie raakgesien het nie. Sy antwoord sou baie beter na my volgende sin gepas het. Nietemin, sy redenasie is gebou op die aanname dat sy bewerings oor miljarde en miljoene jare korrek is."

Nie aannames nie. Ons het honderde tipes verskillende manier hoe dit bepaal word en honderde verskillende meters. Verwerp jy ook die atoomteorie, Daniël? Verwerp jy ook alle chemie, Daniël?

Daniël Michau: "Dit is 'n reuse onderwerp op sy eie, ....."

Jy wil seker nou die gravitasieteorie ook verwerp? Jy wil nou seker ook die hele geologiese wetenskap verwerp? Jy verwerp dus alle wetenskappe?

{Agterna HM-kommentaar: Hierdie is onsinnige stellings/vrae en nog 'n strooipopargument deur Louis. Skeppingsleerders verwerp sekere afleidings van sekere wetenskappe, maar beslis nie alle wetenskappe nie.}

Daniël Michau: "waaroor ek op hierdie tydstip net enkele stellings wil maak: Sulke lang tydperke bots lynreg met Bybelse gegewens ..."

Nee, Daniël, net jou interpretasie daarvan.

Daniël Michau: "...en dit het geen behoorlike wetenskaplike bewysstukke wat dit ondersteun nie,..."

Nou hoekom dink meer as 99.9% van alle wetenskaplikes dat dit goed ondersteun word?

Daniël Michau: "... alhoewel heelwat wetenskaplike hipoteses en spekulasie."

Miskien omdat jy nie weet wat die natuurwetenskap is nie? Al die harde wetenskappe gebruik net een metode, Daniël.

{Agterna HM-kommentaar: Louis se stelling is onwaar. Sommige wetenskappe kan hul hipoteses en teorieë in laboratoriums toets – ander nie. Die oerknal kan nie in 'n laboratorium getoets word nie, abiogenese is nog nooit in laboratoriums bewys nie, die verandering van 'n spesie in een soort na 'n spesie in 'n ander soort is ook nog nooit in 'n laboratorium gedemonstreer nie, ensovoorts.}

Daniël Michau: "... [www.creation.com](http://www.creation.com) bevat 'n magdom artikels hieroor, wat Louis sekerlik weer met 'n sinnetjie of twee van die tafel af sal probeer vee, ..."

Met goeie rede. Hulle vertel baie leuens. Wil jy hê ek moet vir jou 'n paar leuens daaruit uitwys?

Daniël Michau: "...maar wat denkende en belangstellende lesers hopelik sal nagaan."

Meeste mense kan leuens herken, Daniël. Meeste wetenskaplikes sal vir jou 'n hele reeks leuens uitwys op daardie webwerf. Onthou, die pseudowetenskappe teer op leuens. Dis al wat hulle het.

Daniël Michau: "... Goeie oorsprongwetenskap word nie deur die meerderheidsopinie bepaal nie, maar deur die logika van die argumente."

Dis omdat daar nie "oorsprongwetenskap" bestaan nie. Net natuurwetenskap. Harde wetenskap.

{Agterna HM-kommentaar: Kyk na Louis se eie skrywe "Die 'oorsprongwetenskap' wat nie eens bestaan nie" van 2011/04/12 waar hy hierdie stelling van hom dat natuurwetenskappe die enigste wetenskap is, weerspreek. Ja, ek weet wat hy hier probeer sê, maar dis onder andere hierdie slordige skrywes van hom wat maak dat mens moeilik met hom kan redeneer, en dit dikwels moeilik is om te verstaan wat hy eintlik probeer kwytmaak. As hy konsekwent wil wees, met sy pedantiese vereistes dat spesifieke woorde daar moet wees, behoort hy paleontologie, abiogenese en selfs evolusie nie as wetenskap te beskou nie, want dit kom nie in sy lys voor nie. Hoekom hy nie die term "oorsprongwetenskappe" wil aanvaar nie, wat as sulks geen bedreiging vir sy evolusiehipotese inhou

nie, kan maar net wees dat hy weereens absoluut geen bydrae uit die skeppingsleerkant wil oorweeg nie. Dis na my mening nog 'n voorbeeld van Louis se onvolwasse styl van debattering. Interessantheidshalwe – Louis se term “harde wetenskap” is ook nêrens in sy lys te vinde nie.}

Daniël Michau: "Nee, evolusie wys nie in die fossiele nie, want evolusie is 'n veronderstelde PROSES."

Moet ek weer vir jou daardie rangskikking van fossiele herhaal?

Daniël Michau: "'n Klomp foto's van 'n proses kan baie goeie getuienis vir 'n proses verskaf, mits dit voldoende stadiums in die proses gevang het."

Moet ek weer vir jou daardie rangskikking van fossiele herhaal?

Daniël Michau: "Soos hierbo genoem, wys die gebrek aan oorgangsfossiele en oorgangstadiums in genetiese inligting dat die wetenskaplike data glad nie voldoende is om wetenskaplike verklarings oor die proses te maak nie."

Nou hoekom het meer as 99.9% van alle wetenskaplikes tot 'n ander gevolgtrekking gekom? Hoekom publiseer wetenskaplikes wat nie saamstem nie glad nie hulle "navorsing" waar ander wetenskaplikes dit kan evalueer nie?

Daniël Michau: "Natuurlike seleksie (wat deur 'n skeppingsleerder Edward Blyth vóór Charles Darwin beskryf is), verwyder nie die toevalligheid in die veronderstelde evolusieproses nie."

Ja, dit verwyder dit heeltemal. Diere oorleef nie net toevallig nie. Diere oorleef omdat hulle beter toegerus is ander.

Daniël Michau: "Mutaties moes eers bloot toevallig die variasies laat ontstaan het,..."

Weet jy hoeveel mutasies jy geërf het van jou ouers, Daniël?

Daniël Michau: " waarvan sommige toevallig oorlewingsvoordele verskaf het,..."

Nie, toevallig nie. Diere met daardie mutasies oorleef beter as diere sonder daardie mutasies. Die wat oorleef versprei hulle beter gene. Niks toevalligs daaraan nie.

Daniël Michau: " en waaruit natuurlike seleksie uiteindelik die bestes kon laat oorleef."

Geen "kanse" daaraan verbode nie.

Daniël Michau: "Daar sit dus 'n hele hoop toevallighede in die veronderstelde evolusieproses."

Toevallig nie.

{Agterna HM-kommentaar: Louis mis die punt hier geheel en al. Mutasies is veronderstel om toevallig voordelig te wees volgens die evolusiehipotese – nie natuurlike seleksie nie. Dit verstom my dat hy nie die verduideliking hierbo kon volg nie.}



Daniël Michau: "Natuurlike seleksie word nie deur hoofstroomskeppingsleerders ontken nie – inteeendeel, dit is deel van spesiasie wat nie teenstrydig met die Bybel of wetenskaplike waarneming is nie."

Hoofstroom van 200 "skeppingsleerders" in die wêreld. Ek hoop jy weet dat daar miljoene wetenskaplikes is?

{Agterna HM-kommentaar: Daar is na alle waarskynlikheid baie meer evolusionistiese wetenskaplikes as skeppingsleerwetenskaplikes in die wêreld – niemand het dit ooit ontken nie – maar Louis se syfer van 200 is onsin en 'n blatante verdraaiing van die artikel se inligting waaruit hy dit gekry het.}

Daniël Michau: "Kyk my antwoorde net hierbo. Dit lyk eerder vir my of Louis se geloof in evolusie so groot is dat hy nie agterkom dat die wetenskaplike getuienis daarvoor heeltemal onvoldoende is nie."

Moet ek weer vir jou daai rangskikking in die fossiele wys? Niks geloof daaraan verbonde nie.

Daniël Michau: ": Hierdie saak is alreeds behoorlik bespreek, en Louis bly die feit ignoreer dat abiogenese in biologiehandboeke oor evolusie en geskryf deur evolusioniste, as "bewys" vir evolusie aangebied word."

Jy hou aan om net bewerings te maak. Watter biologiehandboeke?

{Agterna HM-kommentaar: Hierdie saak van abiogenese in biologiehandboeke word verderaan goed bespreek. Dis interessant om te sien hoe Louis dan water sluk (hy kry dit nie eers reg om suksesvol water te trap nie) op die saak. Dat hy, wat voorgee dat hy hierdie gerekende bioloog is, nie eers geweet het abiogenese word in biologiehandboeke bespreek voor hy deur 'n skeppingsleerder na die boeke verwys is nie, is merkwaardig en plaas 'n vraagteken op sy "kundigheid".}

Daniël Michau: "Bykomend kan gevra word of Louis regtig nie verstaan wat "in die wyer sin" beteken nie."

Ek verstaan baie goed wanner kreasioniste die Teorie van Evolusie wil wyer maak as wat dit is.

Daniël Michau: "Nee, ek het nie beweer wat Louis skynbaar hoop ek beweer het nie. Nee, Louis is ook verkeerd as hy dink ek het nie universitêre opleiding in natuurwetenskappe nie."

Dit lyk nie of jy enigiets van die natuurwetenskappe weet nie. Dit lyk eerlikwaar nie of jy enige opleiding het nie.

Daniël Michau: "Ja, ek weet van DNS. Louis is heel verkeerd dat DNS-studies evolusioniste se (spekulatiewe) vertolking van fossiele presies ondersteun. In baie gevalle weerspreek dit die foutiewe evolusionistiese fossielvertolking heeltemal. Hier is 'n paar voorbeelde:"

Net bewerings sonder enige verwysings.

Daniël Michau: "As die meerderheid leuens verkondig, sal dit steeds leuens bly."

Publiseer dit in 'n wetenskaplike joernaal. Leuens word baie gou uitgewys.

{Agterna HM-kommentaar: Al bogenoemde DNS-studies was in sekulêre wetenskaplike tydskrifte gepubliseer. Dit word later uitgespel, maar eers in 'n skrywe van 2011-04-13, want die aanvanklike antwoord is deur Kerkbode-aanlyn geblokkeer.}

Daniël Michau: "Miskien dink Louis nie genoeg oor wat hy in wetenskap geleer is nie."

Ek weet baie mooi, Daniël. Ek weet wat wetenskap is. Duidelik weet jy nie. Jy dink dat verskillende natuurwetenskappe verskillende metodes volg. Hulle gebruik almal dieselfde metodes, Daniël.

Daniël Michau: "Ek is verstom deur hierdie uitlating van Louis: "[E]lke organisme [sal] altyd binne sy eie kladistiese groepering voortplant."

Hoekom verstom jy jou daarvoor? Dis wat die Teorie van Evolusie nog altyd voorspel het.

Daniël Michau: "Dit is sekerlik teenstrydig met Charles Darwin en talle ander evolusioniste se idee dat byvoorbeeld alle organismes in die diereryk een gemeenskaplike voorganger het."

Nee, dit volg baie mooi op die teorie: ons noem dit gemeenskaplike voorouers.

Daniël Michau: "Tensy Louis sy kladistiese groepering so wyd definieer dat dit die hele diereryk insluit."

Kladistiese groepering van <http://www.ucmp.berkeley.edu/clad/clad1.html>: The basic idea behind cladistics is that members of a group share a common evolutionary history, and are "closely related," more so to members of the same group than to other organisms. These groups are recognized by sharing unique features which were not present in distant ancestors. These shared derived characteristics are called synapomorphies.

Daniël Michau: "Of tensy hy die evolusionistiese stappies as so klein beskou dat twee opeenvolgendes binne een kladistiese groepering val, maar die eerste en die laaste een glad nie."

Nou kom jy uit wat die Teorie van Evolusie eintlik is. 'n Hele reeks organismes, waarvan elkeen binne sy eie kladistiese groepering val, maar die twee eindpunte val onder verskillende groeperings. En dit hou nie op nie, elkeen het nog kinders. Dit beteken, Daniël, dat 'n kat en 'n hond 'n gemeenskaplike voorouer gehad het wat nie 'n kat of 'n hond was nie, maar iets anders was.

Daniël Michau: "As laasgenoemde sy siening is, moet ek hom net wys op die bekende evolusionis Stephen Gould se erkenning: "

Gould was 'n Christen en het die Teorie van Evolusie ten volle ondersteun tot met sy dood. Ek hoop dat jy besef dat sy bewering gaan oor fossiele tussen spesies, nie tussen genusse nie?

{Agterna HM-kommentaar: Gould was allesbehalwe 'n Christen – kyk verderaan. Gelukkig erken Louis dan daar darem dat hy hieroor verkeerd was. Louis se laaste stelling is ook verkeerd, soos blyk uit die opvolgende briewe hieronder.}

Daniël Michau: "Gould en ander het die gebrekkige getuienis vir klein veranderinkies in die fossielrekord as so werklik en ernstig beskou, dat hulle die "sprongteorie" voorgestel het.

Tenminste was dit 'n eerlike erkenning aan die evolusioniste se kant dat die fossielrekord nie die klassieke evolusiehipotese ondersteun nie."

Nee, die "sprongteorie" ondersteun die Teorie van Evolusie ten volle. Dis wat ons kry uit die fossielrekord. Hy het uitgewys dat dit moeilik is om in fossiel te kan onderskei tussen spesies wat baie naby aan mekaar is. Hy het uitgewys dat die groot verskille baie meer duidelik in die fossielrekord toon.

Daniël Michau: "Ook word die korrektheid van wetenskappe nie bepaal deur die meerderheidsopinie nie, maar deur die geldigheid van die argumente. 'n Goeie wetenskaplike sal nie doof en blind wees vir die goeie argumente van sy opponente nie"

Ongelukkig vir jou werk die wetenskappe juis so. Konsensus van eweknieë. As jy nie saamstem nie, moet jy die meerderheid eweknieë oorreed. Huidiglik is meer as 99.9% van alle natuurwetenskaplikes oortuig van die Teorie van Evolusie. "Publikasies" in kerkraktaatjies sal dit nooit verander nie.

Louis

---

#### **Dankie aan die ander Louis - 2011/04/11**

Louis skryf:

Dankie die ander Louis (Van Ryneveld) vir jou brief van 2011/04/01.

Die kreasioniste kan party dinge net nie verstaan nie. Hulle kan doodeenvoudig nie verstaan dat 'n gevolg van die Teorie van Evolusie is dat mense nie van ape af kom nie, maar dat mense en ape 'n gemeenskaplike voorouer het. Vandaar hul total oningeligte argument van "hoekom is daar nog ape, as mense van ape afstam".

{Agterna HM-kommentaar: Niemand in die debat hier het Louis se laaste stelling gemaak nie. Dit is dus nog 'n voorbeeld van 'n strooipopargument deur hom.}

Die deel wat interessant is van Supernova 1987A, waaroor jy skryf, is dat die afstand daarna bepaal is op twee metodes. Driehoeksmeting en die spoed van lig. Die twee antwoorde daaruit gekry is dieselfde. Dit stuit sodoende een van die "argumente" van kreasioniste dat die spoed van lig glo op een of ander towermanier verander het gedurende die aeglelope 6000 jaar. Daardie supernova het getoon dat die spoed van lig in 'n vakuum 168 000 jaar terug dieselfde was as wat dit nou is. Bevestig deur driehoeksmeting.

{Agterna HM-kommentaar: Hoofstroomskeppingsleerders ontken nie dat meeste hemelobjekte, insluitende bogenoemde supernova, so ver van die aarde af is nie. Maar Louis se opmerking dat dit met driehoeksmeting bepaal is, is geheel en al verkeerd. Die grootste afstand wat met driehoeksmeting met die aarde se wentelbaan as basis, bepaal kan word, is maar omtrent 600 ligjaar. 168 000 ligjaar is sowat 280 maal te ver. Waar kom Louis aan hierdie nonsens wat hy kwytraak?}

Verder is die halfleeftyte van sekere radioaktiewe elemente ook gemeet in daardie supernova. Dit het getoon dat die radioaktiewe elemente se halfleeftyte ook 168 000 jaar terug diesefde is as nou. Dit toon dus dat een van die ander "argument" van kreasioniste, dat 'n vloed 'n paar duisend jaar terug op aarde op een of ander wondermanier die halfleeftyte van radioaktiewe isotope laat verander het, verkeerd is. Natuurlik ignoreer die kreasioniste maar net hierdie feite, net soos hulle ander metodes wat ook die aarde se ouderdom as miljarde jare aangee ook ignoreer. Hulle verwerp nog steeds die radiometriese dateringsmetodes, en by implikasie die atoomteorie, wat baie goed verstaan word, ook!

Louis

---

### **Johnman en Hennie Mouton - 2011/04/11**

Louis skryf:

Johnman, ek weet, die argument gaan in sirkels. Niks bewysstukke sal 'n Jong Aarde kreasionis ooit oortuig nie van enigiets nie. My skrywes hier gaan oor normale gelowiges wat nie opgelei is in die natuurwetenskappe nie, maar verward is oor wat kreasioniste verkoop, te wys hoe onlogies die Jong Aarde kreasioniste is, voordat hulle geld skenk aan leuenaars soos Kent Hovind.

Verder verwys ek na Hennie Mouton se antwoorde aan Johnman van 2011/04/05.

Hennie Mouton: "Dankie vir jou skrywe Johnman. Al deel waar ek kon sien die gesprek in sirkels gegaan het, is waar Louis bly terugkeer het na abiogenese wat volgens hom nie onder biologiese evolusie val nie, maar hy nooit die herhalende stelling van Daniël geantwoord het nie dat abiogenese (aan die hand van die Miller-Urey-eksperimente) deur evolusioniste in wêreldwye biologiese handboeke voorgehou word as bewysstukke vir evolusie."

{Agterna HM-kommentaar: Op hierdie tydstip het Louis nog nie ontdek dat abiogenese in biologiehandboeke onder evolusie bespreek word nie. Vandaar sy volgende uitlatings.}

Asb. Dr. Mouton, moet nie aanhou om onwaarhede te verkondig nie. Almal weet nou dat u nie die waarheid vertel nie. U ontkenning daarvan gaan nie feite verander nie. Die teorie van evolusie het niks met die ontstaan van lewe te doen nie. U hou aan om dinge te beweer, van abiogenese en evolusie en dat dit dieselfde ding is, maar u gee geen verwysings nie. Ek kyk eerder wat Bioloë te sê het oor die teorie van evolusie as wat 'n Elektriese Ingenieur, soos u, daarvan dink. Dink u dat 'n Elektiese Ingenieur nou meer weet van biologie as Bioloë? Verwysings na die Teorie van Evolusie:

Volgens Wiki: "Evolution (also known as biological or organic evolution) is the change over time in one or more inherited traits found in populations of organisms." Volgens talkorigins <http://talkorigins.org/faqs/evolution-definition.html>: "Evolution is a process that results in heritable changes in a population spread over many generations." Volgens Helena Curtis and N. Sue Barnes (Biology, 5th ed. 1989, Worth Publishers, p 977): "In fact, evolution can be precisely defined as any change in the frequency of alleles within a gene pool from one generation to the next." Niks met die oorsprong van lewe te doen nie, net met lewe wat bestaan.

Daarteenoor maak u net bewerings, of bewerings uit godsdienstige webblaai of traktate.

Die Miller-Urey eksperimente:

[http://www.chem.duke.edu/~jds/cruise\\_chem/Exobiology/miller.html](http://www.chem.duke.edu/~jds/cruise_chem/Exobiology/miller.html)

Duke University: "By the 1950s, scientists were in hot pursuit of the origin of life. Around the world, the scientific community was examining what kind of environment would be needed to allow life to begin. In 1953, Stanley L. Miller and Harold C. Urey, working at the University of Chicago, conducted an experiment which would change the approach of scientific investigation into the origin of life." Die Miller-Urey eksperimente het niks met die teorie van evolusie te doen nie, maar wel met die oorsprong van lewe. Kreationiste verwar die teorie van evolusie en abiogenese, want hulle dink dat almal wat nie met hulle saamstem nie "evolusioniste" is. Hulle dink tot dat geologie 'evolusioniste' se wetenskap is. Nuus vir u, mense soos geoloë en fisici en chemici het niks met die teorie van evolusie te doen nie. Evolusionêre Bioloë en Palaeontoloë bestudeer die teorie van evolusie. Die ander wetenskaplikes nie.

Hennie Mouton: "Ek stem saam dat die Bybel nie 'n wetenskaplike of geskiedenishandleiding is nie (dankie tog daarvoor want beide hierdie soort mensgemaakte handboeke verander kort-kort), maar dit maak tog nie sin dat die geestelike boodskappe in die Bybel waar sou wees, maar die geskiedenis en oorsprongwetenskappe daarin nie, veral terwyl dieselfde alwetende God die hele Bybel geïnspireer het."

Miskien omdat u nie weet dat daar nie 'n begrip genaamd "oorsprongwetenskap" is in die natuurwetenskappe nie? Miskien daarom dat u nie weet wat natuurwetenskappe is nie? Natuurwetenskappe volg almal dieselfde metode, genoem die wetenskaplike metode. Die enigste mense wat dink dat daar so 'n wetenskap is soos "oorsprongwetenskap" is kreationiste. Vir die res van die wêreld en vir wetenskaplikes is daar nie so iets soos "oorsprongwetenskappe" nie. Net natuurwetenskap.

Hennie Mouton: "Teoreties gesproke is jy reg oor evolusie en valsifieerbaarheid, Johnman."

Johnman is heeltemal reg. Hy weet wat wetenskap is. Dr. Mouton, u het nie 'n idee wat wetenskap is nie. U kry u inligting oor wetenskap net van godsdienstige traktate. Onthou, u is nie 'n natuurwetenskaplike nie.

Hennie Mouton: "Maar daar is al soveel probleme met die evolusiehipotese uitgewys en gedokumenteer, en nogtans bly talle evolusioniste vasklou aan hul hipotese."

Iemand wat die teorie van evolusie 'n hipotese noem kan nie baie weet van die natuurwetenskappe nie. Ek hoop ook u verwar nie "skeppingswetenskappe" met wetenskap nie? Ek hoop u besef dat "skeppingswetenskap" nie wetenskap is nie? Hoekom dink u vind 'n Elektriese Ingenieur al hierdie sogenaamde 'probleme', maar bioloë vind dit nie?

{Agterna HM-kommentaar: Verskeie pertinente probleme met die evolusiehipotese is in hierdie debat uitgelig. Die vraag is hoe goed Louis en sy mede-evolusioniste daarop geantwoord het. Beledigings en veralgemeende stellings, soos hierdie spesifieke skrywe van hom vol van is, dien nie as nuttige of bruikbare antwoorde nie.}

Ek hoop ook nie u verwar die woorde "onbekende" met "probleme" nie. Hoekom dink u dat wetenskaplikes nog werk het?

Hennie Mouton: "Talle voorbeelde is reeds op hierdie webblad gelys."

Die enigste "probleme" wat uitgewys is, is dat "skeppingsleerders" nie weet wat wetenskap is nie, maar voorgee dat "skeppingswetenskap" wetenskap is.

Hennie Mouton: "Prakties gesproke voldoen evolusie dus ook nie aan hierdie valsifieerbaarheidsvereiste van die wetenskap nie,....."

Iemand wat nie 'n wetenskaplike is nie, wat nie weet wat wetenskap is nie, wat dink dat "skeppingsleer" wetenskap is, wat dink dat abiogenese en die teorie van evolusie dieselfde ding is kom daarmee vorendag. U praat doodeenvoudig nie die waarheid nie.

Hennie Mouton: "want baie van sy navolgers ignoreer dit, of maak die geloofstelling dat die oplossings nog gevind gaan word."

Dis nie die waarheid nie, Dr. Mouton. Mense doen navorsing om uit te vind hoe dinge gebeur. Die teorie van evolusie word nie bevraagteken nie. U probeer ook maak asof die teorie van evolusie 'n geloof is. Volgens u het die meeste Christelike wetenskaplikes dus twee gelowe. Dink u nie dat u uiters arrogant en 'n verleentheid vir Christen-wetenskaplikes is nie? Vernaamlik gegewe die feit dat u nie 'n natuurwetenskaplike is nie?

{Agterna HM-kommentaar: Dat die "teorie van evolusie nie bevraagteken word nie" deur die meerderheid van wetenskaplikes, is presies die probleem. Daarom bly dit oorleef, ongeag die ongeldigheid daarvan. Dit het vir baie ekwivalent aan 'n geloofsposisie geword, maar hulle besef dit nie eers nie. Die evolutionis Matthews stel dit soos volg, nogal in die inleiding vir Darwin se *The Origin of Species*: "The fact of evolution is the backbone of biology, and biology is thus in the peculiar position of being a science founded on an unproved theory – is it then a science or faith? Belief in the theory of evolution is thus exactly parallel to belief in special creation – both are concepts which believers know to be true but neither, up to the present, has been capable of proof. [L Harrison Matthews, FRS, Inleiding vir Darwin se *The Origin of Species*, JM Dent & Sons Ltd, Londen, bl. xi, 1971] }

Hennie Mouton: "Dit is dus bietjie onsinnig vir evolutioniste om skeppingsleerders hiervan te beskuldig."

Mag ek u daaraan herhinner dat kreasionisme deur alle wetenskaplike organisasies, Universiteite en ook alle die howe uitgewys is as pseudowetenskappe wat net voorgee hulle doen wetenskap, maar nie wetenskap doen nie?

Hennie Mouton: "Nogtans glo ek dat skeppingsleer valsifieerbaar is."

Goddidit is nie valsifieerbaar nie. 'n Sesdaagse skepping minder as tienduisend jaar terug, wel. Dit is reeds verkeerd bewys op letterlik duisende maniere. U voortgesette "argumente" daarteen dui op fundamentalisme in weerwil van bewysde werklikhede. Dit dui nie 'n geestelik gesonde persoon met gesonde argumente nie. Vernaamlik nie as dit kom van iemand wat geensins opgelei is in die natuurwetenskappe nie, maar voorgee dat hy baie daarvan weet. Dis uiters negatief vir die Christendom.

Hennie Mouton: "As daar oortuigende bewysstukke bestaan dat skeppingsleer verkeerd is (byvoorbeeld die aarde is miljoene jare oud, daar was nooit 'n wêreldwye vloed nie, en alle mense stam nie van twee menslike voorouers af nie),...."

Die geologie toon onweerlegbaar en het bewys dat die aarde miljarde jare oud is op verskeie maniere. Die geologie toon onteenseglik dat daar nooit 'n wêreldwye vloed was nie. Die biologie toon onteenseglik dat die mense vandag nie van twee mense afstam nie.

{Agterna HM-kommentaar: Let op Louis se stringe en stringe veralgemeende stellings sonder enige spesifieke argumente of verwysings. Dit is ironies dat Louis hierbo verwys na ongesonde argumente in die lig van die talle kere in hierdie debat waar hy homself weerspreek en met swak en selfs onsinnige argumente vorendag gekom het.}

100% van alle Aardwetenskaplikes in ons land het geen teken gevind van 'n groot vloed in ons gesteentes nie. Daar is doodeenvoudig geen verifieerbare bewysstukke vir die sonvloed in Suid-Afrika nie. Dis wat Aardwetenskaplikes bevind. Jy weet, die mense wat die gesteentes bestudeer. U verwar weereens ook die teorie van evolusie en van biologie en ander wetenskappe. Geologie bepaal die ouderdom van die aarde. Biologie, waaronder die teorie van evolusie val, bepaal nie die ouderdom van die aarde nie.

{Agterna HM-kommentaar: Ja, biologie kan nie die ouderdom van die aarde bepaal nie, maar biologiese evolusie kan nie bestaan sonder die sogenaamde miljarde jare ouderdom van die aarde nie. Daar is dus 'n baie noue koppeling tussen groot ouderdomme en evolusie. Die Visrivieravyn, die Swartberggesteentes, poorte soos Meiringspoort en die Karoo-fossiele kan baie beter met 'n massiewe vloed verklaar word, as met enige ander geologiese proses.}

Die "wetenskaplikes" wat nie die feite aanvaar het nie, doen dit weens ou geskifte en nie met enige vorm van wetenskap nie. Hulle beweer net dat hulle "wetenskap" doen. Net soos die opgeleide "wetenskaplikes" wat die geosentriese heelal voorstel beweer dat hulle "wetenskap" doen. Dit volgens hulle interpretasie van dieselfde geskifte as wat u doen.

{Agterna HM-kommentaar: Weereens wys Louis dat hy geen benul of begrip het van die wetenskap wat skeppingsleerders doen nie.}

Hennie Mouton: "en daar bestaan nie billike alternatiewe vertolkings van die data wat dui op die teendeel nie,....."

Radiometriese metodes, saam met honderde ander, dui absoluut op die teendeel. Die feit dat u dit nie wil aanvaar nie, toon dat u nie die werklikheid wil aanvaar nie. Dit toon dat u niks weet van die natuurwetenskappe nie. Dit toon dat u alle wetenskappe verwerp. U is egter 'n hipokraat, want u gebruik u rekenaar, wat werk op verskeie wetenskaplike teorieë. Een is die atoomteorie: 'n teorie wat deur "skeppingsleerders" verwerp moet word as hulle konsekwent wil wees. Ook deur Elektriese Ingenieurs. Die bestaan van elektrone is 'n gevolg van die atoomteorie. Net soos halfleeftye van isotope.

{Agterna HM-kommentaar: Radiometriese metodes, indien dit reg gebruik word, word nie net deur skeppingsleerders aanvaar nie – dit verskaf in baie gevalle bevestiging van die jong ouderdom van die aarde. Kyk verderaan na die skrywes oor C-14.}

Hennie Mouton: " ... dan sal ek skeppingsleer laat vaar."

Die oorweldigende meerderheid data toon die aarde meer as 10 000 jaar oud is. Hoe ignoreer u die yskerne? Yskerne kan op geen ander manier geïnterpreteer word as 'n aaneenlopende geskiedenis honderde duisende jare oud nie. Ons tel yslae uit boorkerne. Niks interpretasie daaraan verbonde nie. Net  $1+1+1+1+\dots+1 = 400\ 000$  jaar. Daarvolgens is die aarde baie meer as 10 000 jaar oud. En 'n Skepping minder as 10 000 jaar terug verkeerd bewys. Daarvolgens was daar geen wêreldwye vloed nie. Dis dit. Wees eerlik, u glo slegs 'n letterlike interpretasie van die Bybel. Niks anders nie. Die skeppingsleer is nie wetenskap nie.

Hennie Mouton: "En ja, dan sal ek gaan soek na alternatiewe maniere om die Bybel te verstaan (want uit persoonlike ervarings weet ek wel dat die God van die Bybel die Enigste ware God is)."

Die oorweldigende meerderheid Christen-wetenskaplikes interpreteer nie die Bybel soos u nie. Hulle kyk na verifieerbare bewysstukke as hulle wetenskap doen.

Hennie Mouton: "Wat ek wel om my raaksien is dat baie hedendaagse teoloë die aardse dinge in die Bybel nie glo nie (hulle glo die wetenskap het die geskiedenis en die wetenskap in die Bybel verkeerd bewys)...."

Die wetenskap het die letterlike interpretasie van die Bybel verkeerd bewys. Op honderde verskillende maniere. Teoloë kan nie die wetenskap verander nie.

Hennie Mouton: "en gevolglik stort hul geloof in duie soos Jesus na my mening gewaarsku het sou gebeur."

So, u wil 'n argumentum ad consequentiam gebruik? Weet u wat logika is? Vir die wat nie weet nie, die "appeal to consequences" is 'n gedagtegang wat basies dui dat 'n argument verwerp word "want ek hou nie van die gevolge nie, ongeag die waarheid van die argument". Dis wat Hennie Mouton hier probeer doen.

Hennie Mouton: "So wat is my motiewe om skeppingsleer te verkondig en al meer na te vors?"

My persoonlike mening is dat u gevang is deur baie oneerlike mense. Een voorbeeld is dat u dink dat "skeppingsleerders" wetenskap doen. Hulle doen presies die teenoorgestelde as wetenskap. Hulle volg nie die wetenskaplike metode nie. Hulle doen nie wetenskap nie. Ek hoop ook dat u besef dat om skeppingsleerders se "argumente" te lees op die internet nie navorsing is nie. Die bestudering van fisiese bewysstukke wel.

Hennie Mouton: "Eerstens is dit 'n wonderlike instrument om 'n ongelowige wêreld te laat insien dat die Bybel in alle opsigte waar is, en dus van Goddelike oorsprong is."

Dan het u 'n probleem. Dis wetenskaplik bewys dat die aarde miljarde jare oud is. Miskien is u een van die tipes mense wat die miljoene wetenskaplikes en ander wat 'n ou aarde aanvaar nadat hulle die wetenskaplike bewyse bestudeer het laat twyfel aan die betroubaarheid van die Bybel? My Bybel waarsku teen mense soos u.



{Agterna HM-kommentaar: Dis geensins wetenskaplik bewys dat die aarde miljarde jare oud is nie. Op die beste kan Louis sê dat die afleiding van die meerderheid wetenskaplikes, wat met dié aspek werk, is dat die aarde miljarde jare oud is. Omdat ouderdomsbepaling val onder oorsprongwetenskappe, kan dit nie soos operasionele wetenskappe in laboratoriums bewys word nie. Heelwat wetenskaplikes maak met dieselfde basiese wetenskaplike data, heel ander afleidings oor die ouderdomme, omrede hulle voorsiening maak vir sekere unieke gebeurtenisse in die verlede, wat in die Bybel beskryf word, en wat deur talle bewysstukke ondersteun word. Louis se gunsteling tipe wetenskaplikes, ignoreer laasgenoemde bewysstukke.}

Hennie Mouton: "As dit waar is vir die aardse, is dit ook waar vir die hemelse. Talle hedendaagse wetenskaplikes en skeptici het al op hierdie manier tot bekering gekom."

Talle hedendaagse wetenskaplikes en skeptici het al as gevolg van standpunte soos u s'n hul geloof verloor. Sal ons u manier van argumenteer gebruik en begin om die argument van getalle te gebruik?

Hennie Mouton: "Tweedens is dit bevorderlik vir goeie oorsprongwetenskappe."

Leuens is nooit bevorderlik vir enige wetenskap nie. Oorsprongwetenskap is nie wetenskap nie. Maak nie saak hoeveel u protesteer daarvoor nie, dit is nie wetenskap nie. Selfs die woord "oorsprongwetenskap" is 'n oksimoroon. U probeer egter mense vang wat nie opgelei is in enige vorm van natuurwetenskappe nie. U gebruik wetenskapklinkende woorde om mense te mislei om te dink dat u weet wat die natuurwetenskappe is.

{Agterna HM-kommentaar: Ek stem 100% saam dat leuens nie bevorderlik is vir enige wetenskap nie. Daarom moet die evolusiehipotese laat vaar word omdat dit in die asdrom hoort.}

Hennie Mouton: "Nie net het talle grondleggers van die moderne wetenskap (operasionele en oorsprongwetenskappe) in 'n sesdagskepping geglo nie,....."

Ek hoop u weet dat die wetenskap baie dinge uitgevind het sedert Galileo. Ons het sedertdien uitgevind dat daar baie sonnestelsels is. Ook die teorie van gravitasie gevolg deur spesiale realitwiteit. Ook die selteorie. Ook die atoomteorie. Wat dink u doen wetenskaplikes elke dag? Ons het sedertdien uitgevind dat die aarde miljarde jare oud is. Ons het baie dinge uitgevind. Ons kan tot nou vlieg. Iets wat die "grondleggers" van die moderne wetenskap nie gedink het kan gebeur nie. Ons weet nou van DNS. Iets waarvan die "grondleggers" van moderne wetenskap nie eens geweet het nie.

Hennie Mouton: "...heelwat moderne oorsprongwetenskaplike probleme kon slegs opgelos word deur skeppingsleerinsigte. "

U bedoel seker u wil sê "Goddidit". "Goddidit" is egter nie wetenskap nie. Dit verduidelik niks nie. Dit sal nie vliegtuie bou of middels produseer wat griep genees of die effekte daarvan verminder nie. Die wetenskap probeer dit wel doen. "Goddidit" is nie aanvaarbaar om kennis te vermeerder nie.

{Agterna HM-kommentaar: Nee, ek het hier glad nie na Louis se idee van "Goddidit" verwys nie. Ek het verwys na sake soos:

\* die Pioneer-anomalie betreffende swaartekrag,

- \* die magneetveldsterktes van ons buitenste planete wat 'n skeppingsleerder reg voorspel het terwyl die sekulêre model ordes verkeerd was soos jare later met metings aangetoon is,
  - \* die algemene struktuur van die heelal wat nie 'n oud-naby-tot-jonk-ver-struktuur vertoon nie,
  - \* die kambriese ontploffing in biologie,
  - \* die probleme van polistrata-fossiele en verlore strata in geologie en
  - \* die probleem met die standaard Egiptiese kronologie wat bots met die Assiriese kronologie,
- wat deur skeppingsleerwetenskaplikes opgelos kon word.}

Hennie Mouton: "...Ek sal name en voorbeeld met graagte vir jou lys as jy sou belangstel."

Fantasties, daardie 200 "wetenskaplikes" genoem in creation.com? Ek sal sommer die lys hier gee :<http://creation.com/scientists-alive-today-who-accept-the-biblical-account-of-creation>. Dan sal ek ook toon hoe oneerlik hulle is met daardie lys.

Die lys bevat name van omtrent 200 wetenskaplikes, Ingenieurs en filosowe met Ph.D.'s van regoor die wêreld wat glo aan 'n Jong Aarde, geskep minder as 10 000 jaar terug. Daar is 'n paar Suid-Afrikaners op daardie lys. Nie een Suid-Afrikaanse Aardwetenskaplike nie. Aardwetenskaplikes is mense soos geoloë, die mense wat die ouderdom van die aarde bepaal.

Kom ons kyk hoe oneerlik Creation.com is: Die aantal natuurwetenskaplikes en Ingenieurs, net in Amerika, met Ph.D's was 736 700 in 1999. In Suid-Afrika het die Raad vir Natuurwetenskaplikes meer as 900 name van professionele natuurwetenskaplikes met Ph.D.'s (dit sluit Ingenieurs en filosowe uit). <http://www.infoveld.com/sarnap/sarnap.dll/EXEC/2/10qdjxx16i2xea149bu951uythd8>

Hoekom publiseer creation.com nie ook die name die name van die amper 11 000 000 natuurwetenskaplikes en Ingenieurs in Amerika wat "kreationisme" verwerp nie. Tesame met die meer as 3 800 professionele natuurwetenskaplikes in SA. Tesame met die miljoene ander in die res van die wêreld. Dan sal u eerlik wees. 200 uit miljoene beteken nie veel nie. Vernaamlik as daardie 200 weier om in wetenskaplike joernale te publiseer. Hulle publiseer net in traktate en webblaaie soos creation.com, want hulle weet hulle doen nie wetenskap nie en kry baie geld daarvoor. Hulle standpunte is verkeerd bewys op honderde verskillende manier. Tog hou hulle net aan glo, ongeag realiteit.

{Agterna HM-kommentaar: Hierdie leuen van Louis oor kreationiste, hul publikasies en hul kwalifikasies, word tot vervelens toe in hierdie debat herhaal. CMI se *Journal of Creation* byvoorbeeld, een van verskeie, se vorm en gehalte is soortgelyk aan verskeie sekulêre wetenskaplike tydskrifte s'n. Boonop publiseer verskeie skeppingsleerders nog in sekulêre wetenskaplike tydskrifte ook.}

Onthou, Dr. Mouton, hierdie meer as 10 000 000 mense op die lys uit die VSA is gekwalifiseerde mense. Nie mense wat dink hulle doen "navorsing" deur dinge op die internet te lees nie.

Louis

-----

## **Briewe nie geplaas nie! - 2011/04/12**

Louis skryf:

Asseblief Meneer die Redakteur, plaas hierdie brief!

Daniël Michau, jy vra die vraag hoekom sommige van jou briewe nie geplaas word nie, maar ek het dieselfde problem.

Die brief wat ek regtig baie graag wou sou laat plaas, is nooit geplaas nie. Dit was 'n antwoord op Dr. Breitenbach se brief oor die bronne van my getalle oor "skeppingsleerders" teenoor Christelike wetenskaplikes en andere. Ek het my bronne gegee. Dis nooit geplaas nie.

Jy is nie die enigste een wat "onderdruk" word nie, hoor. Ek ken daardie gevoel van onderdrukking. Miskien moet ek nou in 'n gebou vasvlieg. (Toemaar, net 'n grappie)! Ek waardeer die redakteur se werk.

Louis

---

## **Die "oorsprongswetenskap" wat nie eens bestaan nie - 2011/04/12**

Louis skryf:

Ek verwys na die brief van Hennie Mouton van 2011/04/05 en ek kan nie help om daarvoor te reageer nie, want mense moet die waarheid weet.

Hennie Mouton: "...Tweedens is dit bevorderlik vir goeie oorsprongwetenskappe...."

Daar bestaan hoegenaamd nie iets soos "oorsprongswenskappe" nie. Dis 'n opgemaakte ding van sekere pseudo-wetenskap wat wil voorgee dat hulle "wetenskap" doen om mense te mislei.

Die velde van die wetenskap is:

1. Natuurwetenskappe, opgedeel in die fisiese wetenskappe (Chemie, Fisika, Astronomie, Aardwetenskappe, Omgewingswetenskappe) en Lewenswetenskappe (Biologie).
2. Bewussynswenskappe
3. Formele wetenskap (Rekenaars, Wiskunde, Statistieke, Sisteme).
4. Sosiale wetenskappe (Antropologie, Ekonomie, Taal, Fisiologie, Aardrykskunde, Filosofie, Politiek, Sosiologie)
5. Toegepaste wetenskappe (Agronomie, Argitektuur, Onderwys, Ingenieurswese, Gesondheid, Bestuurs, Militêr, Ruimtelik).

As u dus die woord "Oorsprongswetenskap" hoor, weet u dit is iemand wat voorgee dat hulle weet wat wetenskap is deur "wetenskaplike" taalgebruik te besig. Sodeoende probeer hulle voorgee dat hulle "wetenskaplik" is. Daar is egter glad nie nie so iets soos "oorsprongswetenskap" in die

wetenskappe nie. Net by die "skeppingsleerders" wat voorgee dat daar is. Hulle weet nie wat wetenskap is nie of probeer mense mislei.

As u my nie wil glo nie, gaan na 'n baie basiese bron:

[http://en.wikipedia.org/wiki/Fields\\_of\\_science#See\\_also](http://en.wikipedia.org/wiki/Fields_of_science#See_also). Dr. Mouton, gaan u aanhou dat daar so iets soos "oorsprongswetenskappe" bestaan? Weet u van daai gebod van nie die waarheid vertel nie? Ander mense weet baie goed daarvan.

Louis

---

### **Wetenskap en oorsprong - 2011/04/13**

Hennie Mouton skryf:

Dankie vir die definisies van wetenskappe Louis. Jy moet dus nou ophou beweer dat ek nie opgelei is in die Natuurwetenskappe nie – as jy nog verder op die internet gaan soek, sal jy dit kan bepaal (en ek praat nie van die natuurwetenskaplike vakke wat in elk geval deel van my eerste ingenieurskwalifikasie was nie). Ek kan jou hiermee tyd spaar deur jou te verwys na [www.glodiebybel.co.za](http://www.glodiebybel.co.za) waar die boek *Skepping & Evolusie - onversoenbaar!* gratis afgetrek kan word (jy hoef nie eers 'n finansiële bydrae daar te maak nie - dis regtig vrywillig :-). Agterin die boek word my kwalifikasies gegee. Tensy jy natuurlik daarvan gaan hou om jou ongegronde onwaarhede nog weer in die toekoms te herhaal (soos herhaaldelik in jou een brief, byvoorbeeld: "Dr. Mouton, u het nie 'n idee wat wetenskap is nie. U kry u inligting oor wetenskap net van godsdienstige traktate. Onthou, u is nie 'n natuurwetenskaplike nie."). Maar ek twyfel darem of jy dit steeds sal doen, want jy het jou vreeslik gereeld beroep op die onwaarhede wat ek volgens jou verkondig. Ek moet dus aflei dat jy 'n respek vir waarheid het, en dus net onwaarhede weens onkunde verkondig.

Dit is egter by verre verkieslik om die meriete van die sake te bespreek – om jou op die sogenaamde gebrek aan outoriteit van jou opponer te beroep, is nie net swak wetenskap nie, dit dui waarskynlik op 'n onvermoë om goeie wetenskaplike argumente te opper. Jou onkundige beledigings, waarvan ek maar een hierbo aanhaal, val ook nie enigsins binne goeie wetenskap (nog minder binne die wetenskaplike metode) nie.

Dis jammer dat bogenoemde gesê moes geword het, maar hopelik kan die debat nou voortgesit word op die vlak waar dit eintlik van die begin af moes gewees het. Ja Louis, die term oorsprongswetenskappe (wat so terloops nie eerstens deur kreasioniste gedefinieer is sover ek kon uitvind nie), bestaan nie in jou lys hierbo nie. Maar enige denkende mens behoort tog oop te wees vir verdere sinvolle definisies, hetsy binne of oorhoofs tot amptelike gedefinieerde begrippe. As jy nie van die woord hou nie Louis, probeer tog om die begrip te verstaan dat daar verskille is tussen wetenskaplike resultate wat in laboratoriums bepaal kan word, en afleidings wat gemaak word op grond van oorblyfsels van gebeure wat lank terug gebeur het. Laasgenoemde is baie meer vergelykbaar met getuie in 'n hofsaak as eersgenoemde. Ek het darem alle hoop dat meeste lesers hier die begripverskille sal kan waardeer. Nuwe definisies is in elk geval deel van wetenskaplike ontwikkeling.

{Agterna HM-kommentaar: Sommige evolusioniste erken die begripsverskil darem en wel soos volg: "It's true that we can't prove this in the strictest sense, but transitional fossils are suggestive of an evolutionary relationship rather than proof of it." --

<http://atheism.about.com/od/aboutevolution/a/TransitionalFossilsEvolution.htm> Hierdie aanhaling is ook van belang waar Louis lateraan praat oor oorgangsfossiele as bewysstukke vir evolusie.}

Louis het hom ook gereeld op die wetenskaplike metode beroep. Die vraag is of die uitsprake van evolusioniste daaraan voldoen. 'n Insiggewende artikel daaroor, wat Louis gemeet aan sy vorige uitsprake nie sal wil lees nie, is op <http://creation.com/is-evolution-scientific> te vinde. Hopelik sal heelwat lesers daarna gaan kyk. Hopelik sal lesers deur Louis se gewone aantyging van "moenie - dis 'n kreasionistiese webwerf!" sien, en wel hul eie gevolgtrekkings gaan maak.

Hennie Mouton

-----

### **Aa - darem nuwe bewerings - 2011/04/13**

Daniël Michau skryf:

Ek sien my brief is oorgeslaan. Hier's dit weer. Dit is belangrik want dit beantwoord 'n klomp van Louis se mistastings.

Ek gaan nie nou weer herhaal wat vantevore al reeds beantwoord is nie. Ek konsentreer dus op Louis se nuwe bewerings.

Louis, jy hoop klaarblyklik ek het verwys na studies deur kreasioniste betreffende die faling van molekulêre filogenese om evolusie te ondersteun. Ek het nie. Ek het verwys na resultate wat in die wetenskapspublikasies en -tydskrifte "Systematic Biology 47", "Journal of Molecular Evolution 47" en "Biological Bulletin 196" verskyn het.

Ek het nie gesê 'n Bybelse soort is gelykstaande aan 'n genus nie, maar dat dit die naaste daaraan is (in jou raamwerk). Gaan soek op [www.creation.com](http://www.creation.com) onder "baraminology" as jy meer detail wil weet van 'n Bybelse soort.

Louis beweer Stephen Gould was 'n Christen. Alle aanduidings is egter dat hy as Marxis agnosties of ateïsties was. Onder andere het hy gesê: "'there's nothing else going on out there - just organisms struggling to pass their genes on to the next generation. That's it.'" As jy nog meer getuienis wil hê, sal ek jou na ordentlike artikels verwys. Oor hoeveel goed raai jy nog Louis?

Louis, oor die meer en minder inligting het ek vantevore geantwoord. Hoekom daardie skrywe van my herhaaldelik deur Kerkbode-aanlyn geblokkeer is, weet hulle seker. Ek het jou al vantevore gesê waar jy my antwoord nog steeds kan gaan lees.

Archaeopteryx word deur baie evolusioniste nie eers as goeie oorgangskakel beskou nie, maar jy stel dit nog steeds voor. Louis, is jy regtig op hoogte met die nuutste evolusionistiese bevindings? Let op die volgende aanhalings:

\* "Die status van oorgangskakel van Archaeopteryx is egter vinnig besig om te verdwyn. In 1982 het die Neo-Darwinis Ernst Mayr van die Harvard University dit nog as die feitlik perfekte skakel tussen reptiele en voëls beskryf, maar die paleontoloog Larry Martin van die Kansas University het in 1985 geskryf dat dit nie die voorganger van enige groep van moderne voëls was nie. Dit is dus as die eerste ontdekte lid van 'n heeltemal uitgestorwe groep voëls beskou. In 1996 het die paleontoloog Mark Norell van die American Museum of Natural History van New York dit bevestig deur te beweer dat meeste paleontoloë toe geglo het dat Archaeopteryx nie 'n direkte voorganger van die moderne voëls was nie. Die rede is dat daar te veel strukturele verskille tussen Archaeopteryx en moderne voëls is."

\* "Daar was ook verskeie openlike kritici van die dino-na-voël-teorie by die simposium, alhoewel hulle ver in die minderheid was. Een was die wêreldbekende voëlkenner en evolusionis Alan Feduccia van die University of North Carolina, wat voorspel het dat die dino-na-voël-teorie nog as die grootste verleentheid van paleontologie van die 20ste eeu sou uitdraai. Volgens hom is die struktuur van tweebeen-dinosourusse met hul massiewe balanseersterte en klein voorste ledemate heeltemal verkeerd om te dink dat vlug daaruit kon evolueer. Feduccia en sy medewerkers het net vantevore die fossiel van 'n mossiegrootte voël, genoem Liaoningornis, met voetbeentjies en 'n gekielde borsbeen nes moderne voëls ontdek. Dit is deur hulle as 137 tot 142 miljoen jaar oud gedateer. Hierdie ouderdom is ongemaklik naby aan die Archaeopteryx se 150 miljoen jaar, en daarom soek hulle die gemeenskaplike voorganger van voëls nou in nog 'n laer deel van die fossielrekord."

\* "Volgens inligting wat in "Nature", volume 417, van 2002 verskyn het, is goed bewaarde spore van voëls in rotslae in Noordwes-Argentinië gevind, wat volgens evolusionistiese tydskale 55 miljoen jaar ouer as Archaeopteryx is. Die ouderdom is bepaal deur die fossielinhoud van die rotslaag, met ander woorde die geologiese tydskolom, en radiometriese datering. Alhoewel evolusioniste erken dat die getuienis sterk is dat die spore byna identies, indien nie heeltemal identies nie, aan moderne voëls s'n is, verkies hulle om dit "voëlagtig" te noem en dit toe te skryf aan 'n tot nog toe onontdekte dinosourus met voëleienskappe. In werklikheid plaas hierdie getuienis ernstige vraagtekens op die status van Archaeopteryx as eerste voël of die betroubaarheid van die megajaardateringsresultate of beide."

Louis, daar bestaan verwysings vir elkeen van hierdie stellings. Om te beweer dat daar nog duisende oorgangskakels tussen genusse is, is niks werd nie. Dis te algemeen. Jy moet maar nog spesifieke voorbeelde noem. Archaeopteryx is waarskynlik een van die bestes waarvan jy weet, maar as selfs die beste een misluk, laat dit jou nie bietjie dink nie?

Louis skryf: "Blykbaar dink kreasioniste dat katte geboorte gaan skenk aan honde." Glad nie Louis, maar ek glo tog jy probeer met hierdie stelling eintlik snaaks wees. Skeppingsleerders glo katte en honde is van die begin af (die skeppingsweek) deel van verskillende Bybelse soorte – kyk boontoe oor genusse en baraminologie. Hulle het dus geen gemeenskaplike voorganger soos jy glo nie – wel 'n gemeenskaplike Ontwerper.

Louis skryf: "Nou kom jy uit wat die Teorie van Evolusie eintlik is. 'n Hele reeks organismes, waarvan elkeen binne sy eie kladistiese groepering val, maar die twee eindpunte val onder verskillende groeperings. En dit hou nie op nie, elkeen het nog kinders." Ek is bly dat jy Louis, anders as Louis van Ryneveld, darem raakgesien het wat ek hier geskryf het en dat ek dus heeltemal verstaan wat

evolusioniste probeer glo. Maar sien Louis, dis nou wat evolusioniste behoort aan te toon as hulle hul hipotese na 'n teorie wil verhef kry: die fossielrekord of DNS-studies, moet bewysstukke verskaf dat 'n spesie in een genus deur verskillende spesies verander het in 'n spesie in 'n ander genus. Dit kan nie eers vir die mens, waar waarskynlik die hardste daarvoor gesoek word, aangetoon word nie. Daarom is bitter min evolusioniste bereid om nog 'n familieboom vir die mens op te trek, want daar is geen ooreenstemming selfs onder hulle daaroor nie, en elke poging tot dusver het geldige besware.

Louis bevestig wat ek van Gould se sprongteorie geskryf het, en wel soos volg: "Hy [Gould] het uitgewys dat die groot verskille baie meer duidelik in die fossielrekord toon." Presies Louis, daarom bevestig die fossielrekord nie evolusie nie, want die groot verskille sonder selfs die middelmatige stappies van spesie na spesie tussenin, klop baie beter met bonatuurlike skepping as met die evolusiehipotese. George Gaylord Simpson stel dit soos volg: "But the appearance of a new genus in the record is usually more abrupt than the appearance of a new species: the gaps involved are generally larger, that is, when a new genus appears in the record it is usually well separated morphologically from the most nearly similar other known genera. This phenomenon becomes more universal and more intense as the hierarchy of categories is ascended. Gaps among known species are sporadic and often small. Gaps among known orders, classes, and phyla are systematic and almost always large."

Louis, jy skryf: "Kreasioniste weier om enige van hulle "navorsing" te publiseer in wetenskaplike joernale vir wetenskaplikes om te lees en te evalueer." Dit is eenvoudig onwaar. Soek "creationists publish" op [www.creation.com](http://www.creation.com) en jy sal die onsinnigheid van jou stelling hopelik insien. Die feit is dat daar geweldig gediskrimineer word teen selfs hoogstaande wetenskaplike publikasies wat evolusie kritiseer – waarskynlik dra dit by tot Louis se gebrekkige kennis van die probleme met evolusie.

Louis vra in watter biologiehandboeke abiogenese (aan die hand van die Miller-Urey-eksperimente) as bewysstuk vir evolusie voorgehou word, want hy weet skynbaar van geen een nie. Hier is 'n lys:

- \* "Biology: The Dynamics of Life" deur Biggs, Kapicka en Lundgren,
- \* "Biology" 5th edition deur Campbell, Reece en Mitchell,
- \* "Evolutionary Biology" deur Futuyma,
- \* "Biology" deur Guttman,
- \* "Biology: Vizualizing Life" deur Johnson,
- \* "Biology" 6th edition deur Mader,
- \* "Biology" 5th edition deur Miller en Levine,
- \* "Biology" 5th edition deur Raven en Johnson,
- \* "Biology: The Study of Life" 7th edition deur Schraer en Stoltze,
- \* "Biology: The Unity and Diversity of Life" 8th edition deur Starr en Taggart,

\* en dan ook ons eie Suid-Afrikaanse hoërskoolhandboek vir graad 11's en 12's "Verken Lewenswetenskappe".

Aarde Louis, is jy regtig 'n bioloog?

Daniël Michau

-----

### **Allerlei stellings - 2011/04/17**

Hennie Mouton skryf:

Baie dankie aan Kerkbode-aanlyn wat hierdie debatte op hul webwerf toelaat. Heelwat waardevolle inligting is al hier meegedeel, en ek hoop regtig dat baie mense dit objektief sou lees en dan hul eie gevolgtrekkings sou maak. Daar bestaan in werklikheid bitter min ordentlike webwerwe waar die saak van skepping en evolusie, of ander kerkverwante sake gedebatteer kan word.

Louis se lang brief aan Johnman en Hennie Mouton van 2011/04/11 bevat heelwat stellings en onwaar beskuldigings wat al reeds beantwoord is, of nuwe aantygings wat bitter min substans bevat of selfs onsinnig is. Voorbeelde van laasgenoemde is:

\* Louis beweer dat alle howe uitgewys het dat kreasionisme pseudowetenskap is. Nou kan mens sekerlik wonder hoe Louis so 'n verspotte oordrywing gaan bewys – veral nogal ALLE howe. Hoe sterk is iemand se argumente as hy van onsinnige oordrywing moet begin gebruik maak?

\* Louis beweer dat kreasioniste oneerlik is deur 'n lys te publiseer van 200 wetenskaplikes met PhD's wat glo die aarde is minder as 10 000 jaar oud. Hy vind dit oneerlik dat hulle nie die miljoene se name publiseer wat kreasionisme verwerp nie. Nee Louis, dis belaglik om dit oneerlik te noem – CMI het geensins probeer beweer dat die kreasioniste in die meerderheid of selfs naby daarin is nie. Hulle het bloot gewys dat daar hoogs gekwalifiseerde wetenskaplikes is wat die Bybel letterlik glo waar die skryfstyl sodanig is. Is dit jou beste voorbeeld van sogenaamde oneerlikheid op [www.creation.com](http://www.creation.com)? 'n Mens kan eerder wonder oor oneerlikheid by Louis waar hy nie die syfers gee van wetenskaplikes met PhD's wat kreasionisme verwerp nie, maar bloot net die baie groter syfer van wetenskaplikes. Hoekom moet Louis misleidende bewerings maak deur onvergelykbare syfers met mekaar te vergelyk om sy punt te probeer bewys?

\* Louis beweer kreasioniste weier om in tegniese tydskrifte te publiseer. Dit is pure onsin en dui op absolute onkundigheid of doelbewuste oneerlikheid. Soek "creationists publish" op [www.creation.com](http://www.creation.com) en lees artikels hieroor.

Louis beweer 'n sesdagskepping minder as 10 000 jaar gelede is letterlik verkeerd bewys op duisende maniere. Nou Louis hoekom noem jy nie maar net 5 van die beste "bewyse" waarvan jy weet betreffende die aarde se ouderdom nie, dan bespreek ons die geldigheid daarvan? Jy dink tog duidelik dat jy voldoende wetenskaplik kan dink dat jy ook sake buitekant biologie kan oorweeg? Of gaan jou beste verweer wees om jou op die meerderheid te beroep? Die interessante is dat biologiese evolusie kritiek afhanklik is van die aanname dat lewe al miljarde jare moes bestaan het. Sou daardie aanname verkeerd wees, selfs al ignoreer mens al die ander probleme met die evolusiehipotese, stort die hele idee in duie. Om die vae bewering te maak dat die geologie dit



bewys het, beteken nie veel nie. Noem spesifieke sake in die geologie as hulle van jou beste "bewyse" is.

Louis sê 100% van alle Aardwetenskaplikes in ons land het geen teken van 'n groot vloed in ons gesteentes gevind nie. Die 100% is weereens 'n oordrywing, maar kom ons probeer maar net om sy basiese stelling se geldigheid te ondersoek. Louis, hoe sou jy die Visrivieravyn, die vouingsgesteentes in die Swartberge en die Enon-konglomoraat (onder andere aan die Oudtshoornkant van Meiringspoort) verduidelik sonder 'n groot vloed of vloede? Hoe verklaar jy die aanvanklike vorming van byvoorbeeld Meiringspoort sonder 'n baie groot vloed? Hoe sou jy die oervloedige sedimentêre gesteentes in ons land met sy talle fossiele verklaar sonder 'n groot vloed of vloede? Weet jy dat sekulêre geoloë vir dekades lank bitter min van katastrofes wou geweet het om geologiese strukture te verklaar, maar oor die afgelope paar dekades begin besef het dat dit 'n fout was – soveel so dat hulle begin praat het van Neo-katastrofisme?

Daar bestaan talle en talle voorbeelde waar radiometriese dateringsresultate ordes en ordes verkeerd bewys is. Dit bly meestal faal ondanks die nuutste metodes waar alle moontlike effekte wat foutiewe resultate kan oplewer verwyder of in berekening gebring is. Louis, weet jy hiervan? Louis, hoekom kon daar nog geen steenkool ooit gevind word wat geen C-14 bevat nie? Hoekom is Pre-Kambriese diamante gevind wat C-14 bevat? Jy weet sekerlik dat as enige hiervan enigsins C-14 bevat, dit omrede die halfleeftyd van C-14 na N-14 van slegs 5 730 jaar onmoontlik ouer as 100 000 jaar kan wees? Maar as die onderste laag van die geologiese kolom (die Pre-Kambriese laag) jonger as 100 000 jaar is, hoe kan byvoorbeeld die mens en die aap se sogenaamde gemeenskaplike voorganger 5 tot 10 miljoen jaar gelede bestaan het, terwyl dit baie hoër op in die geologiese kolom na bewering gevind behoort te word?

Louis jy verwys na die yslae in boorkerne wat getel word en dan glo 'n antwoord gee van 400 000 jaar. Louis ek sal jou nou nie 'n leuenaar noem soos jy my by herhaling genoem het nie, maar ek vermoed jy weet nie dat die onderste lae nie getel kan word nie. Die probleem is dat die groot drukking ondertoe maak dat dit wat in die boonste lae onderskei kan word as jaarlae (wat dit ook nie altyd is nie), nie ondertoe onderskei kan word nie. Omdat dit ondertoe nie onderskei kan word nie, en indien mens besef dat daar iets soos 'n ystydperk was, waar die sneeuval baie hoër was vir 'n relatief lang tydperk as daarna, kan die tydperk afgelei uit die yslae in boorkerne maklik versoen word met byvoorbeeld 4 000 jaar. Louis, wat jy onwaarskynlik weet, is dat skeppingswetenskaplikes 'n baie beter verklaring het vir hoekom daar 'n ystydperk was, as die tientalle pogings van wetenskaplikes wat nie 'n wêreldwye vloed wil oorweeg nie.

Dankie Louis vir jou enkele sinvol bespreekbare punte. Dis jammer van die res.

Hennie Mouton

-----

#### **Daniël Michau se antwoord (weer sonder verwysings) - 2011/04/18**

Louis skryf:

Die eerste van my antwoord aan Daniël Michau se brief van 2011/04/13. Sy antwoord was lank, so ek moet dit beantwoord in meer as een brief.

Daniël Michau: "Ek sien my brief is oorgeslaan. Hier's dit weer. Dit is belangrik want dit beantwoord 'n klomp van Louis se mistastings. Ek gaan nie nou weer herhaal wat vantevore al reeds beantwoord is nie. Ek konsentreer dus op Louis se nuwe bewerings. Louis, jy hoop klaarblyklik ek het verwys na studies deur kreasioniste betreffende die faling van molekulêre filogenese om evolusie te ondersteun. Ek het nie. Ek het verwys na resultate wat in die wetenskapspublikasies en -tydskrifte "Systematic Biology 47"

.... Jou woorde "o 'n 1996-studie van 88 proteïene het konyne saam met primate in plaas van knaagdiere gegroepeer."

Asseblief, weereens gee jy net vae verwysings. Weereens kan ek sien jy het nie 'n idee van hoe die wetenskappe werk nie. Daar is honderde studies van konyne. Wie het die artikel wat jy na verwys geskryf? Gee 'n regte verwysing, soos, byvoorbeeld: "Novacek, M. J. 1996. Where do rabbits and kin fit in? Nature 379:299-300." Ek kry doodeenvoudig nie jou vae verwysings nie. Ek twyfel of jou verwysings regtig bestaan.

Daniël Michau: " "Journal of Molecular Evolution 47" en "Biological Bulletin 196" verskyn het."

Dieselfde soos bo. Niemand gaan vir ure soek vir bewerings nie. Gee die verwysings wat baie maklik opgespoor kan word. As jy nie kan nie, moet mense dit bevraagteken.

{Agterna HM-kommentaar: *Systematic Biology* 47 (1998), bl. 61-76; *Journal of Molecular Evolution* 47 (1998), bl. 307-322; *Biological Bulletin* 196 (1999), bl. 345-350. Die punt hier is dat Louis duidelik nie weet van hierdie probleme met molekulêre filogenese nie, en tweedens dat hy geen antwoord daarop het nie.}

Daniël Michau: "Ek het nie gesê 'n Bybelse soort is gelykstaande aan 'n genus nie, maar dat dit die naaste daaraan is (in jou raamwerk)."

Dit sou maklik wees vir jou om 'n definisie te gee as jy een het. Vae verwysings werk nie. Wat is jou weergawe van "baraminologie"?

Daniël Michau: "Gaan soek op [www.creation.com](http://www.creation.com) onder "baraminology" as jy meer detail wil weet van 'n Bybelse soort."

Nou kry jy weereens iets soos "baraminologie" en gee voor dat kreasionisme wetenskap is! Daar is nie iets soos "baraminologie" in enige vorm van Biologie of wetenskap nie. Nou wil jy my weereens na 'n godsdienstige webwerf verwys. Daniël die wetenskap werk nie met godsdienstige webwerwe nie. Dit werk met regte verwysings na wetenskaplike joernale, tesame met eweknie-besprekings daarvan. Het jy geensins so iets nie?

Louis

{Agterna HM-kommentaar: Weereens verwerp Louis 'n begrip (soos met "oorsprongwetenskappe") omrede hy nie van die bron hou nie, al het hy glad nie gaan lees wat daar staan nie. 'n Goeie wetenskaplike sal baie eerder die argument aanvat as hy kon.}

-----

## Antwoord aan Dr. Mouton - 2011/04/19

Louis

Geagte Meneer die Redakteur

Ek weet nie of ek al hierdie brief gestuur het nie, want ek is nog besig met 'n paar antwoorde. As ek hierdsie een al gestuur het, kan u dit vervang met hierdie nuwe weergawe?

Hennie Mouton: "Dankie vir die definisies van wetenskappe Louis."

Ja, ek hoop u en die lesers weet ook nou wat wetenskap is. Niks van "oorspongs wetenskap" daarin nie.

Hennie Mouton: "Jy moet dus nou ophou beweer dat ek nie opgelei is in die Natuurwetenskappe nie – as jy nog verder op die internet gaan soek, sal jy dit kan bepaal (en ek praat nie van die natuurwetenskaplike vakke wat in elk geval deel van my eerste ingenieurskwalifikasie was nie)."

Voorgraadse vakke in enige rigting maak u baie vêr van 'n natuurwetenskaplike af.

Die enigste natuurwetenskaplike kwalifikasie wat u het is 'n B.Sc. met Toegepaste Wiskunde en Sterrekunde. Hoe help toegepaste Wiskunde en Sterrekunde u enigets met Biologie, Geologie en Paleontologie? U is definitief glad nie enigsins opgelei om enigsins te kan beweer dat daardie honderde duisende opgeleide Bioloë, Palaeontoloë en Geoloë, met regte, nagraadse kwalifikasies in daardie vakgebiede, almal verkeerd is nie. U bewering dat u B.Sc. in Toegepaste Wiskunde en Sterrekunde u nou 'n natuurwetenskaplike maak is natuurlik net 'n grootheidswaan of om mense te mislei met u kwalifikasies. U is doodeenvoudig nie 'n natuurwetenskappe nie.

U beweer dus dat opleiding in elektriese ingenieurswese u 'n opgeleide persoon in fisika, Geologie, Chemie, Biologie, ens. maak. U is so verskriklik slim. Hoekom studeer ander mense nog die ander rigtings?

{Agterna HM-kommentaar: Let daarop dat ek myself nooit 'n natuurwetenskaplike of 'n opgeleide persoon in fisika, geologie, chemie, biologie ensovoorts genoem het, soos Louis beweer nie. Oor Louis se eie kwalifikasies of gebrek daaraan, swyg hy natuurlik soos die graf. Die rede is waarskynlik onder andere dat hy nie geïdentifiseer wil kan word nie, soos hy vantevore laat blyk het, maar is dit al rede?}

Hennie Mouton: "Ek kan jou hiermee tyd spaar deur jou te verwys na [www.glodiebybel.co.za](http://www.glodiebybel.co.za) waar die boek *Skepping & Evolusie - onversoenbaar!* gratis afgetrek kan word (jy hoef nie eers 'n finansiële bydrae daar te maak nie - dis regtig vrywillig :-). Agterin die boek word my kwalifikasies gegee."

Duidelik is u geensins 'n natuurwetenskaplike nie. U het nie die nodige kwalifikasies in die natuurwetenskappe om uself so te kan noem nie. U het egter kwalifikasies om 'n Ingenieur genoem te word.

Hennie Mouton: "Tensy jy natuurlik daarvan gaan hou om jou ongegronde onwaarhede nog weer in die toekoms te herhaal (soos herhaaldelik in jou een brief, byvoorbeeld: "Dr. Mouton, u het nie 'n idee wat wetenskap is nie. U kry u inligting oor wetenskap net van godsdienstige traktate. Onthou, u is nie 'n natuurwetenskaplike nie.>"). "

Glad nie ongegrond nie. U is nie 'n natuurwetenskaplike nie. U het nog nooit in enige wetenskaplike joernaal gepubliseer nie. U is 'n Elektroniese Ingenieur wat vir Krygkor of so iets gewerk het. Geen natuurwetenskaplike agtergrond nie. Nou beweer u dat u 'n "wetenskaplike" is. Hoekom vertel u nie sommer wat u laat dink dat u alles weet van Biologie, Paleontology en Geologie nie?

{Agterna HM-kommentaar: Louis verdraai hier die waarheid deur ons te beskuldig van allerlei aansprake wat ons glo gemaak het, waarskynlik om sy eie onsinnige stellings dat ek en Daniël niks van wetenskappe weet nie, te verdoesel. Waarskynlik glo hy dat "aanval die beste verweer is", ongeag die leuens wat hy saam daarmee verkondig.}

Hennie Mouton: "Maar ek twyfel darem of jy dit steeds sal doen, want jy het jou vreeslik gereeld beroep op die onwaarhede wat ek volgens jou verkondig."

U het dus nie die waarheid gepraat nie. U is eintlik 'n wonderlike tandetrekker. Reeds agtergekom.

{Agterna HM-kommentaar: Dit kon nogal snaaks gewees het.}

Hennie Mouton: "Ek moet dus aflei dat jy 'n respek vir waarheid het, en dus net onwaarhede weens onkunde verkondig."

Nee, Dr. Mouton, u vertel nie die waarheid nie.

Hennie Mouton: "Dit is egter by verre verkieslik om die meriete van die sake te bespreek – om jou op die sogenaamde gebrek aan outoriteit van jou opponent te beroep, is nie net swak wetenskap nie, dit dui waarskynlik op 'n onvermoë om goeie wetenskaplike argumente te opper."

Enigiemand wat nooit in wetenskaplike joernale publiseer het nie en wat voorgee hy is 'n wetenskaplike kan nie ernstig opgeneem word nie, want hy is nie 'n wetenskaplike nie. Dis baie eenvoudig. Argumente in erkende publikasies, gelees, deur die oorgrote meerderheid pesialiste (eweknieë), wat oortuig moet word deur redenasies, dm.v. fisiese, empiriese bewysstukke. Dit word aanvaar as wetenskap. Publikasies in godsdienstige traktate sal dit nooit doen nie.

{Agterna HM-kommentaar: Aha – nuwe vereistes noudat sy aanvanklike stellings deur die mat geval het. Nou hoe sal ons kan uitvind hoeveel anonieme Louis al ooit gepubliseer het?}

Hennie Mouton: "Jou onkundige beledigings, waarvan ek maar een hierbo aanhaal, val ook nie enigsins binne goeie wetenskap (nog minder binne die wetenskaplike metode) nie."

Iemand wat nog nooit in sy lewe deur enige ander wetenskaplike geevalueer is nie, wat dit kwytraak?

{Agterna HM-kommentaar: Louis is sekerlik daarvan bewus dat iets soos 'n PhD darem evaluasies deur ander wetenskaplikes insluit? Onthou dat Louis self almal ingelig het dat ingenieurswese ook

wetenskap is. Verder is my werk sodanig dat evaluasie in terme van ontwerpshersienings deel van die bedryf is. Maar in die missielbedryf gaan dit nog 'n stappie verder as in Louis se natuurwetenskappe – ander moet nie net oortuig word van die teoretiese korrektheid van jou bydrae nie – uiteindelik moet die praktyk dit demonstreer. Louis se stelling dat ek nog nooit in my lewe deur ander wetenskaplikes geëvalueer is nie, is dus loutere onsin.}

Hennie Mouton: "Dis jammer dat bogenoemde gesê moes geword het, maar hopelik kan die debat nou voortgesit word op die vlak waar dit eintlik van die begin af moes gewees het."

Die enigste wetenskaplike debat word in wetenskaplike joernale gevoer. Nêrens anders nie. U bewerings gaan nooit die wetenskap verander nie, want kreasionisme is nie wetenskap nie.

Hennie Mouton: "Ja Louis, die term oorsprongwetenskappe (wat so terloops nie eerstens deur kreasioniste gedefinieer is sover ek kon uitvind nie), bestaan nie in jou lys hierbo nie."

Die term "oorsprongwetenskappe" bestaan nie in die wetenskap nie. Dit bestaan net in godsdienstige traktate. Dis 'n woord opgemaak deur mense wat nie wetenskap doen nie, want hulle volg nie die wetenskaplike metode nie en maak hulle eie name op om mense te mislei. Daarna gee hulle voor "oorsprongwetenskap" is wetenskap.

Hennie Mouton: "Maar enige denkende mens behoort tog oop te wees vir verdere sinvolle definisies, hetsy binne of oorhoofs tot amptelike gedefinieerde begrippe."

Enige denkende mens behoort te weet dat daar nie so iets soos "oorsprongwetenskappe" is in die wetenskap nie. Vra die natuurwetenskaplikes wat wetenskap is.

Hennie Mouton: "As jy nie van die woord hou nie Louis, probeer tog om die begrip te verstaan dat daar verskille is tussen wetenskaplike resultate wat in laboratoriums bepaal kan word, en afleidings wat gemaak word op grond van oorblyfsels van gebeure wat lank terug gebeur het."

Mens noem dit die harde wetenskappe. Dis die natuurwetenskappe. Dit sluit in dinge wat nog gebeur en dinge wat reeds gebeur het. Nêrens iets genaamd "oorsprongwetenskappe" daarin nie.

Hennie Mouton: "Laasgenoemde is baie meer vergelykbaar met getuieis in 'n hofsaak as eersgenoemde. "

Die wetenskaplike metode is wonderlik om dit te probeer bepaal wat gebeur het. Die metode het himself bewys as baie betroubaar, tot so 'n mate dat ek en tot kreasioniste, wat die wetenskap ontken en wil verander, die internet kan gebruik op rekenars wat werk op elektrisiteit. Op wetenskaplike teorieë.

Hennie Mouton: "Ek het darem alle hoop dat meeste lesers hier die begripverskille sal kan waardeer."

Daar is baie meer natuurwetenskaplikes in die wêreld as wat jy dink daar is, Hennie. Daar's duisende net in hierdie land. Hulle weet wanner mense wat nie 'n natuurwetenskaplike is nie voorgee om een te wees, hulle weet wat die natuurwetenskappe is en hulle weet ook wat skynwetenskappe is.

{Agterna HM-kommentaar: Nou wat laat Louis dink hy weet hoeveel natuurwetenskaplikes ek dink daar in die wêreld is? Die belangrike punt is eintlik dat die meerderheidsopinie (selfs van wetenskaplikes) nie noodwendig die waarheid is nie – soos met geosentrisme 'n paar eeue gelede, of met paleontologiese misleiding soos Piltdown-man, en Neanderdallerkonstruksies selfs baie meer onlangs. Met die wetenskaplike metode en al, kry mens nog steeds oneerlike wetenskaplikes, goedgeelowige wetenskaplikes en wetenskaplikes wat foute maak.}

Hennie Mouton: "Nuwe definisies is in elk geval deel van wetenskaplike ontwikkeling."

Net nuwe definisies wat verkry word deur die wetenskaplike metode te volg. Nie julle pseudowetenskap nie.. Daar is doodeenvoudig nie so 'n ding soos "oorsprongswetenskappe" of "skeppingswetenskappe" in die natuurwetenskappe nie. Selfs die naam dui dat dit nie wetenskap is nie, want dis 'n oksimoroon.

Hennie Mouton: "Louis het hom ook gereeld op die wetenskaplike metode beroep. Die vraag is of die uitsprake van evolusioniste daaraan voldoen."

Ons weet dat u almal wat nie met u saamstem nie "evolusioniste" noem. Selfs mense wat Fisici is en niks kan bydra tot enige debat oor evolusie nie, maar die wetenskaplike metode aanvaar en daarom ook die teorie van Evolusie aanvaar. Snaaks dat alle Universiteite en Wetenskaplike Organisasies dink dat die teorie van Evolusie, soos deur Bioloë gedefinieer wel aan die metode voldoen. Nou kom 'n Ingenier, met absoluut geen opleiding in Biologie nie, en vertel hulle almal hulle doen nie wetenskap nie. Dink u nie gewone mense kan dalk dink dat taamlik belaglik is nie?

Hennie Mouton: " 'n Insiggewende artikel daaroor, wat Louis gemeet aan sy vorige uitsprake nie sal wil lees nie, is op <http://creation.com/is-evolution-scientific> te vinde.'

Ek probeer om my wetenskaplike inligting uit wetenskaplike bronne te verkry. Moet ek begin om al die leuens op daardie webblad ook te lys? Godsdienstige bronne werk nie in die wetenskap nie. Onthou vir Galileo.

{Agterna HM-kommentaar: Galileo se eerste probleem was met die wetenskaplikes van sy tyd waarvan die MEERDERHEID die geosentriese model aanvaar het. Sy latere probleem was met die pous omdat hy laasgenoemde beledig het. Enigeen kan "Galileo" op [www.creation.com](http://www.creation.com) gaan opsoek om te sien waarom hierdie verwysing van Louis en baie ongelowiges na Galileo heel ontoepaslik is.}

Hennie Mouton: "Hopelik sal heelwat lesers daarna gaan kyk. Hopelik sal lesers deur Louis se gewone aantyging van "moenie - dis 'n kreasionistiese webwerf!" sien, en wel hul eie gevolgtrekkings gaan maak."

Ek hoop ook so. Daai webwerf is nogal baie lagwekkend so vroeg in die oggend. Dit maak elke keer my dag.

Indien mense wetenskaplike inligting wil verkry, lees eerder wetenskaplike joernale. Enige malletjie kan enigiets op die internet plaas en voorgee dat hulle wetenskap doen. Glo eerder die oorgrote meerderheid wetenskaplikes oor wetenskap. Dit help nie om mense te glo wat voorgee dat 'n plat aarde "wetenskap" is nie. Onthou ook daar is mense weet glo dat die son om die aarde draai en

hulle noem dit wetenskap. Onthou ook dat kreasionisme deur alle wetenskaplike organisasies, Universiteite en deur howe as pseudo-wetenskap beskou word. Kreasioniste se ontkenning van die werklikheid gaan nie die werklikheid verander nie.

Louis

{Agterna HM-kommentaar: Louis maak hierdeur sy skynbare vrees dat mense skeppingsleerwetenskap sal lees en glo, net nog duideliker.}

-----

### **Nog 'n antwoord aan Danië Michau - 2011/04/19**

Louis skryf:

Geagte Redakteur

Ek weet nie of ek al hierdie brief gestuur het nie, want ek is nog besig met 'n paar antwoorde. As ek hierdie een al gestuur het, kan u dit vervang met hierdie nuwe weergawe?

Daniël Michau: "Archaeopteryx word deur baie evolusioniste nie eers as goeie oorgangskakel beskou nie, maar jy stel dit nog steeds voor. Louis, is jy regtig op hoogte met die nuutste evolusionistiese bevindings? Let op die volgende aanhalings: "Die status van oorgangskakel van Archaeopteryx is egter vinnig besig om te verdwyn.""

Seker weer wensdenkery van kreasionistiese webskakels. Dis totaal onwaar. Archaeopterix is en was nog steeds 'n wonderlike oorgangskakel.

Daniël Michau: "In 1982 het die Neo-Darwinis Ernst Mayr van die Harvard University dit nog as die feitlik perfekte skakel tussen reptiele en voëls beskryf,....."

Dit was en is nog altyd 'n perfekte oorgangskakel. Hier is sommige eienskappe wat dit een maak: Archaeopterix word gedefinieer as 'n voël (tegnies avialies). Dit het meer dinosaurusse se eienskappe as die van voëls. Die hoof voëleienskappe is: Lang, eksterne neusgate; kwadrate en kwadratogonale (twee kakebene) wat nie wat nie aanmekaar geheg is nie; palaatbene wat drie ekstensies het; alle tande bevat geen serasies nie; groot laterale groewe aan die bo en agterkante van die werwels.

Ander voëlagtige eienskappe word ook gevind in verskeie nie-aviese dinosaurusse. Dit sluit in vere, 'n wensbeen aanmeekaargeheg in die middel, en 'n skaamstreek wat verleng is na agter.

Dinosaur-eienskappe sluit in: Geen snawel nie Tande op die premaxilla en maxilla bene Neusopening vër vorentoe, geskei deur 'n groot preorbitale gat. Nek heg by die kopbeen aan van die agterkant af. Lang, gewerwelde stert. Sakrum wat ses werwels bevat. Archaeopterix is intermediêr tussen dinosaurus en voëls in die vorm van die kraaibekbeen en bo-armbeen en ook die brein. Daar is nog meer as 100 ander verskille van voëls. Dus 'n fantastiese mosaïek van eienskappe van voëls en dinosaurus.

Daniël Michau: " ..... maar die paleontoloog Larry Martin van die Kansas University het in 1985 geskryf dat dit nie die voorganger van enige groep van moderne voëls was nie."

Daar is nooit beweer dat dit 'n voorganger was nie. Daar is wel beweer dat dit 'n oorgangsfossiel is.

Daniël Michau: "Dit is dus as die eerste ontdekte lid van 'n heeltemal uitgestorwe groep voëls beskou. "

Voëls met tande en lang, gewerwede sterte. 'n Perfekte oorgangskakel tussen dinosaurusse en moderne voëls.

Daniël Michau: "In 1996 het die paleontoloog Mark Norell van die American Museum of Natural History van New York dit bevestig deur te beweer dat meeste paleontoloë toe geglo het dat Archaeopteryx nie 'n direkte voorganger van die moderne voëls was nie. Die rede is dat daar te veel strukturele verskille tussen Archaeopteryx en moderne voëls is."

Geen paleontoloog het nog ooit beweer dat Archaeopteryx 'n direkte voorganger van voëls was nie. Net dat dit 'n oorgangsfossiel is.

{Agterna HM-kommentaar: Volgens paleobioloog Gregory M. Erickson van die Florida State University: "The raptor-like Archaeopteryx has long been viewed as the archetypal first bird, but new research reveals that it was actually a lot less "bird-like" than scientists had believed." Weereens blyk dit dat Louis 'n wilde kans gevat het met 'n ongegronde stelling. "Archetypal first bird" dui sekerlik op 'n veronderstelde voorganger. "Geen paleontoloog nog ooit ..." is maar net eenvoudig swak tipe opmerkings, veral vir 'n wetenskaplike. As hy gesê het dat die opinie verander het, was hy reg, maar oordrewe, ongegronde uitlatings laat mens net in die moeilikheid kom.}

Daniël Michau: "Daar was ook verskeie openlike kritici van die dino-na-voël-teorie by die simposium, alhoewel hulle ver in die minderheid was."

Dis vir my altyd snaaks dat as wetenskaplikes redeneer oor hoe evolusie presies plaasgevind het, die Jong Aarde kreasioniste dink dit wys dat die aarde 6 000 jaar oud is. Daniël, hulle redeneer oor presies "hoe" dit plaasgevind het, niks anders nie.

Daniël Michau: "Een was die wêreldbekende voëlkenner en evolusionis Alan Feduccia van die University of North Carolina, wat voorspel het dat die dino-na-voël-teorie nog as die grootste verleentheid van paleontologie van die 20ste eeu sou uitdraai."

Ek wil jou net daaraan herhinner dat Dr. Feduccia nie evolusie bevraagteken nie. Hy stel net 'n ander manier van hoe dit gebeur het, voor. Hy was toe in elk geval verkeerd. Sy navorsing is gepubliseer en daar is op verskeie foute daarin gewys deur duisende ander Paleontoloë. Sy redenasie is dus verwerp deur die konsensus van spesialiste.

{Agterna HM-kommentaar: Dit is sinneloos om hier vir Daniël daarin te herinner dat dr. Feduccia nie evolusie bevraagteken nie, want drie sinne later, wat Louis ook hieronder aanhaal, sê Daniël dit. Feduccia se redenasie is in elk geval nie deur die konsensus van spesialiste verwerp nie, maar deur die meerderheid. Weereens wonder mens hoekom Louis so moet oordryf.}

Daniël Michau: "Volgens hom is die struktuur van tweebeen-dinosaurusse met hul massiewe balanseersterte en klein voorste ledemate heeltemal verkeerd om te dink dat vlug daaruit kon evolueer."



Die kenners het nie sy argumente aanvaar nie.

Daniël Michau: "Feduccia en sy medewerkers het net vantevore die fossiel van 'n mossiegrootte voël, genoem Liaoningornis, met voetbeentjies en 'n gekielde borsbeen nes moderne voëls ontdek."

Jy moet bybly. Dr. Feduccia het sy bevindinge geherevalueer nadat hulle meer volledige fossiele gekry het. Liaoningornis is toe ook 'n oorgangsfossiel tussen dinosourusse en voëls.

{Agterna HM-kommentaar: Dr. Feduccia glo geensins dat voëls van dinosourusse afstam nie. As Louis die teendeel beweer, sal hy die verwysings moet verskaf.}

Daniël Michau: "Dit is deur hulle as 137 tot 142 miljoen jaar oud gedateer. Hierdie ouderdom is ongemaklik naby aan die Archaeopteryx se 150 miljoen jaar, en daarom soek hulle die gemeenskaplike voorganger van voëls nou in nog 'n laer deel van die fossielrekord."

O, hulle soek nog baie oorgangsfossiele. Daar is darem nou al 'n hele reeks gekry tussen Dinosaursse en voëls.

Daniël Michau: " "Volgens inligting wat in "Nature", volume 417, van 2002 verskyn het, is goed bewaarde spore van voëls in rotslae in Noordwes-Argentinië gevind, wat volgens evolutionistiese tydskaal 55 miljoen jaar ouer as Archaeopteryx is. Die ouderdom is bepaal deur die fossielinhoud van die rotslaag, met ander woorde die geologiese tydskolom, en radiometriese datering. Alhoewel evolutioniste erken dat...."

Dis fantastiese nuus. Nog meer oorgangsfossiele om te ontdek. Die eerste voëls het dus ontwikkel 55 miljoen jaar voor Archaeopteryx. Nog meer oorgangsfossiele om te ontdek.

Vertel my nou baie mooi hoe pas hierdie miljoene jare en die oorgangsfossiele in by 'n skepping van "soorte" so 6 000 jaar terug in?

Daniël Michau: "... die getuigenis sterk is dat die spore byna identies, indien nie heeltemal identies nie, aan moderne voëls s'n is, verkies hulle om dit "voëlagtig" te noem en dit toe te skryf aan 'n tot nog toe onontdekte dinosourus met voëleienskappe."

Ek weet nou nie hoe jy spore gaan gebruik om te toon dat dit 'n moderne voël was nie. Wat sê die spore van tande in die bek?

Daniël Michau: "In werklikheid plaas hierdie getuigenis ernstige vraagtekens op die status van Archaeopteryx as eerste voël...."

Daar is intussen baie ander fossiele ontdek wat ook as die eerste voëls of as die laaste dinosourusse beskou kan word.

Daniël Michau: "...of die betroubaarheid van die megajaardateringsresultate of beide."

Wensdenkery van julle gaan nie feite verander nie.

Daniël Michau: "Louis, daar bestaan verwysings vir elkeen van hierdie stellings."

Ja, ek het die verwysings al gesien. Hoe toon daardie verwysings 'n sesdaagse skepping so 6 000 jaar terug aan?

Daniël Michau: "Om te beweer dat daar nog duisende oorgangskakels tussen genusse is, is niks werd nie. Dis te algemeen. Jy moet maar nog spesifieke voorbeelde noem. Archaeopteryx is waarskynlik een van die bestes waarvan jy weet, maar as selfs die beste een misluk, laat dit jou nie bietjie dink nie?"

Archaeopteryx is 'n perfekte oorgangsfossiel. Julle wensdenkery gaan dit nie keer nie.

Ek dink nie jy weet wat 'n oorgangsfossiel is nie. Kom ek vertel dit maar aan ander mense, kreasioniste sal dit net weer ignoreer.

'n Oorgangsfossiel beteken nie "voorsaak" nie. Dit beteken dat die oorgangsfossiel 'n mosaïek van eienskappe toon van organismes wat voor daardie fossiel bestaan het en van organismes wat na daardie fossiel gekom het. Dit is onaanvegbaar (behalwe vir werklikheidsontkenners) dat Archaeopteryx 'n intermediêr tussen dinosaurusse en moderne voëls is. 'n Mosaïek van eienskappe van beide. Dit maak dit 'n oorgangsfossiel en gee verifieerbare bewysstukke vir die verhouding tussen dinosaurusse en voëls.

Louis

{Agterna HM-kommentaar: Let daarop hoe hierdie definisie van 'n oorgangsfossiel van Louis sy eie evolusionistiese siening dat oorgangfossiele die gedagte van 'n gemeenskaplike voorganger moet ondersteun, verswak. Volgens hom hoef mens nie eers te weet wat die voorganger of die nageslag van die oorgangsfossiel was nie, behalwe in die breedste terme. Let ook daarop dat hierdie sogenaamde oorgangfossiele net so goed inpas by die skeppingsleergedagte dat hulle eenvoudig van die begin af geskep is met 'n mosaïek van eienskappe. 'n Motorvoertuig wat 'n kombinasie van 'n elektriese en 'n petrolenjin bevat, beteken nie dat die petrolenjin vanself begin verander het na 'n elektriese enjin nie, maar dat 'n intelligente ontwerper besluit het om 'n hibriede enjin te maak om bepaalde redes.}

---

### **Nog uitlatings van Louis - 2011/04/20**

Daniël Michau skryf:

Soms word oor die sogenaamde oneerlikheid van skeppingsleerders gekla omdat hulle nie daarop wys dat evolusioniste wat probleme met evolusie uitwys, steeds glo aan evolusie nie. Maar daar is nooit beweer dat hulle nie meer aan evolusie glo nie. Daarom word na hulle verwys as evolusioniste – nie as gewese evolusioniste nie. Daarom verwys ek ook na die evolusiegeloof want die ouens bly daaraan glo ondanks die probleme wat hulle self uitgewys het. Kyk byvoorbeeld na die volgende uitspraak deur die evolusionis Michael Ruse:

"Evolution is promoted by its practitioners as more than mere science. Evolution is promulgated as an ideology, a secular religion – a full-fledged alternative to Christianity, with meaning and morality. ... Evolution is a religion. This was true of evolution in the beginning, and it is true of evolution still today. ... Evolution therefore came into being as a kind of secular ideology, an explicit substitute for

Christianity. [Michael Ruse (professor in filosofie en dierkunde, University of Guelph, Kanada), National Post, 13 Mei 2000]

Louis, dankie dat jy in jou herskrywes darem van jou flaters en belaglike aantygings gaan verminder of herbewoord het. Jy is sekerlik baie dankbaar dat die redakteur nie jou eerste pogings laat verskyn het nie. Jy is al vantevore daarop gewys dat oorhaastigheid nie goed is nie. Nietemin, om steeds te beweer dat ons ouens 'n grootheidswaan het oor ons natuurwetenskaplike opleiding, nadat jy ons eintlik gedwing het om iets daarvoor te skryf, is onverdedigbaar. Jou hele poging om mense persoonlik aan te val in plaas van om by die tersaaklike sake te bly, is uiters swak. Nog verdere besinning voor jy skryf kan vir jouself net goed wees. Dit is altyd beter om tenminste jou opponente se argumente te probeer begryp voor jy daarop reageer.

Louis, baraminologie word deur skeppingswetenskaplikes ontwikkel. Jy gaan dit dus nie vind op evolusionistiese webwerwe nie. Probeer nou maar 'n bietjie van jou vooroordele ontslae raak, en gaan lees op die regte webwerf waar dit bespreek word. Probeer asseblief bietjie wyer dink as wat jou evolusionistiese oogklappe jou toelaat.

As jy van my verwag om volledige verwysings te gee, sal jy dit maar self ook moet begin doen. Beoefen asseblief wat jy predik. Om na 100de en 1000de bewyse te verwys soos jy verskeie kere gedoen het, sonder om spesifiek te wees, is die beste voorbeeld van hopelose verwysings denkbaar. Jy sal in elk geval kan sien dat die artikels op [www.creation.com](http://www.creation.com) baie volledige verwysings het. Ek sien jy is doodstil oor die biologiehandboeke waarna sekerlik goed genoeg verwys is dat jy dit kon nagaan. Ek neem aan jy dink nog aan 'n antwoord oor waarom abiogenese-eksperimente in evolusionistiese biologiehandboeke bespreek word terwyl dit volgens jou nie deel van evolusie is nie. Kyk ook na Michael Ruse se bewerings hierbo en sien tog raak dat dit hoegenaamd nie net skeppingsleerders is wat weet dat evolusie oor 'n baie wyer saak as net biologiese evolusie gaan nie – evolusioniste verkondig dit self.

Louis, jou rondspringery soos op 'n warmplaat nadat jou aanvanklike bewerings duidelik onsin was, van eerstens te beweer dat ons ouens niks van wetenskap weet nie, toe na die stelling dat ons niks van natuurwetenskap weet nie, en toe na die vereiste nou dat ons nagraadse opleiding moet hê en in tegniese tydskrifte moes gepubliseer het, is effens lagwekkend. Intussen skuil jy nog steeds agter jou voornaam alleen, en kan geen mens enigsins nagaan of jy darem self aan jou eie vereistes voldoen nie. En wat van jou eie uitsprake buite jou skynbare veld van biologiese kundigheid? Beoefen asseblief wat jy predik. Hennie Mouton werk in elk geval vir die missielvervaardiger Denel, waar die aard van sy werk sodanig is dat dit nie gepubliseer mag word nie. Soos jy kon sien was sy PhD 'n kombinasie van ingenieurswese en toegepaste wiskunde, so jou bewering dat hy niks van wetenskap weet nie, is verregaande, selfs gegewe jou nagraadse vereiste. Maar van jou Louis weet ons niks nie, behalwe dat jy glo dat jy baie van biologie weet (ek neem aan van elke subveld daarvan ook gegewe hoe jou vereistes [van wat 'n natuurwetenskaplike glo is] besig is om te groei) en dat jy glo dat jy genoeg van alle ander velde van die wetenskap weet dat jy kan verklaar dat alles op skeppingsleerwebwerwe wetenskaplike onsin is. Wat was nou weer jou verskoning om niks van jouself te laat blyk nie en te bly wegkruip agter net jou voornaam?

Louis het vantevore die volgende beweer: "So, u wil 'n argumentum ad consequentiam gebruik? Weet u wat logika is? Vir die wat nie weet nie, die "appeal to consequences" is 'n gedagtegang wat basies dui dat 'n argument verwerp word "want ek hou nie van die gevolge nie, ongeag die waarheid

van die argument". Dis wat Hennie Mouton hier probeer doen." Die feite is egter dat Hennie Mouton nie die waarheid van evolusie verwerp het, omdat hy nie van die gevolge (geloof stort in duie) ONGEAG DIE WAARHEID hou nie, want hy het reeds op verskeie wyses aangetoon dat evolusie onwaar is. Louis, jy kan daarenteen dink hoe jy die logiese denkfout van argumentum ad verecundiam (arguing from authority) by herhaling maak, deur jou voortdurend op die outoriteit van kundiges te beroep ongeag die gehalte van hul redenasies. Om mense te glo omrede hul outoriteit al is hulle hoe groot meerderheid, is nie goeie wetenskaplike beredenering nie. Daarom is by herhaling gevra dat die sake self bespreek moet word, maar jy sukkel klaarblyklik om dit te doen.

Louis, as daar probleme met evolusie is bewys dit as sulks nie dat die aarde net 6000 jaar oud is, soos jy beweer skeppingsleerders dink nie. Dit wys maar net dat evolusie probleme het. Wat wel waar is, is dat sou die aarde net 6000 jaar oud wees, die evolusiehipotese nog meer onsinnig is. Anders gestel – bo en behalwe die wetenskaplike probleme met evolusie, is die evolusiehipotese onsinnig volgens die Bybel. Maar selfs 4.5 miljard jaar is steeds ver te kort vir die eerste lewende organisme om bloot natuurlik (soos beweer deur evolusie) tot by enigiets so kompleks soos die mens te gekom het. Louis, gaan soek Haldane se dilemma op as jy op evolusionistiese webwerwe, deur evolusioniste geskryf, wil sien waarom mens my vorige stelling kan maak. Die evolusionis Haldane het uitgewys dat selfs met sy skatting van moontlik voordelige mutasies, die ongeveer 10 miljoen jaar gelede wat die mens en die sjimpansee se gemeenskaplike voorganger moes bestaan het, ordes te onlangs is om vandaar by die mens uit te gekom het. Louis, dit beteken nie ek aanvaar hierdie idee van 'n gemeenskaplike voorganger of die 10 miljoen jaar nie, maar dit wys net dat selfs met evolusionistiese aannames, evolusie nie naastenby verdedigbaar is nie.

Meeste van wat jy skryf oor Archaeopteryx, en meer, kan gevind word op [www.creation.com](http://www.creation.com). Skeppingsleerders verskil nie van evolusioniste oor wat gevind is nie, maar wel oor die vertolkings daarvan (al wil jy niks weet van oorsprongwetenskappe nie, behoort jy tog die begrip te verstaan van verskillende moontlike vertolkings). Jy is tog sekerlik nie so naïef dat jy glo slegs een vertolking is moontlik nie? Jy kan regtig nie wees nie, want selfs evolusioniste verskil van mekaar betreffende vertolkings.

In jou laaste paragraaf maak jy 'n bespreekbare stelling: " 'n Oorgangfossiel beteken nie "voorsaak" nie. Dit beteken dat die oorgangfossiel 'n mosaïek van eienskappe toon van organismes wat voor daardie fossiel bestaan het en van organismes wat na daardie fossiel gekom het. Dit is onaanvegbaar (behalwe vir werklikheidsontkenners) dat Archaeopteryx 'n intermediêr tussen dinosaurusse en moderne voëls is. 'n Mosaïek van eienskappe van beide. Dit maak dit 'n oorgangfossiel en gee verifieerbare bewysstukke vir die verhouding tussen dinosaurusse en voëls."

Hierdie stellings van jou is eintlik 'n erkenning dat die idee van 'n gemeenskaplike voorganger nie eers noodwendig deur die sogenaamde oorgangfossiele ondersteun word nie. Daarom kan evolusioniste selde of nooit hul gunsteling oorgangfossiele se voorsate en nasate aantoon nie. Daarom bestaan daar byvoorbeeld ook geen uitgeklaarde familieboom vir die mens nie. Ja Louis, kombinasie van eienskappe bestaan waarvan die platipus 'n uitstekende voorbeeld is. Maar as die voorsate en nasate nie aangedui kan word nie, of tenminste een van die twee nie, slaag dit nie daarin om die evolusiehipotese se spekulatiewe status te verbeter nie. Indien 'n wetenskaplike denkgreep (soos evolusie) op die regte spoor is, behoort die definisies en omskrywings al duideliker

omlynings te verskaf soos die ontdekkings vorder – dit behoort nie al vaer te word soos in jou bogenoemde voorbeeld van wat 'n oorgangfossiel glo is nie.

Louis, kan jy vir ons enige voorbeeld gee van 'n definitiewe dinosourus wat beslis vere gehad het? Skubbe en vere verskil dramaties – bedrog is selfs al gepleeg om so iets te lewer (Archaeoraptor). Let ook op die volgende aanhaling in dié verband (van my gunstelingwebwerf, met verwysings): "The idea of feathered dinosaurs and the theropod origin of birds is being actively promulgated by a cadre of zealous scientists acting in concert with certain editors at Nature and National Geographic who themselves have become outspoken and highly biased proselytizers of the faith. Truth and careful scientific weighing of evidence have been among the first casualties in their program, which is now fast becoming one of the grander scientific hoaxes of our age-the paleontological equivalent of cold fusion.' Was this said by some Bible-thumping, scientifically ignorant creationist, as our wishful-thinking opponents love to paint us? No, this was written by Dr Storrs Olson, Curator of Birds at the National Museum of Natural History of the Smithsonian Institution in Washington, DC, and an evolutionist himself. He wrote this in an Open Letter in response to National Geographic's shameless promotion of Archaeoraptor as the 'proof' of the dino-to-bird theory. (Since then, Archaeoraptor was conclusively shown to be a hoax.)" O ja Louis, dr. Olson het ook nie sy geloof aan evolusie prysgegee nie.

Vir my is dit baie bemoedigend dat 'n skynbaar evolusionistiese swaargewig soos Louis (hy moet tenminste nagraadse opleiding in biologie hê) met geen argument vir evolusie kon opkom waarvoor daar nie talle en oortuigende direkte teenargumente op [www.creation.com](http://www.creation.com) te vinde is nie. Skeppingsleerders weet dus duidelik meer van evolusioniste se standpunte as andersom. Dis ook heel verstaanbaar gegewe Louis se herhaaldelike weiering om enigiets verder daar te gaan lees. Niemand is so blind as hy wat nie wil sien nie.

Daniël Michau

-----  
**Nobel Prys weners - 2011/04/20**

Kettiekop skryf:

Sies Louis,

Ek glo Hennie, Oom Aggies, Tant Hetta en die ander perde gaan eersdaags 'n artikel plaas in Nature wat evolusie as vals bewys en dat ons planeetjie wel 6000 jaar oud is. Ek sal hulle koffers dra na al die fancy hotelle toe en Malherbe kan chafeur wees. Miskien kan ek in die foto pas wat op Time se voorblad sal wees (ek sal ver agter staan)

Vergewe tog vir Hennie. Nie alle ingenieurs is so vain nie.

Groete

Ketter

-----

## Antwoord aan Dr. Mouton se juweel van 'n brief oor koolstof-14 - 2011/04/21

Louis skryf:

Geagte Redakteur. Ek weet ek gooi u toe onder briewe, maar ek moes eers hierdie een antwoord. Dit het wondere gedoen vir my lagspiere en vertel ons mooi hoe swak "kreationisme" se wetenskap is, hoe hulle mense mislei en ook openlik leuens vertel.

Kreationiste "verklaar" dat daar geen C-14 in steenkool en diamante moet wees nie, en as daar is "verklaar" hulle aan almal dat hulle 'n Jong Aarde bewys het. Indien geen wetenskaplike joernaal hul uiters patetiese "wetenskap" plaas nie, "verklaar" hulle dan diskriminasie teen hulle.

Hennie Mouton: "Daar bestaan talle en talle voorbeelde waar radiometriese dateringsresultate ordes en ordes verkeerd bewys is."

Nou praat u weereens nie die waarheid nie. Die paar (baie min) anomalieë wat verkry is uit honderde-duisende ouderdomsbepalings deur wetenskaplikes wat weet wat hulle doen is baie goed bestudeer en baie goeie verklarings daarvoor is gegee.

Hennie Mouton: "Dit bly meestal faal ondanks die nuutste metodes waar alle moontlike effekte wat foutiewe resultate kan oplewer verwyder of in berekening gebring is. Louis, weet jy hiervan?"

Ek weet net van bewerings daaroor wat kreationisme maak, maar aangesien hulle nie wetenskap doen nie en niks publiseer in wetenskaplike joernale nie, net in godsdienstige traktate, word dit nie ernstig opgeneem in die natuurwetenskappe nie.

{Agterna HM-kommentaar: Hieroor is Louis hopeloos verkeerd. Verderaan word verwys na die sekulêre wetenskaplike Dalrymple wat in verskeie sekulêre wetenskaplike tydskrifte sommige van bogenoemde falings gepubliseer het.}

Hennie Mouton: "Louis, hoekom kon daar nog geen steenkool ooit gevind word wat geen C-14 bevat nie?"

'n Klomp doodeenvoudige redes. Hier gee ek twee.

Kom ek verduidelik maar aan die ander lesers, aangesien u alles behoort te weet van Geologie met u B.Sc. in Toegepaste Wiskunde en Sterrekunde.

Die manier hoe C-14 in die lug gemaak word is deur kosmiese bestraling van stikstof in die atmosfeer. Die C-14 reageer met suurstof en vorm koolstofdioksied. Dan reën dit. Die koolstofdioksied word in die reëndruppels opgelos en val daarin af grond toe, saam met vele ander molukules. Daai water wat so versamel bly nie daar nie. Onder andere kan dit wegloop of dit kan in die grond insak. Dit word dan grondwater genoem. Dit sak tot daar nie meer openinge is om verder af te sak nie. Steenkoollae is van die mees deurlaatbare gesteentelae en die water sak weg in hierdie steenkoollae.

Kyk maar hoe lyk dit in steenkoolmyne. Water moet altyd uitgedomp word. Ons diepste steenkoolmyne is omtrent 200 meter diep. Die water loop uit daai steenkool uit soos 'n rivier.

So, Dr. Mouton, net 'n bietjie logika bring mens vêr. Daai C-14 in reënwater opgelos sak af en vul die C-14 permanent aan. U behoort dit egter self te kon uitwerk aangesien u 'n "wetenskaplike" is.

Dan is daar nog allerande tipes bakterieë wat leef in daardie steenkool. Heelparty studies is al daarvoor gedoen, aangesien die koolstofdioksied wat hierdie bakterieë vrystel ook C14 bevat en adsorbeer as koolstofdioksied aan die maserale van die steenkool. Daardie koolstofdioksied kan die ontbranding van steenkool kan affekteer in kragentrales. Belangrik dus.

Jy sal dus altyd C-14 in steenkool hê. Kon julle kreasionisme nie eens die basiese uitvind voordat hulle voorgee hulle doen "wetenskap" nie?

Hennie Mouton: "Hoekom is Pre-Kambriese diamante gevind wat C-14 bevat?"

Ek hoop dat u weet dat C-14 ook uit ander reaksies geproduseer word, Dr. Mouton? Onder andere uit C-13 ('n natuurlike-gevormde isotoop van koolstof) deur middel van termiese neutrone en vinnige neutrone. Beide kom algemeen voor in die aarde weens onder andere al daardie kernreaksies wat daar diep onder die kors plaasvind.

Daar is u antwoord dus, Dr, Mouton. C-13 ('n stabiele isotoop) word C-14 as gevolg van termiese en vinnige neutrone. Ek hoop u weet ook dat C-13 'n stabiele isotoop is en altyd in diamante voorkom? Altyd 'n bron van nuwe C-14 beskikbaar in diamante. U behoort dus altyd C-14 in diamante te kry.

{Agterna HM-kommentaar: Kyk verderaan waar aangetoon word dat hierdie redes wat Louis aanvoer, glad nie wetenskaplik water dra betreffende steenkool of diamante nie.}

Het u nie iets geleer van basiese Fisika en basiese Geologie in u Toegepaste Wiskunde en Sterrekunde nie?

Hennie Mouton: "Jy weet sekerlik dat as enige hiervan enigsins C-14 bevat, dit omrede die halfleeftyd van C-14 na N-14 van slegs 5 730 jaar onmoontlik ouer as 100 000 jaar kan wees?"

Logika, Dr. Mouton. Moet nooit jou huis verlaat daarsonder nie. Moet ook nooit kreasionistiese webwerwe lees en dink dis logies nie. Kreasioniste weet regtig baie min, maar gee voor hulle weet alles. Hierdie steenkool en diamante sal dus altyd C-14 bevat.

Hennie Mouton: "Maar as die onderste laag van die geologiese kolom (die Pre-Kambriese laag) jonger as 100 000 jaar is,..."

Duidelik weet u nie baie van geologie nie. Die Pre-Kambriese periode se gesteentes strek oor 'n tydperk sedert die vorming van die aarde tot omtrent 542 miljoen jaar terug. Biljoene jare. Dit bestaan nie net uit een laag nie, maar duisende. Dit bestaan ook uit alle tipes gesteentes, sedimentêr, metamorf en stolling. Nie net 'n "laag" nie.

Hennie Mouton: "... hoe kan byvoorbeeld die mens en die aap se sogenaamde gemeenskaplike voorganger 5 tot 10 miljoen jaar gelede bestaan het,..."

Dis wat afgelei word ons fisiese, empiriese bewysstukke soos fossiele, DNS, gesteentes en ouderdomsbepalings.

Hennie Mouton: "...terwyl dit baie hoër op in die geologiese kolom na bewering gevind behoort te word?"

Wie het dit beweer? Seker een of ander kreasionis. Die mens en ape se gemeenskaplike voorouers word gevind in gesteentes van so 5 tot 10 miljoen jaar oud. Ek hoop nie u verwar die woorde "hoër op in die geologiese kolom" met "diepte" nie? Gesteentes van "laag af in die geologiese kolom" kan op die oppervlak voorkom as die gesteentes "hoër op in die geologiese kolom" weggeërodeer het.

Louis

---

### **Yorkies, skeppingsleer vernietig geloof - 2011/04/22**

Louis van Ryneveld skryf:

Johan Basson se drie Yorkshire-terriërs het 'n geldige vraag: "Hulle wil van my weet [skryf Johan] waarom die skynbaar eindelose debat oor kreasionisme, evolusie en wetenskap wat tot vervelens toe in Kerkbode-aanlyn verskyn." (2011-04-12.) Liewe Yorkies, die roerende brief van ds Ruan du Plooy (2011-04-14) is al voldoende bevestiging dat 'n kerkkoerant hom nie slegs kan besig hou met beroepe en kerkraadsverkiesings en sulke dinge nie. Voorts is die gekarring oor die opwindende natuurwetenskaplike teorie van evolusie en die dwaling van die skeppingsleer nie net in wetenskaplike terme belangrik nie maar ook in kerk- en geloofsverband. (Sien ook verwysings na waardevolle webwerwe hieronder.)

'n Predikant van 'n gereformeerde kerkgenootskap (nie NGK) het in die geselskap van skoolkinders die volgende woorde uitgespreek: "Sesduisend jaar gelede toe die Here die aarde gemaak het ..." Die kinders het groot agting vir hierdie predikant – 'n liewe ou man – en dit was vir hulle sekerlik 'n eis van vroomheid om hom te glo. Daardie kinders gaan egter mettertyd universiteit toe waar hulle te make sal kry met die feite van die natuur; ook diegene wat nie verder studeer nie gaan heel moontlik intelligent en krities kennis neem van die bevindinge van die wetenskap; en as hulle dan besef dat die goedige predikant se stelling en andere van dieselfde aard onwaar is, bestaan die moontlikheid dat hulle die geloofsbaba met die badwater weggooi.

Op die internet is die verhaal van die Amerikaanse fisikus Glen R Morton, aanvanklik 'n jong-aarde-kreasionis, wat gevind het dat die feite waarmee hy in die natuur te doen kry, nie rym met 'n letterlike vertolking van die Bybel nie. Hy het gehuiwer op die rand van ateïsme maar hy het teruggekeer tot die geloof. Hy het 'n eie webwerf waarin hy die kastige argumente van die jong-aarde-mense verflenter. 'n Ander is die Amerikaanse geoloog Kevin Henke; hy was ook 'n jong-aarde-kreasionis en ook in sy geval was dit die onontkombare feite van die natuur wat hom laat besef het dat jong-aarde-skeppingsleer onhoudbaar is. Hy het die geloof heeltemal kwytergelaat. Talle van sy artikels waarin hy die uitgediende idees van skeppingsleerders vernietig, is op die internet beskikbaar.

Enkele eeue gelede het Europese wetenskaplikes begin om onafhanklik en krities ondersoek in te stel na die ware stand van sake in die natuur. Die pous (of die moderator van 'n Protestantse kerkgenootskap) se voorskrifte het hulle nie meer oortuig nie. Danksy daardie mense se waagmoed om deur waarneming en eksperimentering insigte in die natuur te ontsluit, het die mensdom se



kennis veral die afgelope twee of drie eeue geweldig aange groei. Sonder daardie pioniers sou ons almal veel armer gewees het (en dan sou dr Hennie Mouton, 'n elektroniese ingenieur (?), en moontlik Daniel Michau, ook nie werk gehad het nie.)

Daar is al gewys op die wrange ironie dat skeppingsleerders, wat voorgee die Bybel se waarhede te verdedig, dit slegs kan doen deur misleiding en die verkondiging van onwaarhede. Wetenskaplike gegewens waarvan hulle nie hou nie word geïgnoreer, ontken of verdraai. Selfs hulle woordgebruik toon dit: na die evolusieteorie word verwys as 'n blote hipotese. Dis moedswillige misleiding. Na wetenskaplike briëfskrywer Louis se gegewens word verwys as "bewerings." 'n Ander briëfskrywer – 'n bejaarde heer met teologiese opleiding maar klaarblyklik geen insig in die natuurwetenskappe nie – gee graag 'n belaglike karikatuur-uiteensetting van evolusie. Dr Mouton sê daar is honderde foute al uitgewys met die datering van gesteentes; hy meld nie wie die foute uitgewys het nie (tog seker hoofstroomwetenskaplikes self?) en hy meld nie hoe groot die foute was nie. As 'n ouderdomskatting van byvoorbeeld honderd miljoen jaar 'n groot fout van tien of twintig persent toon, sal dit die betrokke gesteentes nog steeds nie binne die jong-aarde raamwerk van hoogstens tienduizend jaar inbring nie. Het hy dit genoem? Nie waar ek dit kon sien nie.

{Agterna HM-kommentaar: Louis van Ryneveld maak hier ('n oorhaastige? en) nog 'n onwaar bewering – kyk na my volgende skrywe waar dit uitgewys word.}

Maar kreasioniste/skeppingsleerders het wel een deugde: hulle het egte wetenskaplikes geïnspireer om boeke vir die geïnteresseerde leek te skryf soos Richard Dawkins se "The Greatest Show on Earth" en Jerry Coyne se "Why Evolution is True." Talle ander werk saam aan wonderlik inligtingvolle webwerwe soos TalkOrigins (TO) en Understanding Evolution.

Ek het talle antwoorde op skeppingsleerders se anti-wetenskaplike "argumente" opgespoor op TalkOrigins. Teenoor Daniël Michau se stelling dat daar geen oorgangsfossiele is nie staan Kathleen Hunt se merkwaardige artikel "Transitional Vertebrate Fossils" (en in elk geval kan Daniël, of enigiemand anders wat wonder, 'n museum met 'n goeie afdeling paleontologie besoek en die paleontoloë uitvra: sy stelling sal dowerend weerlê word); oor dr Mouton se bekommernis insake koolstof-14 in steenkool het Hunt ook 'n artikel op TO en daar is 'n ander artikel oor C14 in diamante; Daniël skep die indruk dat daar geen sekerhede is oor die mens se evolusionêre afstamming nie en ook daarop gee TO antwoorde in die afdeling "Human Evolution;" oor evolusie in die algemeen is daar 'n lang artikel getiteld "29 Evidences for Macroevolution: the Scientific Case for Common Descent." Wat ek nou genoem het, is maar 'n baie klein breukdeel van die wetenskaplik waardevolle leesstof op TO.

Skeppingsleer is 'n jammerlike mislukking en dit is pateties dat daar steeds mense is, soms selfs betreklik intelligente mense, wat aan sulke Bronstydse idees vaskleef. As hulle opvattinge nie ander kon mislei nie, sou 'n mens hulle met rus kon laat om so voort te ploeter in hulle Middeleeuse gedagteduïsternis. Gegewe die onvermydelike misleiding in hulle ideewêreld is Louis, TO en andere se weerleggings egter van groot belang.

Dat die letterlike vertolking van die Bybel nie te versoen is met natuurwetenskaplike waarheid nie, is 'n feit: dit beteken dat ons noodwendig die moeilike maar lonende pad moet volg om die Bybel te vertolk as 'n bron van geestelike waarhede, dikwels in nie-feitelike mitiese vorm.

Louis van Ryneveld

{Agterna HM-kommentaar: Kan enige eerlike Christen dink dat Jesus in sy verwysings na Ou-Testamentiese gedeeltes, insluitend Genesis, hierdie idee van Louis van 'n nie-feitelike mitiese vorm, geglo of verkondig het?}

---

### **Nog 'n antwoord aan Dr. Hennie Mouton - 2011/05/02**

Louis skryf:

Dr Hennie Mouton se brief van 2011/04/17 is weereens 'n voorbeeld van hoe die kreasioniste mense mislei.

Dr. Hennie Mouton: "Louis jy verwys na die yslae in boorkerne wat getel word en dan glo 'n antwoord gee van 400 000 jaar. Louis ek sal jou nou nie 'n leuenaar noem soos jy my by herhaling genoem het nie, maar ek vermoed jy weet nie dat die onderste lae nie getel kan word nie."

Ons weet dit baie mooi. Dr. Mouton, daardie yskerne by Vostok 1 is getel, met die oog, tot ongeveer 50 000 lae.

Dit beteken dat daar ongeveer 50 000 jaarlikse lae getel is, met die oog. Een jaarlikse laag + nog een jaarlikse laag is gelyk aan twee jaarlikse lae. Plus nog een jaarlikse laag is gelyk aan drie jaarlikse lae. Plus nog 'n laag plus nog 'n laag, ens. Deur die sesduisendste laag, deur die tienduissendste laag tot by ongeveer vyftigduisend lae. Geen teken van 'n vloed so sesduisend jaar terug nie en geen teken van 'n skepping so tienduissend jaar terug nie. Net aaneenlopende jaarlikse lae tot so vyftigduisend jaar terug.

Daarna is dit ook gedoen met meer ingewikkelde tegnologie. Laag een plus nog 'n laag is twee lae. Plus nog 'n laag is drie lae. Plus nog 'n laag plus nog 'n laag plus nog 'n laag, ens. Tot ongeveer die 420 000'ste lag. Daarna kon die lae nie meer onderskei word nie. Die lae verder af kan nie getel word nie. Die jaarlikse yslae alleen dui dat die wêreld dus baie meer as tienduissend jaar oud is. Kreasionistiese woordslaaie gaan dit nooit verander nie.

Dr. Hennie Mouton: Die probleem is dat die groot drukking ondertoe maak dat dit wat in die boonste lae onderskei kan word as jaarlae (wat dit ook nie altyd is nie),....."

Enige verifieerbare bewysstukke dat die lae nie altyd jaarlae is nie? Ons yskerne toon jaarlikse lae en word getel. Ons sien elke jaar hoe die jaarlikse lae vorm en hoe dit lyk in yskerne. Tensy u toordery wil byvoeg en beweer dat 'n jaarlikse laag nie 'n jaarlikse laag is nie.

{Agterna HM-kommentaar: Dat verskeie lae per jaar kan vorm en nie altyd onderskeibaar is nie, is presies die antwoord – kyk verderaan. Dit het niks met toordery te doene nie – net met die realisme van die data. Verskillende antwoorde toe ingewikkelde tegnologie ingespan is, het juis die probleem bevestig dat jaarlae nie noodwendig reg vertolk word nie.}

Dr. Hennie Mouton: .... nie ondertoe onderskei kan word nie. Omdat dit ondertoe nie onderskei kan word nie, ..."

Na die ongeveer vierhonderd, twee-en-twintigste jaarlikse laag kan die jaarlae nie meer onderskei word in die Vostok yskern nie.

Dr. Hennie Mouton: ...en indien mens besef dat daar iets soos 'n ystydperk was,."

Daar was baie ystydperke. Mens kan 'n klomp ook onderskei in daardie yslae. Hulle wys baie mooi. Baie dikker jaarlikse lae. Die Vostok yskern allen toon vier ystydperk-siklusse in die laaste ongeveer vier-honderd-en twintig duisend jaar.

{Agterna HM-kommentaar: As mens foute maak of onseker is oor wat jaarlae is en wat nie, gaan jou vertolking van waar ystydperke was ook nie noodwendig reg wees nie.}

Dr. Hennie Mouton: "... waar die sneeuval baie hoër was vir 'n relatief lang tydperk as daarna, kan die tydperk afgelei uit die yslae in boorkerne maklik versoen word met byvoorbeeld 4 000 jaar."

Nie maklik nie. Een plus een is gelyk aan twee plus een is gelyk aan drie, ens....

Dr. Hennie Mouton: "Louis, wat jy onwaarskynlik weet, is dat skeppingswetenskaplikes 'n baie beter verklaring het vir hoekom daar 'n ystydperk was,....."

Hulle het absoluut geen wetenskaplike verklaring nie. Net wensdenkery. Een plus een is gelyk aan twee plus een is gelyk aan drie, ens. ens. ens. Die enigste manier vir kreasioniste om daarom te kom is om te beweer dat een plus een is gelyk aan "vloed" en dit dan "wetenskap" te noem.

{Agterna HM-kommentaar: Hoe kan Louis dit beweer as hy waarskynlik nie eers die vaagste benul het van die skeppingsleerverklaring vir die ystydperk nie, siende dat hy weier om skeppingsleerbronne te gaan lees?}

Dr. Hennie Mouton: "... as die tientalle pogings van wetenskaplikes wat nie 'n wêreldwye vloed wil oorweeg nie."

Dit is oorweeg vir eeue. Empiriese bewysstukke het getoon dat daar nooit 'n wêreldwye vloed was in die laaste 3.2 miljard jaar nie. Definitief nooit in die laaste paar miljoen jaar of wat sedert moderne mense ontwikkel het nie. Julle wensdenkery gaan nooit die realiteit verander nie.

Louis

{Agterna HM-kommentaar: Wat weet Louis van "Neo-katastrofisme", 'n besef waartoe nie-skeppingsleer wetenskaplikes in die laaste dekades gekom het?}

-----  
**Dr. Mouton se bronne oor "evolusie" - 2011/05/02**

Louis skryf:

Nog 'n antwoord aan Dr. Hennie Mouton.

Dr. Hennie Mouton: "Louis het hom ook gereeld op die wetenskaplike metode beroep. Die vraag is of die uitsprake van evolusioniste daaraan voldoen. 'n Insiggewende artikel daaroor, wat Louis gemeet aan sy vorige uitsprake nie sal wil lees nie, is op <http://creation.com/is-evolution-scientific> te vinde. Hopelik sal heelwat lesers daarna gaan kyk. Hopelik sal lesers deur Louis se gewone aantyging van "moenie - dis 'n kreasionistiese webwerf!" sien, en wel hul eie gevolgtrekkings gaan maak."

Dr. Mouton, ek sien dat u "artikel" nie die feit dat die natuurwetenskappe, gedoen net in yslae, toon dat "Jong-Aarde Kreasionisme" verkeerd is nie. Dis interessant dat u na 'n persoon, wat absoluut geen opleiding in die natuurwetenskappe het nie, se "artikel" verwys en dan wil voorgee dat "evolusie nie 'n wetenskap is nie". Die outeur van daardie artikel is baie ekonomies met die waarheid (mooi woorde vir hy lieg vreeslik). Een eenvoudige voorbeeld: Uit jou bron: '... the theory that all the living forms in the world have arisen from a single source which itself came from an inorganic form.' Hoekom lieg julle altyd so? Die Teorie van Evolusie sê glad nie so iets nie. Nog 'n voorbeeld uit jou bron: "Mutation and natural selection (evolutions supposed mechanism) have never once shown an ability to create new, functional genetic information in a creature." O ja, dit het. Verskeie kere,. Beide in die natuur en in die laboratorium. En dan uit jou bron: "No one has 'seen' evolution." Ek hoop nie u verwar "sien" met "waarneembaar" nie. Die wetenskaplike metode dui dat dit waarneembaar moet wees. Soos elektrone. Nog nooit gesien nie, net waargeneem. Waarneembaar. In die teorie van Evolusie, dinge soos oorgangsfossiele wat waargeneem kan word.

Ek wonder altyd hoekom u dink dat alle universiteite in die wêreld so "onnosel" is om te dink dat "evolusie" 'n wetenskap is, maar u onopgeleide outeur van daardie "artikel" dink anders! Kan hulle almal verkeerd wees? Ek wonder hoekom u dink dat alle dosente en studente ooit, by die Geologie Departement, Fakulteit van Natuurwetenskappe, Universiteit van Stellenbosch, soos alle ander Aardwetenskaplike organisasies in die wêreld, almal verkeerd is, maar net u onopgeleide bron reg is.

{Agterna HM-kommentaar: Baie sekulêre wetenskaplikes is sekerlik oor baie dinge reg, maar nie oor al die afleidings wat hulle maak oor die waargenome data nie. Daar speel hul vooropgestelde idees 'n geweldige rol. As hul vooropgestelde idees verkeerd is, gaan hul afleidings ook verkeerd wees. Evolusie kan nie in fossiele waargeneem word nie – slegs die fossiele word waargeneem. Die proses van evolusie is een afleiding wat sommige wetenskaplikes maak. Ander wetenskaplikes maak uit dieselfde data die afleiding dat die globale vloed van Genesis die oorsaak van meeste van die fossiele was.}

Net u, 'n Elektriese Ingenieur, en u onopgeleide bron is glo reg oor die ouderdom van die aarde. U moet waaragtig verskriklik slim wees om sulke dinge te beweer sonder enige opleiding in die Aardwetenskappe. Slimmer as duisende regte wetenskaplikes met regte Ph.D.'s in Aardwetenskappe.! Hoekom publiseer u nie maar in die "Journal of Geology" nie, as u so slim is en dink dat u reg is?

Daardie artikel van u onopgeleide vriend gaan nooit die yskerne met meer as 400 000 jaar se yslae laat verdwyn nie! U aarde gaan nooit minder as 10 000 jaar oud wees nie daar was ook nooit 'n wêreldwye vloed die afgelope paar duisend jaat nie. U kan nooit feite verander nie, al wil u en u "bronne" dit so graag hê dat hulle aanhou lieg daaroor.

Louis

{Agterna HM-kommentaar: Louis kan klaarblyklik nie onderskei tussen data en afleidings nie. Sy ouderdomme is nie feite nie, maar afleidings of vertolkings deur sommige wetenskaplikes van die data. Louis, self onwaarskynlik 'n geoloog, fisikus of glasioloog, glo maar net die meerderheid wetenskaplikes, terwyl ek skeppingsleerwetenskaplikes en hul na my mening logiese en beter argumente glo.}

-----

### **Louis, C-14 en 'n Nobelpryswenner - 2011/05/03**

Hennie Mouton skryf:

Na ek al Louis se sinnelose en onnodige beledigings uitgehaal het, het sy brief gelukkig baie korter geword. As ek hy was, gegewe sy beledigende skryfstyl, sou ek nou nog minder my identiteit wou openbaar. My antwoorde aangedui met HM: op die verkorte en daarom sinvoller weergawe van sy skrywe oor C-14 volg hieronder.

Louis: Kreasioniste "verklaar" dat daar geen C-14 in steenkool en diamante moet wees nie, en as daar is "verklaar" hulle aan almal dat hulle 'n Jong Aarde bewys het.

HM: Nee, ons "verklaar" nie aan almal dat ons 'n jong aarde bewys het nie, maar wys net dat die meetbare hoeveelheid C-14 in steenkool en diamante getuienis vir 'n jong aarde is. Daar is 'n wetenskaplike verskil tussen iets te bewys en getuienis te hê wat iets ondersteun. Dit gaan weereens oor die verskil tussen operasionele en oorsprongwetenskappe waarvan Louis lyk my nie eers die beginsel wil verstaan nie. Daar is ook nog talle ander bewysstukke buiten C-14 vir die jong ouderdom van die aarde.

Hennie Mouton: "Daar bestaan talle en talle voorbeelde waar radiometriese dateringsresultate ordes en ordes verkeerd bewys is."

Louis: Nou praat u weereens nie die waarheid nie. Die paar (baie min) anomalieë wat verkry is uit honderde-duisende ouderdomsbepalings deur wetenskaplikes wat weet wat hulle doen is baie goed bestudeer en baie goeie verklarings daarvoor is gegee.

HM: Louis, van hoeveel histories bekende lawavloeië weet jy wat selfs net naastenby reg met radiodateringsmetodes bepaal is? Ek kan vir jou talle lys wat ordes verkeerd was. En die resultate is bepaal deur dieselfde hoogaangeskrewe laboratoriums en kundiges wat ook vir evolusioniste ouderdomsbepalings doen. Ja, megakronofiele (liefhebbers van miljoene jare) kom met allerlei pogings om dit te verklaar, maar hoe kan hulle dan enigsins onbekende gebeure se radiodateringsresultate reg aanpas as hulle nie al die geskiedenis van invloede oor al die sogenaamde miljoene jare op daardie gebeure ken nie? Jy weet sekerlik dat megakronofiele eerder die sogenaamde geologiese tydskolom glo as radiometriese resultate as die twee metodes verskil? Die volgende aanhaling uit die boek "Cascadia: The Geologic Evolution of the Pacific Northwest", 1972, deur B. McKee, met verduidelikings in vierkantige hakies deur M. J. Oard, is sodanige erkenning:

"One might imagine that direct methods [radiometric dating] of measuring time would make obsolete all of the previous means of estimating age, but these new "absolute" measurements are

used more as a supplement to traditional methods [index fossils] than as a substitute. Geologists put more faith in the principles of superposition [strata are younger upwards] and faunal succession [evolution] than they do in numbers that come out of a machine. If the laboratory results contradict the field evidence, the geologist assumes that there is something wrong with the machine date. To put it another way, “good” dates are those that agree with the field data [fossils, superposition, etc.]”

Ja Louis, as net die “goeie datums” behou word, en die slegtes geïgnoreer word, sal dit vir jou lyk of daar min anomalieë is. En ja, B. McKee het nogtans nooit van sy evolusiegeloof afstand gedoen sover ek weet nie.

Hennie Mouton: "Louis, hoekom kon daar nog geen steenkool ooit gevind word wat geen C-14 bevat nie?"

Louis: 'n Klomp doodeenvoudige redes. Hier gee ek twee. Die manier hoe C-14 in die lug gemaak word is deur kosmiese bestraling van stikstof in die atmosfeer. Die C-14 reageer met suurstof en vorm koolstofdioksied. Dan reën dit. Die koolstofdioksied word in die reëndruppels opgelos en val daarin af grond toe, saam met vele ander molekules. Daai water wat so versamel bly nie daar nie. Onder andere kan dit wegloop of dit kan in die grond insak. Dit word dan grondwater genoem. Dit sak tot daar nie meer openinge is om verder af te sak nie. Steenkoollae is van die mees deurlaatbare gesteentelae en die water sak weg in hierdie steenkoollae. Kyk maar hoe lyk dit in steenkoolmyne. Water moet altyd uitgepomp word. Ons diepste steenkoolmyn is omtrent 200 meter diep. Die water loop uit daai steenkool uit soos 'n rivier. Daai C-14 in reënwater opgelos sak af en vul die C-14 permanent aan. Dan is daar nog allerande tipes bakterieë wat leef in daardie steenkool. Heelparty studies is al daarvoor gedoen, aangesien die koolstofdioksied wat hierdie bakterieë vrystel ook C14 bevat en adsorbeer as koolstofdioksied aan die masele van die steenkool. Daardie koolstofdioksied kan die ontbranding van steenkool kan affekteer in kragentrales. Belangrik dus. Jy sal dus altyd C-14 in steenkool hê.

HM: Louis se verduideliking van hoe C-14 in die atmosfeer gevorm word, is reg en algemeen bekend. Indien Louis se verduideliking van grondwater se effek reg is, sal mens groot variasie in die C-14 in steenkool kry afhangende van waar en hoe diep die steenkool onder die oppervlak is. Volgens Louis se geloof aan miljoene jare sal alle oorspronklike C-14 al verval het, met ander woorde die C-14 wat nou in die steenkool gevind word, is slegs afkomstig van ander bydraers soos grondwater (en bakterieë en nog ongenoemde bydraers). Die rede waarom daar groot variasie moet wees, is eenvoudig omdat verskillende tipes rotslae met verskillende diktes en verskillende deurlaatbaarheid bo verskillende steenkoolbanke gevind word. Wetenskaplike verslae dui daarop dat hierdie verwagte groot variasie nie in die steenkool gevind word nie. Regdeur die senosoïese, mesosoïese en paleosoïese lae is bevind dat die C-14/C-12-verhouding in steenkool taamlik konstant is. Grondwater is dus nie 'n geldige verskoning om die C-14 in steenkool te verklaar nie. Verder wys sekulêre verslae dat C-14 in grondwater verskil – soveel so dat dit gebruik word om grondwater van 1 000 tot 30 000 jaar te dateer (kyk bv. <http://www.waterencyclopedia.com/Ge-Hy/Groundwater-Age-of.html>). Voor mens enigiets bruikbaar kan maak met Louis se verklaring dat bakterieë bydra tot C-14 in die steenkool, en nog ander bydraers, sal hy persentasies moet verskaf van daardie bydraes relatief tot die grondwaterbydrae wat sekerlik sy belangrikste een is. Die C-14 dui dus

inderdaad, tensy Louis of enigeen vorendag kan kom met nagevorste beduidende persentasies van ander bydraers, op 'n dramatiese jonger geologiese kolom as wat evolusioniste wil hê.

Hennie Mouton: "Hoekom is Pre-Kambriese diamante gevind wat C-14 bevat?"

Louis: Ek hoop dat u weet dat C-14 ook uit ander reaksies geproduseer word, Dr. Mouton? Onder andere uit C-13 ('n natuurlike-gevormde isotoop van koolstof) deur middel van termiese neutrone en vinnige neutrone. Beide kom algemeen voor in die aarde weens onder andere al daardie kernreaksies wat daar diep onder die kors plaasvind. C-13 ('n stabiele isotoop) word C-14 as gevolg van termiese en vinnige neutrone. Ek hoop u weet ook dat C-13 'n stabiele isotoop is en altyd in diamante voorkom? Altyd 'n bron van nuwe C-14 beskikbaar in diamante. U behoort dus altyd C-14 in diamante te kry.

HM: Reeds bestaande stikstof-14 en koolstof-13 in die diamante kan wel deur straling in koolstof-14 verander, maar berekenings het gewys dat die hoeveelheid wat so ontstaan 'n paar duisend maal minder is as wat in die diamante gemeet is. Louis, as jy hierdie stelling bevraagteken sal jy studies moet aantoon wat wys dat beduidende hoeveelheid C-14 in die diamante van C-13 afkomstig is. Relatiewe persentasies is nodig. Onthou dat C-13 'n stabiele isotoop is. Jy sal ook moet aantoon dat die nodige kernreaksies plaasvind – nie waar die diamante aanvanklik gevorm het nie, maar waar hulle nou al vir miljoene jare volgens megakronofiele boontoe lê nadat hulle in die diamantpype opgedra is.

Hennie Mouton: "Jy weet sekerlik dat as enige hiervan enigsins C-14 bevat, dit omrede die halfleeftyd van C-14 na N-14 van slegs 5 730 jaar onmoontlik ouer as 100 000 jaar kan wees? Maar as die onderste laag van die geologiese kolom (die Pre-Kambriese laag) jonger as 100 000 jaar is,..."

Louis: Die Pre-Kambriese periode se gesteentes strek oor 'n tydperk sedert die vorming van die aarde tot omtrent 542 miljoen jaar terug. Biljoene jare. Dit bestaan nie net uit een laag nie, maar duisende. Dit bestaan ook uit alle tipes gesteentes, sedimentêr, metamorf en stolling. Nie net 'n "laag" nie.

Hennie Mouton: "... hoe kan byvoorbeeld die mens en die aap se sogenaamde gemeenskaplike voorganger 5 tot 10 miljoen jaar gelede bestaan het,..."

Louis: Dis wat afgelei word ons fisiese, empiriese bewysstukke soos fossiele, DNS, gesteentes en ouderdomsbepalings.

Hennie Mouton: "...terwyl dit baie hoër op in die geologiese kolom na bewering gevind behoort te word?"

Louis: Wie het dit beweer? Seker een of ander kreasionis. Die mens en ape se gemeenskaplike voorouers word gevind in gesteentes van so 5 tot 10 miljoen jaar oud. Ek hoop nie u verwar die woorde "hoër op in die geologiese kolom" met "diepte" nie? Gesteentes van "laag af in die geologiese kolom" kan op die oppervlak voorkom as die gesteentes "hoër op in die geologiese kolom" weggeërodeer het.

HM: Om op te som en Louis net dalk te verlos van sy geloof aan sy oeroue voorganger: Indien die hele geologiese kolom net 'n paar duisend jaar oud is (soos beide die C-14 in steenkool en diamante op dui) kan die sogenaamde mens-aap-voorganger wie se fossiel êrens taamlik hoog bo in die geologiese kolom gevind moet word (volgens die evolusiehipotese), onmoontlik miljoene jare gelede bestaan het, want hy of sy is begrawe in materiaal wat deel is van die geologiese kolom. Ongelooflike groot hoeveelhede tyd, wat vir evolusie al hul wonderwerke moes laat gebeur het, was net nooit daar nie. George Wald se droom van wonderwerke gedoen deur die held "tyd" was dus maar net wensdenkery:

"The important point is that since the origin of life belongs in the category of at-least-once phenomena, time is on its side. However improbable we regard this event, or any of the steps which it involves, given enough time it will almost certainly happen at least once. And for life as we know it, with its capacity for growth and reproduction, once may be enough. Time is in fact the hero of the plot. The time with which we have to deal is of the order of two billion years. What we regard as impossible on the basis of human experience is meaningless here. Given so much time, the "impossible" becomes possible, the possible probable, and the probable virtually certain. One has only to wait: time itself performs the miracles." [George Wald (ontslape professor in biologie, Harvard University), 'The origin of life', Scientific American, bl. 48, Augustus 1954]

HM: Die ironie is dat selfs 4.5 miljard jaar (sou dit ooit op aarde bestaan het), ver te kort is vir die volgende om bloot op natuurlike wyse te kon gebeur het:

\* die ontstaan van lewe, of

\* die verdere ontwikkeling van die eerste lewe tot wat ons vandag het (volgens die evolusiehipotese).

Gaan kyk byvoorbeeld weer wat vantevore hier oor Haldane se dilemma geskryf is.

HM: Aan Louis van Ryneveld – ja jy lees inderdaad nie baie goed nie. Jy beweer ek noem nie hoeveel radiometriese datering verkeerd kan wees nie, en dan praat jy van 10% of 20%. Nee Louis, as dit maar so min verkeerd was, was dit nie 'n probleem vir die evolusiehipotese nie. Ek het spesifiek gepraat van radiometriese dateringsresultate wat "ordes en ordes" verkeerd is in my brief "Allerlei stellings". Daar is vantevore aan die ander Louis aanbeveel dat hy darem moet probeer verstaan wat sy opponent skryf. As jy nie verstaan wat ek met "ordes en ordes" bedoel nie, hier is 'n paar voorbeelde (let daarop dat die radiometriese datering die tyd van stolling behoort te gee):

HISTORIESE LAWAVLOEI K–Ar "ouderdom":

Basalt, Hualalai, Hawaii,  $1.6 \pm 0.16$  miljoen jaar / 2de monster  $1.41 \pm 0.08$  miljoen jaar, i.p.v. minder as 200 jaar want dit het 1800-1801 n.C. gebeur;

Basalt, Mt Etna, Sisilië,  $250 \pm 80$  duisend jaar, i.p.v. minder as 2100 jaar want dit het 122 v.C. gebeur;

Basalt, Mt Etna, Sisilië,  $350 \pm 80$  duisend jaar, i.p.v. minder as 200 jaar want dit het 1792 n.C. gebeur;

Plagioklaas, Mt Lassen, Kalifornië,  $110 \pm 30$  duisend jaar, i.p.v. minder as 100 jaar want dit het 1915 n.C. gebeur;



Basalt, Sunset crater, Arizona, 270 ± 90 duisend jaar / 2de monster 250 ± 150 duisend jaar, i.p.v. minder as 1000 jaar want dit het 1064-1065 n.C. gebeur.

HM: Louis van Ryneveld, jou lang pleidooi dat verwerping van evolusie deur die kerk, gegrond op die letterlike verstaan van Genesis (soos dit geskryf is), mag lei tot ateïsme, word die beste weerspreek deur Jesus self. In Johannes 5:46 en 47 sê Hy: "As julle Moses geglo het, sou julle My geglo het, want hy het van My geskryf. Maar noudat julle nie glo wat hy geskryf het nie, hoe sal julle My glo?" Moses word direk in die Bybel genoem as die skrywer van Eksodus tot Deuteronomium. Josh McDowell skryf dat die eerste vyf boeke van die Bybel die "Boek van die Wet", of die "Wet van Moses", of die "Wet", genoem is volgens Joodse tradisie. Dit is dus redelik om af te lei dat Jesus Genesis sou ingesluit het as Hy na Moses se skrywes verwys het. Jesus het in ieder geval ook direk na die skeppingsgebeure in Genesis verwys (Mark. 10:6). Die eerste belofte van 'n komende Verlosser, met ander woorde, daar het Moses reeds van Jesus geskryf, word vroeg in Genesis gegee. Let ook op Jesus se woorde in Joh. 3:12: "Ek het julle van die aardse dinge vertel en julle glo dit nie, hoe sal julle glo as Ek vir julle van die hemelse vertel?" Jesus word in Johannes beskryf as die Woord van God wat van altyd af daar was. Bogenoemde woorde van Hom kan dus ook na sy woorde in die Bybel verwys, soos deur Moses en die ander skrywers van die Ou-Testamentiese Bybel weergegee is. Of glo jy ook Louis, soos Ben du Toit dat Jesus self maar net 'n gebrekkige kennis van die wetenskaplike werklikhede van die wêreld gehad het?

HM: Aan enige van die Louis'e: Van hoeveel mense weet julle wat via die pad van aanvaarding van evolusie by geloof in Jesus Christus as enigste Verlosser uitgekom het? Ek kan vir julle heelwat lys wat via skeppingsleer die Bybel van Genesis af begin glo het en daarom ook die geestelike daarin begin glo het en sodoende by geloof in Jesus Christus as Skepper en enigste Verlosser uitgekom het. 'n Baie treffende voorbeeld is die Nobelpryswenner dr. Rick Smalley (1943 - 2005), professor in Chemie, Fisika en Astronomie. Hy was skepties oor godsdiens vir die grootste deel van sy lewe, maar het 'n Christen geword in die laaste paar jare, gedeeltelik omrede 'n intensiewe studie van intelligente ontwerp. Volgens sy vrou, wat 'n bioloog is, het laasgenoemde studie hom op 'n stadium woedend laat reageer omdat hy nog altyd 'n wrewel in swak wetenskap gehad het, en hy besef het dat evolusie swak wetenskap is. Aanvanklik het hy teïstiese evolusie aanvaar, maar na hy die kwessie in detail nagevors het, het hy 'n uitgesproke anti-Darwinis geword. In 'n toespraak in 2004 by die Universiteit van Tuskegee, waar hy aan die einde 'n staande ovasie gekry het, het hy onder andere gesê: "The burden of proof is on those who don't believe that 'Genesis' was right, and there was a creation, and that the Creator is still involved. ... [The fact is] this planet was built specifically for us. Working on this planet is an absolute moral code. ... Let's go out and do what we were put on Earth to do." Hy het ook beweer dat Darwiniese evolusie sy doodskoot gekry het deur die vooruitgang van genetica en selbiologie, en dat dit nou duidelik was dat biologiese evolusie nie kon gebeur het nie. Gedurende die laaste jaar van sy lewe het hy die oorgang gemaak van eenvoudig te glo in God as Skepper na sy vertrouwe in Christus te stel om sy lewe te regeer. Dr. Smalley het geskryf dat die laaste jaar van sy lewe sy opwindendste as wetenskaplike was. Hy het geleer dat hy nie nodig het "to throw his mind away when reading the Bible" nie, maar dat die "Bible made him an even better scientist, and a more inspiring science educator". [Creation 33:2, bl. 42-43]

Nee, Louis van Ryneveld, ons mag nie die waarheid van Christus se verlossingswerk ondermyn deur die waarheid en werklikheid van sy skeppingsaksies en die oorsprong van die rede waarom Hy later as Verlosser moes kom, wat in dieselfde Bybel meegedeel word, te ontken nie.

Hennie Mouton

-----

### **Evolusie @ Kreasionisme, en nog wat ... - 2011/05/03**

Jan Grey skryf:

Ek wil so min tyd as moontlik hier spandeer. Wil net vra: "Het iemand al gesê - 'Al wat die Bybel regtig wil sê in Gen 1 & 2 is dat God die oorsaak van alles is, m.a.w. 'In die begin het God ...'. " Die mens wat daarteen wil stry, is buitendien buite die Skrif en daarmee is alle argumentasie opgehef. Sonder Skrif = sonder geloof = sonder Heilige Gees = geen faktor waarmee mense wat deur die Gees van God verlig is, mee kan redeneer nie, want die mense van die vlees kan die dinge van die Gees nie verstaan nie. Sê die Woord van God. Efes 2:8,9: "Uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie, dit is 'n gawe van God, sodat niemand kan roem nie." So ... waarom al die gestry? Geen gawe = geen geloof = oneindige twisgesprek tussen gespreksgenote wat tot geen sinvolle konklusie kan kom nie.  $1+1=2$  ... so maklik.

Jan Grey

-----

### **Sesdag Mouton - 2011/05/03**

Riaan de Wet skryf:

Ek begryp werklik nie waarom julle nog al die lang relase met mnr Hennie Sesdag Mouton voer oor evolusie nie. Mouton het sy naam alreeds so met 'n plank geslaan tydens die TV program wat oor geloof en evolusie gehandel het dat mens liever die man moet jammer kry.

Maar ander kant is dit seker ook goed dat sulke goed opgeteken word sodat almal kan sien hoe die vure in die hef steek. Mense wat steeds enige twyfel het oor Mouton en kien se onvermoë om sinvol te kommunikeer kan gerus gaan kyk na die volgende skakels op die webwerf hier onder waar hulle probeer regverdig wat enige laerskoolkind reeds weet bog is. Ongelukkig is die klank baie swak. As selfs die feit dat mens jou onkunde so op nasionale TV openbaar maak jou nie afskrik nie sal niks dit seker regkry nie.

<http://www.glodiebybel.co.za/skepping-evolusie-ateisme-m/39-debatte-evolusie-kat/335-kommentaar-op-sabc-2-se-qwhat-does-god-think-of-us-episode-2-science-and-the-church.html>

Riaan de Wet

{Agterna HM-kommentaar: Die feit dat hierdie TV-program op [www.glodiebybel.co.za](http://www.glodiebybel.co.za), 'n skeppingsleerwebwerf waar ek ook bydraes lewer, te krye is, behoort enigen te laat wonder oor Riaan se eenogige evaluasie. Interessante besprekings oor die betrokke episode en latere episodes, waarin hul swak agtergrondinligting en liberale doelstellings uitgewys word, is ook op glodiebybel te siene.}

-----

## **Beste Jan Grey - 2011/05/04**

Daniël Michau skryf:

Ek neem jou nie kwalik dat jy nie al die wetenskaplike argumente gevolg het wat hier bespreek is nie. Maar dis jammer dat jy nie die teologiese kwessies wat tussendeur duidelik gestel is, raakgelees het nie.

Gen. 1 en 2 sê duidelik meer as net dat God die oorsaak van alles is. Anders kon alles baie korter gestel gewees het – geen rede vir al die onnodige bewerings indien dit nie oor werklikhede gaan nie. Dieselfde met die res tot by hoofstuk 11. Al daardie onnodige name, geslagsregisters en sinnelose ouderdomme. Of sien jy darem vir Noag en die wêreldwye vloed as werklikheid? Indien wel, waar het die geslagregisters, wat weer in die Nuwe Testament ook herhaal word, verander van onwerklike na werklike mense?

Jan, die kardinaal belangrike saak hier is dat mense die Bybel nie glo betreffende die geskiedenis en oorsprongsake wat daarin geopenbaar is nie, en daarom ook nie die geestelike glo wat jy, weet ek, met hart en siel glo nie. Kyk weer wat Jesus in Mat. 5:46 en 47 en Joh. 3:12 gesê het. Vir baie wetenskaplik geöriënteerde mense is skeppingsleer die pad waarlangs hulle later by Christus as Verlosser en inwoning deur die Heilige Gees uitkom. Gaan kyk asseblief na byvoorbeeld die getuïenis wat heelonder in die skrywe "Louis, C-14 en 'n Nobelpryswenner" gegee is. Daar bestaan baie meer sulke voorbeelde.

Dit is so ontsettend tragies dat baie in die kerk niks van hierdie belangrike saak wil weet nie, en sodoende 'n uiters belangrike stuk bevestiging van die Bybel se waarheid ontken, wat die verskil tussen lewe en dood vir baie kon beteken het.

Daniël Michau

-----

## **Yslagies, Louis, Riaan & Kirschner - 2011/05/04**

Hennie Mouton skryf:

Louis, ek het nog nooit getwyfel dat jy kan tel nie, maar jy moet die regte goed tel. Elke jaar kan verskeie yslagies voortbring – dikwels veroorsaak storms ook yslagies. Jy kan dus nie die aantal yslagies gelykstel aan jare nie. Daarom het ek geskryf: "... dit wat in die boonste lae onderskei kan word as jaarlake (wat dit ook nie altyd is nie) ..."

Sigbare yslagies kan vorm as gevolg van stof- en vulkaniese asneerslae wat deur die jaar wissel. Dit kan andersins dikwels ook met suurstof-isotoopmetings bepaal word deurdat die verhouding van suurstof-18 tot suurstof-16 in somer- en wintersneeu weens verskille in lugtemperatuur verskil. Dit word egter algemeen aanvaar dat onderskeibare yslagies ook weens ander oorsake kan ontwikkel, soos byvoorbeeld storms, en warm en koue fronte. Storms het tipies ook warm en koue fases. Baie meer as een yslagie kan dus maklik per jaar voorkom. [Journal of Geophysical Research 102(C12):26,367–26,381, 26,455–26,470, 1997]

Louis, hoekom is jou hoofverweer teen die artikel <http://creation.com/is-evolution-scientific> dat die outeur nie (amptelike) opleiding in natuurwetenskappe het nie? Hoekom bespreek jy nie eerder die sake wat hy noem en uitstekend motiveer nie? Hy haal tog immers evolusionistiese wetenskaplikes dikwels aan. Bowendien het jy tog sekerlik in jou lees van wie die outeur Calvin Smith is gesien dat hy daarna verwys dat Charles Darwin se enigste formele opleiding ook net in teologie was. Dat jy dit nie noem nie is te verstane, want dit pas jou argument nie lekker nie, maar hoekom glo jy dan so baie van Darwin se bewerings? Kan jy nie maar wegkom van die swak wetenskaplike argument van outoriteit, en slegs die meriete van die sake bespreek nie? Is jy bang dat meer mense die betrokke artikel gaan lees? Probeer jy hulle by voorbaat ontmoedig? Dink jy regtig dat geen teoloog buiten Charles Darwin iets van wetenskappe kan verstaan nie? Is dít nou nie dalk bietjie verwaand van jou nie?

Louis, jy kom met hierdie soort stellings betreffende bogenoemde artikel: "Die outeur van daardie artikel is baie ekonomies met die waarheid (mooi woorde vir hy lieg vreeslik). Een eenvoudige voorbeeld: Uit jou bron: '... the theory that all the living forms in the world have arisen from a single source which itself came from an inorganic form.' Hoekom lieg julle altyd so? Die Teorie van Evolusie sê glad nie so iets nie."

Maar die outeur het direk aangehaal uit 'n evolusionistiese bron en hy het dit duidelik aangetoon in die artikel! [Kerkut, G.A., Implications of Evolution, Pergamon, Oxford, UK, p. 157, 1960] Louis het jy regtig so sleg geles, of weet jy beter as jou mede-evolusionis, of is jy net slimmer as hy, [of is jy self dalk besig met misleiding]? Of het die evolusiehipotese net so verander sedert daardie tyd dat hierdie definisie vandag nie meer geglo word nie? Maar dan het Calvin Smith mos nie gelieg nie?

Ek herinner jou net weereens daaraan dat jy steeds nie die vraag geantwoord het nie van hoekom abiogenese in die afgelope 20 jaar nog steeds in biologiehandboeke (vantevore gelys op 2011/04/13 in "Aa ... darem nuwe bewerings") as bewysstuk vir evolusie voorgehou word. So watter deel van jou mede-evolusionis se definisie glo jy nie meer nie?

Louis, jy skryf ook: "Nog 'n voorbeeld uit jou bron: 'Mutation and natural selection (evolutions supposed mechanism) have never once shown an ability to create new, functional genetic information in a creature.' O ja, dit het. Verskeie kere,. Beide in die natuur en in die laboratorium."

Maar wat sê jy dan van die evolusioniste Margulis en Sagan se skrywe in hul boek? : "... this Darwinian claim to explain all of evolution is a popular half-truth whose lack of explicative power is compensated for only by the religious ferocity of its rhetoric. Although random mutations influenced the course of evolution, their influence was mainly by loss, alteration, and refinement. One mutation confers resistance to malaria but also makes happy blood cells into the deficient oxygen carriers of sickle cell anemics. Another mutation converts a gorgeous newborn into a cystic fibrosis patient or a victim of early onset diabetes. One mutation causes a flighty red-eyed fruit fly to fail to take wing. Never, however, did that one mutation make a wing, a fruit, a woody stem, or a claw appear. Mutations, in summary, tend to induce sickness, death, or deficiencies. No evidence in the vast literature of heredity change shows unambiguous evidence that random mutation itself, even with geographical isolation of populations, leads to speciation." [L. Margulis en D. Sagan, Acquiring Genomes: A Theory of the Origins of Species, Basic Books, New York, bl. 29, 2002]

Weet jy ook hier beter as jou mede-evolusioniste Louis?

Riaan de Wet, jy laat my so dink aan die politieke debat waarna ek vanoggend geluister het. Maak nie saak hoe die een kandidaat met feite op verskeie foute en korrupsie deur homself en sy meerderheidsparty gewys word nie, hy ignoreer eenvoudig die feite en spring terug na ontoepaslike retoriek. Hopelik is die lesers hier wyser as baie van die kiesers daar. Die lesers sal hopelik moeite doen om behoorlik te lees en die argumente se meriete te oordink, eerder as om net saam te skree of saam te gaan met sinnelose en onwaar uitlatings.

Die evolusiehipotese is nie net swak wetenskap nie, dit dra bitter min by tot enige wetenskap, behalwe om sy eie filosofiese veronderstellings te propageer. Let op hoe die volgende natuurwetenskaplike (nogal in biologie) dit stel.

"Dr Marc Kirschner, founding chair of the Department of Systems Biology at Harvard Medical School states [Boston Globe, 23 October 2005]: 'In fact, over the last 100 years, almost all of biology has proceeded independent of evolution, except evolutionary biology itself. Molecular biology, biochemistry, physiology, have not taken evolution into account at all.' "

Maar weereens glo Kirschner steeds aan evolusie.

Nee wat, evolusie mag nog vir 'n tyd lank 'n rol speel, maar nie betreffende wetenskaplike vooruitgang nie – wel betreffende wetenskaplike belemmering. Die ongeldigheid van hul argumente gaan al meer en meer duidelik word. God sê self dat sy Woord vir ewig sal bly staan, [en daarom sal enige hipotese wat dit weerspreek, tot niet gaan].

Hennie Mouton

---

### **'n Antwoord aan Daniël Michau oor sy bewerings - 2011/05/05**

Louis skryf:

Net 'n vinnige antwoord aan Daniël Michau oor sy brief van 2011//04/20, waarin hy die volgende bewering maak:

"Ek sien jy is doodstil oor die biologiehandboeke waarna sekerlik goed genoeg verwys is dat jy dit kon nagaan. Ek neem aan jy dink nog aan 'n antwoord oor waarom abiogenese-eksperimente in evolusionistiese biologiehandboeke bespreek word terwyl dit volgens jou nie deel van evolusie is nie."

Ek het daardie brief beantwoord en gestuur op 20/04/2011, maar dit is nooit geplaas nie. Om mense se geheue bietjie te verfris, jy het gesê in jou brief van 2011/04/13:

"Louis vra in watter biologiehandboeke abiogenese (aan die hand van die Miller-Urey-eksperimente) as bewysstuk vir evolusie voorgelê word, want hy weet skynbaar van geen een nie. Hier is 'n lys: "Biology: The Dynamics of Life" deur Biggs, Kapicka en Lundgren, "Biology" 5th edition deur Campbell, Reece en Mitchell, "Evolutionary Biology" deur Futuyma, "Biology" deur Guttman, "Biology: Vizualizing Life" deur Johnson, "Biology" 6th edition deur Mader, "Biology" 5th edition deur Miller en Levine, "Biology" 5th edition deur Raven en Johnson, "Biology: The Study of Life" 7th edition deur Schraer en Stoltze, "Biology:

The Unity and Diversity of Life" 8th edition deur Starr en Taggart, en dan ook ons eie Suid-Afrikaanse hoërskoolhandboek vir graad 11's en 12's "Verken Lewenswetenskappe".

Dis jou eie woorde.

Hier voor my het ek "ons eie Suid-Afrikaanse hoërskoolhandboek vir graad 11's en 12's "verken Lewenswetenskappe"". Daar is eintlik twee dele, die eerste deel vir graad 11's (ek het die Engelse weergawe hiervan) en die tweede deel vir graad 12's (ek het die Afrikaanse deel hiervan).

Verwysings: Clitheroe, F., Dempster, E., Doidge, M., Marsden, S., Mbambisa, N., Singleton, N., Stander, M., Van Aarde, I. and Ashwell, A., 2011. Focus on Life Sciences, Grade 11. Maskew Miller Longman (PTY) Ltd. First published 2006, Eighth Impression 2011. 276pp. Clitheroe, F., Dempster, E., Doidge, M., Marsden, S., Mbambisa, N., Singleton, N. en Van Aarde, I. 2010. Verken Lewenswetenskappe Graad 12. Maskew Miller Longman (Edms) Bpk. 294p.

Die woord "abiogenese" kom nie in een van die uitgawes voor nie. Die woorde "Miller-Urey-eksperimente" kom nie in een van die handboeke voor nie.

{Agterna HM-kommentaar: Hierdie is 'n patetiese argument – kyk na Daniël Michau se eersvolgende antwoord hierop. Ek kan eintlik nie glo dat Louis met so 'n swak argument te voorskyn kom van spesifieke woorde te soek terwyl hy die beskrywing van die sake waaroor die woorde gaan, nie raaksien nie.}

In die Graad 12 handboek kom die woord "evolusie" voor op bladsy 287 van die Woordelys en word daar omskryf as "die proses waardeur nuwe soorte organismes uit bestaande organismes ontwikkel." Op bladsy 240 kry ons Hoofstuk 15: Evolusie en die Oorsprong van organismes. Afdeling 1 daarvan is onder die hofie "Oorsprong van idees oor evolusie". Die eerste sin is "Bioloë en ander wetenskaplikes stem saam dat alle lewende organismes van 'n gemeenskaplike voorouer kom" Die tweede sin is: "Aan die hand van die bewysstukke uit verskillende bronne het wetenskaplikes tot die gevolgtrekking gekom dat die diversiteit van lewe op hierdie planeet veroorsaak is deur stadige veranderings wat oor miljoene jare plaasgevind het". Hier word die ontwikkeling van die teorie bespreek met verwysings na onder andere Erasmus Darwin, Lamarck, Lyell, Charles Darwin, ens. Niks oor die ontstaan van lewe nie. Niks van abiogenese nie.

Michael, het jy net 'n fout gemaak toe jy beweer het dat hierdie biologiehandboeke abiogenese (aan die hand van die Miller-Urey-eksperimente) as bewysstuk vir evolusie voorgehou? Daar is niks daarvan hierin nie. Dit laat my ook vreeslik twyfel oor jou ander bronne. Ek dink dat jy maar net nie baie daarvan verstaan nie, of dat jy ons doelbewus mislei. Het jy enige paragrawe uit hierdie boeke waarin jou bewerings gestaaf kan word? Bladsynommers sal ook vreeslik baie help. Jy wil nie hê dat ander mense dink dat jy hulle opsetlik mislei nie, nê?

Louis

-----

**Louis en die handboeke - 2011/05/05**

Daniël Michau skryf:

Verken Lewenswetenskappe, 2de druk, 2007, bl. 114 en 115: "Later, in 1953, het 'n student aan die Universiteit van Chicago, Stanley Miller, 'n eksperiment uitgevoer om te probeer verklaar hoe lewe op die aarde ontstaan het. Stanley Miller was maar 23 jaar oud toe hy sy belangrike ontdekking gedoen het. ... "

Louis jy weet sekerlik dat hierdie verwys na die Miller-Urey-eksperimente? En dat "probeer verklaar hoe lewe op aarde ontstaan het" verwys na abiogenese?

Is jy net moedswillig? Gaan jy nou die vraag beantwoord hoekom abiogenese-eksperimente in biologiehandboeke voorgelê word as bewysstukke vir evolusie, terwyl jy sê dit het niks met evolusie te doene nie? So terloops, wie is Michael?

Daniël Michau

-----  
**Dr. Hennie Mouton se brief van 2011/05/04 oor yskerne - 2011/05/06**

Louis skryf:

Hennie Mouton: "Louis, ek het nog nooit getwyfel dat jy kan tel nie, maar jy moet die regte goed tel."

Ja, dis hoekom hulle jaarlae tel. Hulle kan baie mooi sien wat is jaarlae. Die ys kristalliseer verskillend in die somer en winter. Een laag is donker en die ander lig. Een donker laag + een ligte laag gee mens 'n jaarlaag. Sommer so met die oog gedoen. Tot ongeveer 50 000 jaarlae by Vostok. Kyk sommer hoe lyk 'n foto van 'n yskern en hoe mens die verskillende jaarlae sommer so met die oog kan sien op wiki.

Hennie Mouton: "Elke jaar kan verskeie yslagies voortbring - dikwels veroorsaak storms ook yslagies."

Ja, en Glasioloë kan onderskei wat is jaarlae en wat is die ander lagies in die jaarlae. Sommer ook so met die oog. Tot ongeveer 50 000 jaarlae.

Hennie Mouton: "Jy kan dus nie die aantal yslagies gelykstel aan jare nie."

Ja, jy kan. Jy kan sien watter lagies is hoe afgeset. Mens kan die lagies in die jaarlae onderskei, Dr. Mouton.

Hennie Mouton: "Daarom het ek geskryf: '... dit wat in die boonste lae onderskei kan word as jaarlae (wat dit ook nie altyd is nie) ...' Sigbare yslagies kan vorm as gevolg van stof- en vulkaniese asneerslae wat deur die jaar wissel."

Ja dit kan. Dit kan ook onderskei word van jaarlae. Sommer so met die oog. So ongeveer 50 000 van hierdie jaarlae by Vostok.

Hennie Mouton: "Dit kan andersins dikwels ook met suurstof-isotoopmetings bepaal word deurdat die verhouding van suurstof-18 tot suurstof-16 in somer- en wintersneeu weens verskille in lugtemperatuur verskil."

Ja, jy kan dit ook doen. Mens kan nog steeds die jaarlae tel sommer so met die oog.

Hennie Mouton: "Dit word egter algemeen aanvaar dat onderskeibare yslagies ook weens ander oorsake kan ontwikkel, soos byvoorbeeld storms, en warm en koue fronte."

Ja, dit ontwikkel ook op daardie maniere. Mens kan nog steeds die jaarlae tel. Sommer so met die oog. Tot ongeveer 50 000 van hulle in in die geval van Vostok.

Hennie Mouton: "Storms het tipies ook warm en koue fases. Baie meer as een yslagie kan dus maklik per jaar voorkom. [Journal of Geophysical Research 102(C12):26,367–26,381, 26,455–26,470, 1997]"

Ja, dit gebeur so. Mens kan nog steeds daardie lagies in die jaarlae onderskei. Met al daai lagies in die jaarlae, tel mens nog steeds die jaarlae as  $1 + 1 = 2$  plus nog een is gelyk aan 3 plus nog een is gelyk aan 4, ens. By die Vostok yskern tel hulle die jaarlae so, deur die 6 000'ste jaarlaag deur die 10 000'ste jaarlaag tot naastenby die vyftigste jaarlaag. Ononderbroke. Sommer so met die oog. Geen teken dat die yslae minder as 6 000 is nie. Geen teken van 'n groot wêelwye vloed in daardie tydperk nie.

Hennie Mouton: "Louis, hoekom is jou hoofverweer teen die artikel <http://creation.com/is-evolution-scientific> dat die outeur nie (amptelike) opleiding in natuurwetenskappe het nie?"

Maklik. Ek dink dat honderde duisende regte natuurwetenskaplikes met regte Ph.D.'s in Biologie baie beter sal weet wat is wetenskap as iemand wat geen opleiding daarin het nie.

Hennie Mouton: "Hoekom bespreek jy nie eerder die sake wat hy noem en uitstekend motiveer nie? Hy haal tog immers evolusionistiese wetenskaplikes dikwels aan."

"Quote-mining" is nie wetenskap nie, Dr. Mouton, al dink julle kreasioniste dit is, want dis al wat julle kan doen.

{Agterna HM-kommentaar: Ek sou dink dat "quote-mining" gaan oor aanhalings buite konteks te gebruik. Louis beweer dat Calvin Smith dit gedoen het, maar verderaan word aangetoon dat dit onsin is, en dat Louis self die een is wat aanhalings verdraai om sy standpunte te probeer ondersteun.}

Boonop vertel hy leuens ook. Hier is een uit jou bron: "Mutation and natural selection (evolutions supposed mechanism) have never once shown an ability to create new, functional genetic information in a creature. No one has 'seen' evolution." Dis 'n leuen. Ons het dit al baie gesien, beide in die Laboratorium en in die veld. Die feit dat julle dit net ignoreer maak julle leuens nie die waarheid nie.

Nog 'n leuen van jou bron: "Evolution is... the theory that all the living forms in the world have arisen from a single source which itself came from an inorganic form."

Die wetenskaplike definisie van die Teorie van Evolusie: Evolution (also known as biological or organic evolution) is the change over time in one or more inherited traits found in populations of organisms.



Nog 'n leuen uit jou bron: "Similarly, predictions about useless vestigial organs like the appendix (supposedly a useless left over from our evolutionary past)".

Misleiding, want "vestigial" beteken nie "useless" nie. Dit beteken 'n oorblyfsel. Nêrens het enige wetenskaplike ooit gesê dat "vestigial organs" "useless" is nie.

{Agterna HM-kommentaar: Sekulêre wetenskaplikes sê waarskynlik al minder dat oorblyfsel-organe nutteloos is, want hoe meer die wetenskap uitvind, hoe meer ontdek hulle dat hul vorige lang lys van sogenaamde oorblyfsel-organe heel verkeerd was. Die krimpemde lys van sogenaamde oorblyfsel-organe word dus al meer en meer getuigenis vir 'n Intelligente Ontwerper oftewel die Skeppergod.}

Jou outeur stel strooimanne op met onwaarhede en skiet dit dan af. Ek verkies om nie inligting te verkry by mense wat so baie leuens vertel nie.

Net vir interessantheid, iets wat kreasioniste altyd ignoreer. Ander mense sal dit ook hopenlik interessant vind.

By Lake Toba, in Indonesië, is daar 'n yslike krater gevul met water en wat nou 'n baie groot meer vorm. (100km lank). Geoloë het daardie krater ondersoek en, met Ar-Ar datering op lawas, bepaal dat daar so 70 000 jaar terug 'n yslike ontploffing was van die vulkaan. Hulle het gedink dat dit een van die grootste vulkaniese ontploffing tot nog toe was. Geoloë het gespekuleer dat so 'n reusagtige ontploffing baie as in die atmosfeer sou inblaas en dat dit die klimaat kon beïnvloed vir baie jare daarna.

Intussen, by verskeie yskerne in Groenland, het Glasioloë gevind dat daar so 'n baie dik stoflaag was in die jaarlae van so 70 000 jaar terug. Met verskeie metodes wat gebruik is op die yskerne is bepaal dat die klimaat vir 'n hele paar jaar daarna baie koud was daar in Groenland.

Een of ander bright-spark ('n regte Geoloog, nie 'n Missiel-Ingenieur wat dink hy weet alles van Geologie af nie en voorgee hy is 'n natuurwetenskaplike nie!) het toe besluit om 'n spoor-element analise te doen op daardie stof in die yslaag van so 70 000 jaar terug. Sy spoor-element analise het getoon dat die stof in daardie laag presies dieselfde samestelling het as die lawas by Lake Toba in Indonesië.

Terselfdetyd toon dit genetika dat daar 'n genetiese bottelnek was in die mensdom so 70 000 jaar terug. Die mens het toe amper uitgesterf.

Ek weet kreasioniste sal hierdie net ignoreer of net verklaar dat 'n wêreldwye vloed minder as 6 000 jaar terug dit alles veroorsaak het. Al is daar absoluut geen bewyse vir enige so 'n vloed nie.

Louis

{Agterna HM-kommentaar: Skeppingsleerders ignoreer nie hierdie gebeure nie. Dit stem waarskynlik goed ooreen met die Genesisvloed en die ystydperk net daarna, toe daar inderdaad 'n genetiese bottelnek en feitlike uitwissing van talle diersoorte en die mens was. Die verwagting is ook dat daar baie vulkaniese uitbarstings tydens en kort ná die vloed was. Maar dit beteken die 70 000 jaar is 'n verkeerde afleiding en moes nader aan 4 000 jaar gewees het. Onder andere bevestig die C-14-argumente wat in hierdie debat geopper is, laasgenoemde korter tydperk.

Fossiele regoor die wêreld in sedimentêre rotslae wat duidelik vinnig na mekaar moes neergelê gewees het (gemeet aan bitter min erosie tussen strata, polistrata-fossiele en nog vele meer bewysstukke), en Louis reken daar is geen bewyse nie?}

-----

### **Dr. hennie Mouton se brief oor darwin - 2011/05/06**

Louis skryf:

In Dr. Mouton se brief van 2011/05/04 probeer Dr. Mouton weer mense mislei. Hy sê:

Hennie Mouton: "Bowendien het jy tog sekerlik in jou oplees van wie die outeur Calvin Smith is gesien dat hy daarna verwys dat Charles Darwin se enigste formele opleiding ook net in teologie was. Dat jy dit nie noem nie is te verstane, want dit pas jou argument nie lekker nie, maar hoekom glo jy dan so baie van Darwin se bewerings?"

Darwin is opgelei deur die beste wetenskaplikes van sy dag, insluitende Henslow, Owen, Lyell en Grant. In daardie tyd is hulle naturaliste genoem.

In Darwin se tyd was daar doodeenvoudig geen natuurwetenskaplike grade nie. Indien hy 'n wiskunde-grad gekry het op Cambridge, sou dit hom nog steeds nie 'n naturalis gemaak het nie.

Insteede daarvan het hy, terwyl hy die eerste jare van mediese studie gedoen het in Edinburgh, en toe teologie gedoen het in Cambridge, die beste opleiding in die natuurwetenskappe gekry wat daardie tyd beskikbaar was.

En hy het hard gewerk, soveel so dat sy oorspronklike publikasies en monsters wat hy van die Beagle af gestuur het 'n groot opskudding in die Londense wetenskaplike gemeenskap veroorsaak het, sonder dat Darwin self geweet het van die opskudding, en hy het 'n uitstekende reputasie as 'n eersteklas navorser gehad met sy terugkeer.

Terselfdetyd het hy sy publikasies laat eweknie-evalueer deur die wetenskaplike gemeenskap, en nie sy publikasies net in godsdienstige traktate gepubliseer nie. U weet van die debatte by Oxford Universiteit daar in 1860, Dr. Mouton? Dis hoe eweknie-evaluering in daardie tyd gedoen is. Sy eweknieë het toe sy navorsing en teorie aanvaar. Dis wat mens wetenskap noem, Dr. Mouton.

{Agterna HM-kommentaar: Ondertoe word aangetoon (2011/05/17 "Sterkte Louis", nadat die brief op 2011/05/10 geblokkeer is) hoe heelwat van Darwin se "dosente" nie eers sy hipotese aanvaar het nie, wat nog te sê van sy eweknieë. Ek wonder of Louis weet dat Darwin nie eerste die idee van natuurlike seleksie uitgedink het nie, maar dit onder andere gekry het by die skeppingsleerder Edward Blyth, sonder om hom voldoende erkenning daarvoor in sy boek te gee.}

Hierdie kritiek van u toon dat u, net soos met Biologie en Geologie, baie min van die verlede weet. U doen dit ook om maar net kreasioniste met ontoepaslike, vals of gekoopte grade geloofwaardigheid te probeer gee.

Dr. Mouton: "Kan jy nie maar wegkom van die swak wetenskaplike argument van outoriteit,.."

Dis vreeslik snaaks komende van iemand wat oral verwys na artikels wat honderde "quote-mines" gebruik! Ek hoop dat u weet dat "quote-mines" die koning van alle "Argumente van Outoriteit" is.

Dr. Mouton: "...en slegs die meriete van die sake bespreek nie?"

"Quote-mines" het geen meriete nie, Dr. Mouton. Ongelukkig vir u is dit 'n drogredenasië en die mense wat u wil voorgee as "outoriteite" is nie eens outoriteite nie.

{Agterna HM-kommentaar: Het Louis vergeet dat hy skeppingsleerders van "quote-mining" beskuldig waar hulle evolusioniste aanhaal? Beskou hy daardie evolusioniste nie as outoriteite nie? In ieder geval gaan die "argument van outoriteit" nie oor aanhalings as sulks nie, maar om iemand van outoriteit se ongesubstansieerde opinie weer te gee, of om iemand, ondanks sy goeie argumente, nie te glo nie omrede sy gebrek aan sogenaamde outoriteit. Dít is waaroor die wangebruik van outoriteit gaan. Hierdie wangebruik kom feitlik deurlopend in Louis se skrywes voor.}

Dr. Mouton: "Is jy bang dat meer mense die betrokke artikel gaan lees?"

Hulle is welkom, want dis baie goed vir die lagspiere. Iemand moet hulle net daarop wys dat daardie outeur niks weet van biologie nie, dat hy vreeslik baie misleading doen en net so gereeld leuens vertel.

Dr. Mouton: "Probeer jy hulle by voorbaat ontmoedig? Dink jy regtig dat geen teoloog buiten Charles Darwin iets van wetenskappe kan verstaan nie?"

Geen Teoloog sal naastenby weet van wat Bioloë weet oor Biologie nie, wat Paleontoloë weet van Paleontologie af nie en wat Geoloë weet van Geologie af nie. Daai mense spandeer nie net hulle baie jare op Universiteit aan bierdrink nie, Dr. Mouton. Om 'n gevorderde graad in een van die rigtings te kan kry behoort hulle baie meer te weet van hulle spesifieke wetenskap as wat Teoloë ooit sal weet daarvan.

Dr. Mouton: "Is dít nou nie dalk bietjie verwaand van jou nie?"

Ek wonder of u nie dink dat 'n Elektroniese Ingenieur wat maak of hy alles weet van Biologie en Paleontologie en Geologie af nie, terwyl hy dink dat al daardie honderde duisende opgeleide Bioloë, Paleontoloë en Geoloë almal verkeerd is in hul eie spesialiteite, effens verwaand voorkom nie!

Louis

-----

**Hanswors, Louis? - 2011/05/06**

Hennie Mouton skryf:

Louis beweer net hanswors laat K-Ar-datering op jong rotse doen. Ook hier weet hy dus beter as sy mede-evolusionis Paul Renne, professor in geologie en geofisika van UC Berkeley, of hy beskou laasgenoemde ook as 'n hanswors. Onderstaande verwys na die Ar-Ar-datering van Pompeii se lawarots (dareem een geval waar radiometriesse datering reg was): "With the new dating system it should be possible to date even younger samples, perhaps a mere 1,000 years old with 10 percent

accuracy. 'Dating things that are really young has always been the Holy Grail of potassium-argon and argon-argon dating,' Renne says. For this experiment the researchers obtained samples of potassium-rich sanidine, a type of feldspar, from a recent excavation of the Villa di Poppea at Pompeii, and brought them to Berkeley for analysis." Let daarop dat K-Ar- en Ar-Ar-datering naby verwant is, daarom noem prof. Renne hulle ook in dieselfde asem. (Die Ar-Ar-metode is eintlik 'n indirekte metode om die K-Ar-verhouding af te lei.)

Betreffende die K-Ar-resultate wat ek gelys het aangaande historiese lawavloeië, waar radiometriese datering hopeloos verkeerd was, maak Louis 'n paar flaters:

\* Dit verwys na die bekende (in radiometriese-dateringskringe) GB Dalrymple se bevindings wat beslis in sekulêre wetenskaplike geskrifte verskyn het. Dit weerlê dus Louis se stelling dat geen sulke resultate ooit in wetenskaplike joernale verskyn het nie, geheel en al. Ek hoef sekerlik nie verder op sy "noem net een"-vereiste te antwoord nie.

\* Louis begryp klaarblyklik nie dat daar genoeg Argon in die monsters was dat die datering deur die kundiges gedoen kon word nie. Die hoeveelheid was ver genoeg bo die onderste grens dat hulle dit kon doen, wat nêrens deur my genoem is nie, maar enigeen behoort dit te kan aflei uit die antwoorde wat nie naastenby 'n konstante waarde is nie (hulle verskil tot meer as 10 maal onderling), en uit die toleransies wat op die antwoorde gegee word.

\* Louis begryp skynbaar ook nog steeds nie dat as die metode faal vir iets waarvan mens die ouderdom weet, dit onmoontlik betroubaar kan wees vir iets waarvan mens nie die ouderdom weet nie, veral as die hoeveelhede binne die grense van meetbaarheid lê.

Louis begryp klaarblyklik ook nie watter tipe aanhalings ek gebruik nie – dit is van evolusioniste wat die tipe probleme in evolusie bevestig wat skeppingsleerders uitwys, bestaan. As Louis dus hier die speletjie van aanhalings wil speel, soos hy dit stel, moet hy aanhalings van skeppingsleerders gebruik wat probleme in skeppingsleer uitwys. Om aanhalings van evolusioniste te lys wat skeppingsleer afskiet, is iets anders, wat Louis maar kan doen as hy met homself wil speel. My tipe aanhalings is van belang, want mense soos Louis wil duidelik nie enige wetenskaplike besware van skeppingsleerders teen evolusie glo nie – daarom hoop mens maar dat hulle besware uit hul eie geledere oor hul eie hipotese tenminste ernstig sal opneem.

En ja, ek weet kritiek binne wetenskapgeledere is 'n belangrike deel van die wetenskaplike proses, maar as probleme net al groter word, sonder redelike oplossings, is dit ook nie meer 'n verskoning om nie van die hipotese ontslae te raak nie.

Nee Louis, ek dink nie ek is baie slim nie, maar ek hardloop tenminste nie sonder om te dink agter 'n meerderheids- of sogenaamde-outeiteits-opinie aan nie, ondanks die magdom getuïenis daarteen.

Hennie Mouton

-----  
**Nog en nog yslagies. - 2011/05/06**

Nico skryf:

Ek woon in Kanada en op die dakkie voor my voordeur kan mens die deursnee van die sneeu op die dak mooi sien. Ek kon 32 duidelike lae sien en meer onduidelike lae. Ek vra die mense wat die yslagies so tel om die sneeu hoop op my dak te dateer. Waai die wind in die sg High Arctic? Is die sneeu die resultaat van een sneeustorm met wind vs 32 jaar se sneeu?

Nico

---

### Yslike waarhede - 2011/05/08

Hennie Mouton skryf:

Louis se bewering dat die jaarlikse yslae in byvoorbeeld die Groenland-yskerne maklik en akkuraat getel kon word, is baie ver van die waarheid af. Dit maak sy hele skrywe (insluitende sy sinnelose herhalende sinne) oor die aangeleentheid eintlik tot niet. Onderstaande demonstreer die onsekerhede van die metode.

Deborah Meese en haar kollegas het in 1994 berig dat die GISP2-yskerne jaarlikse lae vertoon het van 85 000 jaar tot 'n diepte van 2800 m. Maar omdat dit gebots het met ander bevindings, het hulle besluit om die tellery in 1997 te herhaal deur tussen 2300 m en 2800 m weer te meet, maar met 'n fyner resolusie. Hulle het 25 000 meer "jaarlae" in daardie 500 m interval as vantevore gekry, om uit te kom by 110 000 jaarlae tot op die diepte van 2800 m, wat vantevore "net" 85 000 jaarlae was. [Meese, D.A. et al., Preliminary depth-age scale of the GISP2 ice core, U.S. Army Corps of Engineers, Cold Regions Research and Engineering Laboratory Special Report 94-1, 1994. Meese, D.A. et al., The Greenland Ice Sheet Project 2 depth-age scale: Methods and results, J. Geophysical Research 102(C12):26, 417-426, 419, 1997.]

Wat sou hulle antwoord gewees het as hulle die fyner resolusie regdeur toegepas het? Hoekom was hulle toe tevrede met die 110 000 jaar? Omdat dit ooreengestem het met ander resultate (wat egter ook nie op absolute metings gebaseer is nie). Wat beteken dit as metings met fyner resolusie vir jou ander antwoorde begin gee? Wel onder andere dat dit wat jy wil onderskei, glad nie so duidelik is nie. (Jaarlae is slegs duidelik onderskeibaar vir die enkele boonste duisende jare.)

Bogenoemde verslae van Meese et al demonstreer ook hoe 'n voorveronderstelling (of nog erger – die verwagting van 'n spesifieke resultaat), die vertolking en selektiewe gebruik van die data affekteer. Inderdaad is wetenskap glad nie so objektief soos baie wetenskaplikes probeer voorgee nie. Albert Einstein het dit soos volg gestel: "But on principle, it is quite wrong to try founding a theory on observable magnitudes alone. In reality the very opposite happens. It is the theory which decides what we can observe." [Physics and Beyond, bl.63, 1971]

Die belangrike vraag is dus eintlik wie se vertolking reg is – liefhebbers van miljoene jare of skeppingsleerders s'n. Indien 'n onlangse gebeure, waar bepaal kan word hoe vinnig yslae akkumuleer, bestaan, kan die beter wetenskaplike model waarskynlik bepaal word. Daar was so 'n gebeure. Dit word beskryf op bl. 179-183 van die boek *Skepping & Evolusie - onversoenbaar!* wat gratis van [www.glodiebybel.co.za](http://www.glodiebybel.co.za) afgelaai kan word. Ja, natuurlik het enkele liefhebbers van miljoene jare allerlei besware teen daardie resultate probeer inbring, maar soos in meeste gevalle wat hier op Kerkbode-aanlyn ter sprake gekom het, bestaan daar goeie wetenskaplike teenargumente op hul besware.

Argumente en teenargumente is deel van die aard van hierdie soort debat tussen skepping en evolusie (wat natuurlik absoluut afhanklik van miljarde jare is). Die lesers wat die hele debat hier met aandag en redelik onbevooroordeeld gevolg het, so tussen al die onnodige beledigings deur, sal hopelik reeds 'n opinie kan vorm van watter model nader aan die waarheid is. Selfs lesers wat alles net oorsigtelik nagegaan het behoort te besef dat die evolusiehipotese allesbehalwe klinkklaar bewese wetenskap is. Om te dink mens kan die hele skepping met sy oorspronge naturalisties sonder enige Skepper verklaar, is nie net verwaand nie, maar dit dui op onkunde of op doelbewuste oneerlikheid gegewe al die onopgeloste en groeiende probleme wat sulke pogings mee sit.

Hennie Mouton

---

### **kreasioniste id hansworse - 2011/05/09**

Louis skryf:

Dr. Mouton se brief van 2011/05/06 het betrekking.

Dr. Mouton, hou asseblief op om mense so te mislei. U is besig om die bietjie geloofwaardigheid te verloor wat u dink u nog het.

Dr. Mouton: "Louis beweer net hansworse laat K-Ar-datering op jong rotse doen."

Ja, Dr. Mouton, net hansworse doen K/Ar datering op jong gesteentes. Dis algemene kennis by regte geochronoloë.

Dr. Mouton: "Ook hier weet hy dus beter as sy mede-evolusionis Paul Renne, professor in geologie en geofisika van UC Berkeley, ....."

Hou op om mense so te probeer mislei, Dr. Mouton. Paul Renne is 'n Geochronoloog, dus 'n Aardwetenskaplike en is nie 'n Bioloog nie. Dus is hy nie 'n "evolusionis" nie. Hy het wel die Teorie van Evolusie aanvaar, met presies dieselfde metode as wat hy alle ander wetenskaplike teorieë, soos die Heliosentriese Teorie (al is hy nie 'n Sterrekundige nie) en Atoomteorie (al is hy nie 'n Fisikus nie) en Selteorie (al is hy nie 'n Bioloog nie) ook aanvaar het, al is hy nie 'n kenner op een van daardie wetenskappe nie.

{Agterna HM-kommentaar: Lateraan gee ek die HAT-definisie van wat 'n evolusionis is. Louis het weereens die kat aan die stert beet.}

Dr. Mouton: "..... of hy beskou laasgenoemde ook as 'n hanswors. Onderstaande verwys na die Ar-Ar-datering van Pompeii se lawarots"

Indien hy die K/Ar metode gebruik het op daardie gesteentes, sou hy baie beslis 'n hanswors gewees het. Hy het egter nie. Hy het die Ar/Ar metode gebruik. Daarom beslis nie 'n hanswors nie. Hy weet baie mooi wat hy doen.

Ar/Ar datering verskil hemelsbreed van K/Ar datering. Net hansworse doen K/Ar datering op jong gesteentes. Regte wetenskaplikes sal eerder iets soos Ar/Ar probeer.

Dr. Mouton: "... (dareem een geval waar radiometriese datering reg was): "With the new dating system it should be possible to date even younger samples, perhaps a mere 1,000 years old with 10 percent accuracy...."

So, daar sien u dat selfs die Ar/Ar metode nie gesteentes jonger as 1 000 jaar reg sal kan dateer nie. Ons weet dit voor die tyd. Net so weet ons dat ons nie die K/Ar metode kan gebruik op gesteentes jonger as 'n paar miljoen jaar nie. Dus, Dr. Mouton, as ons die K/Ar metode gebruik en 'n ouderdom van onder 'n paar miljoen jaar kry, weet ons dat ons die verkeerde metode gebruik het, ons verkrygte "ouderdomme" kan ignoreer en eerder 'n ander metode moet probeer, want die K/Ar metode is nie akkuraat vir jong gesteentes nie.

{Agterna HM-kommentaar: Louis trap hier presies in die slagkat waarin sy megajaarkronofielvriende ook gereeld val. Omdat hulle "weet" wat die ouderdom is, ignoreer hulle die resultaat. En dan flous hulle hulself nog verder deur te beweer dat die ouderdomme op verskeie maniere bevestig word, want dit stem so mooi ooreen! Dis onsinnig om resultate volgens jou vooropgestelde idees te selekteer, en wat nie pas nie uit te laat, en dan te verkondig dat alle resultate mooi ooreenstem.}

Dr. Mouton: "... 'Dating things that are really young has always been the Holy Grail of potassium-argon and argon-argon dating,' Renne says. For this experiment the researchers obtained samples of potassium-rich sanidine, a type of feldspar, from a recent excavation of the Villa di Poppea at Pompeii, and brought them to Berkeley for analysis."

Uiteindelik kom u by die punt: Ar/Ar datering is baie meer akkuraat om die ouderdomme van jonger gesteentes te bepaal as wat K/Ar is daarmee. Dus gebruik mens eerder dis Ar/Ar metode om jonger gesteentes se ouderdomme te bepaal. Die Ar/Ar metode is ook beslis nie geskik vir gesteentes jonger as 'n duisend jaar nie. Net hansworse sal die K/Ar metode gebruik op jong lawavloeiings. Net hansworse sal 'n Ar/Ar ouderdom van onder 1 000 jaar beskou as 'n regte ouderdom.

{Agterna HM-kommentaar: Kan Louis regtig nie verstaan dat as sy storie waar is, die meting TE MIN Ar moes gewys het om 'n resultaat te kon lewer nie? En as daar ander redes is waarom daar meer Ar in die monster is, mens ook nie die antwoord kan glo sou mens in ander gevalle genoeg Ar kry wat op die oog af neerkom op miljoene jare nie?}

Dr. Mouton: "... (Let daarop dat K-Ar- en Ar-Ar-datering naby verwant is, daarom noem prof. Renne hulle ook in dieselfde asem. (Die Ar-Ar-metode is eintlik 'n indirekte metode om die K-Ar-verhouding af te lei.)"

Nee, Dr. Mouton, die metodes is nie dieselfde nie. Ar/Ar datering verskil van K/Ar datering deurdat die monser eers bestraal word met neutrone in 'n kernreaktor en sommige van die K-39 (aanwesig as 'n gemete fraksie van die totale K in die gesteente) word verander na K-40 voor die meting in die massa spekrometer. Die verhouding tussen die radiogenetiese dogterproduk, Ar-40 tot Ar-39, as 'n verteenwoordiger vir K-40, kan gemeet word in dieselfde monster, en dan gee dit 'n praktiese voordeel oor K/Ar datering, waar die K-40 en Ar-40 apart gemeet moet word en daardeur die akkutraatheid van die meetings verbeter. Beslis nie dieselfde as K/Ar metode nie. Mens kan die Ar/Ar metode gebruik op gesteentes van so jonk as 1000 jaar, terwyl mens nie die K/Ar metode kan gebruik op gesteentes van jonger as 'n paar miljoen jaar nie. 'n Baie groot verskil.

{Agterna HM-kommentaar: Let wel, ek het nie gesê die metodes is dieselfde nie, maar dat die Ar-Ar-metode 'n indirekte metode is om die K-Ar-verhouding af te lei. Louis se "Die verhouding tussen die radiogenetiese dogterproduk, Ar-40 tot Ar-39, as 'n verteenwoordiger vir K-40" bevestig my stelling. Verdere nagaan van die Ar-Ar-metode op die internet, het my stelling nog verder bevestig.}

Dr. Mouton: "....(Betreffende die K-Ar-resultate wat ek gelys het aangaande historiese lawavloeië,....."

Die K/Ar metode kan nie gebruik word op jong gesteentes nie.

Daarom kan dit nie gebruik word op historiese lawavloeiings nie. Enigiemand wat die K/Ar metode gebruik op jong lawavloeiings en dan nog voorgee hulle doen "wetenskap" is 'n hanswors.

Dr. Mouton: "....( waar radiometriese datering hopeloos verkeerd was,) ....."

Nee, dit was nie verkeerd nie, want geochronoloë weet voor die tyd dat dit nie sal werk nie.

Die kreasioniste se "navorsing" was verkeerd.

Dr. Mouton: "....( maak Louis 'n paar flaters: \* Dit verwys na die bekende (in radiometriese-dateringskringe) GB Dalrymple se bevindings wat beslis in sekulêre wetenskaplike geskrifte verskyn het."

O, weer so 'n vae verwysing na "werk" wat glo die kreasioniste se "navorsing" (quote mining) ondersteun. U kan nooit 'n verwysing gee nie, Dr. Mouton. Ek wonder hoekom.

Dr. Dalrymple het geskryf oor hoekom mens nie die K/Ar metode kan gebruik op jong gesteentes nie. Niks anders nie.

Dr. Mouton: "....( Dit weerlê dus Louis se stelling dat geen sulke resultate ooit in wetenskaplike joernale verskyn het nie, geheel en al."

Verwys u na hierdie lys van u wat op 2011/05/03 verskyn het?

U vertel weer leuens, Dr. Mouton. Dalrymple het mooi vertel oor hoekom daardie datums verkeerd is.

Hier is die lys met die eerste voorbeeld:

Dr. Mouton: "....( HISTORIESE LAWAVLOEI K-Ar "ouderdom": Basalt, Hualalai, Hawaii,  $1.6 \pm 0.16$  miljoen jaar / 2de monster  $1.41 \pm 0.08$  miljoen jaar, i.p.v. minder as 200 jaar want dit het 1800-1801 n.C. gebeur;"

Kom ons kyk wat Dalrymple self sê daaroor (jy weet, die een wat die navorsing self gedoen het): "In nearly every case, the measured K-Ar age was zero, as expected if excess argon is uncommon. An exception is the lava from the 1801 Hualalai flow, which is so badly contaminated by the xenoliths that it is impossible to obtain a completely inclusion-free sample." Hy het dus navorsing gedoen oor hoekom die "oormaat Argon" daar is, nie oor die ouderdom nie.

{Agterna HM-kommentaar: Xenoliths is geen verskoning nie, soos ondertoe verduidelik word.}



U hou aan om mense te mislei, Dr. Mouton.

Die navorsing is gedoen op "Oormaat Argon", Dr. Mouton, nie op die ouderdomme nie. U vertel leuens, Dr. Mouton.

Dr. Mouton: "... ( Ek hoef sekerlik nie verder op sy "noem net een"-vereiste te antwoord nie."

Dalrymple het ons baie mooi vertel hoekom die K/Ar metode nie gebruik kan word op jong gesteentes nie en ook hoekom hulle verkeerde ouderdomme gee.

Dr. Mouton: "... ( \* Louis begryp klaarblyklik nie dat daar genoeg Argon in die monsters was dat die datering deur die kundiges gedoen kon word nie."

Ek begryp baie mooi dar die K/Ar metode nooit gebruik kan word op jong gesteentes nie. Maak nie saak of daar "genoeg Argon in die monsters was" of nie.

Dr. Mouton: "Die hoeveelheid was ver genoeg bo die onderste grens dat hulle dit kon doen,....."

Die Argon was vêr bo die onderste grens as gevolg van wat genoem word "oormaat Argon". "Oormaat Argon" is juis een van die redes waarom die K/Ar metode nie op jong gesteentes gedoen kan word nie.

{Agterna HM-kommentaar: Nou hoe sal wetenskaplikes weet dat as hulle baie ou monsters toets (wat hulle dink baie oud is), watter deel van die Ar daar is weens oormaat, en watter deel gebruik kan word om die K-Ar-verhouding te bepaal waarop die sogenaamde ouderdom berus?}

Dr. Mouton: "...wat nêrens deur my genoem is nie, maar enigeen behoort dit te kan aflei uit die antwoorde wat nie naastenby 'n konstante waarde is nie (hulle verskil tot meer as 10 maal onderling), en uit die toleransies wat op die antwoorde gegee word."

Die "Oormaat Argon" verskil van monster tot monster. Een van die redes waarom die K/Ar metode nie akkuraat is in jong gesteentes nie.

{Agterna HM-kommentaar: Kan Louis insien dat die moontlikheid van oormaat Ar ook die ouderdomsbepaling van ou gesteentes sinneloos maak?}

Dr. Mouton: "\* Louis begryp skynbaar ook nog steeds nie dat as die metode faal vir iets waarvan mens die ouderdom weet, dit onmoontlik betroubaar kan wees vir iets waarvan mens nie die ouderdom weet nie, veral as die hoeveelhede binne die grense van meetbaarheid lê."

Hou op om leuens te vertel, Dr. Mouton. Ons weet al sedert die vyftiger-jare, toe die metode ontwikkel is, dat die K/Ar metode nie gebruik geword kan word op jong gesteentes nie, maar geskik is om die ouderdomme van ouer gesteentes akkuraat te bepaal. Die metode het nie gefaal nie, Dr. Mouton, die Kreasioniste se kennis van die metode het gefaal.

Dr. Mouton: "\* Louis begryp klaarblyklik ook nie watter tipe aanhalings ek gebruik nie – dit is van evolusioniste wat die tipe probleme in evolusie bevestig wat skeppingsleerders uitwys bestaan."

Nou mislei u weer mense, Dr. Mouton. Die bepaling van die ouderdom van gesteentes het niks met "Die Teorie van Evolusie" te doen nie, maar met die ouderdom van gesteentes. Dis Geologie, nie "evolusie" (julle "definisie" daarvan) nie.

{Agterna HM-kommentaar: Louis bluf homself as hy dink dat ouderdomme niks met evolusie te doen het nie. Sonder 'n aanvaarding van miljoene jare, sou niemand waarskynlik aan evolusie geglo het nie.}

Dr. Mouton: "\* As Louis dus hier die speletjie van aanhalings wil speel, soos hy dit stel, moet hy aanhalings van skeppingsleerders gebruik wat probleme in skeppingsleer uitwys."

Al 200 kreasioniste in die wêreld? Die wetenskappe werk nie met "aanhalings" nie, Dr. Mouton. Aanhalings is 'n mors van tyd vir wetenskaplikes.

Dr. Mouton: "\* Om aanhalings van evolusioniste te lys wat skeppingsleer afskiet, is iets anders, wat Louis maar kan doen as hy met homself wil speel. My tipe aanhalings is van belang, want mense soos Louis wil duidelik nie enige wetenskaplike besware van skeppingsleerders teen evolusie glo nie....."

Kreasioniste kan by definisie geen wetenskaplike besware teen die natuurwetenskappe gee nie, want hulle doen nie eens wetenskappe nie. Al wat hulle kan doen is om "quote-mines" te soek, dit "navorsing" en "wetenskap" te noem om mense te mislei en dan voor te gee hulle weet alles. Die natuurwetenskappe werk gelukkig nie so nie.

{Agterna HM-kommentaar: Weereens vertoon Louis sy onkunde oor skeppingsleerwetenskaplikes se werk.}

Dr. Mouton: "\* - daarom hoop mens maar dat hulle besware uit hul eie geledere oor hul eie hipotese tenminste ernstig sal opneem."

Hoe kan jy iemand wat die Teorie van Evolusie 'n "hipotese" noem ernstig opneem. Jy kan maar net lag vir hulle.

Dr. Mouton: "\* En ja, ek weet kritiek binne wetenskapsgeledere is 'n belangrike deel van die wetenskaplike proses, maar as probleme net al groter word, sonder redelike oplossings, is dit ook nie meer 'n verskoning om nie van die hipotese ontslae te raak nie."

Daar is nie eens enige van die "probleme" wat u wil wysmaak daar is nie. U dink dan dat wat u sien as "foute" in dateringsmetodes op gesteentes iets sê oor "evolusie"!

Dr. Mouton: "\* Nee Louis, ek dink nie ek is baie slim nie, maar ek hardloop tenminste nie sonder om te dink agter 'n meerderheids- of sogenaamde-outeiteits-opinie aan nie, ondanks die magdom getuienis daarteen."

Dr. Mouton, ek dink ook nie u is slim nie. Mense wat niks weet van 'n onderwerp nie, maar maak of hulle alles weet en dan vir honderde duisende kenners van 'n onderwerp wil vertel dat hulle almal verkeerd is, kan nie baie slim wees nie.

Louis

---

### **Daniël se misleiding - 2011/05/09**

Louis skryf:

Daniël Michau, u brief van 2011/05/05 verklaar baie dinge.

Vir ander mense, die argument gaan oor Daniël Michau se brief: "Louis vra in watter biologiehandboeke abiogenese (aan die hand van die Miller-Urey-eksperimente) as bewysstuk vir evolusie voorgedhou word, want hy weet skynbaar van geen een nie. Hier is 'n lys: "Biology: The Dynamics of Life" deur Biggs, Kapicka en Lundgren, "Biology" 5th edition deur Campbell, Reece en Mitchell, "Evolutionary Biology" deur Futuyma, "Biology" deur Guttman, "Biology: Vizualizing Life" deur Johnson, "Biology" 6th edition deur Mader, "Biology" 5th edition deur Miller en Levine, "Biology" 5th edition deur Raven en Johnson, "Biology: The Study of Life" 7th edition deur Schraer en Stoltze, "Biology: The Unity and Diversity of Life" 8th edition deur Starr en Taggart, en dan ook ons eie Suid-Afrikaanse hoërskoolhandboek vir grad 11's en 12's "Verken Lewenswetenskappe"."

Ek het gewys dat die woorde "Miller-Urey-eksperimente" verskyn nie eens in ons eie Suid-Afrikaanse hoërskoolhandboek vir graad 11's en 12's "Verken Lewenswetenskappe" nie.

{Agterna HM-kommentaar: Hierdie is 'n patetiese argument soos reeds voorheen uitgewys is. Kyk hoe probeer Louis die saak omseil net hieronder.}

Nou sê Daniël se brief van 2011/05/05:

Daniël Michau: " Verken Lewenswetenskappe, 2de druk, 2007, bl. 114 en 115: "Later, in 1953, het 'n student aan die Universiteit van Chicago, Stanley Miller, 'n eksperiment uitgevoer om te probeer verklaar hoe lewe op die aarde ontstaan het. "

Baie eksperimente is en word uitgevoer om te probeer uitvind hoe lewe ontstaan het.

Elke Biologie-handboek sal 'n hoofstuk hê oor hoe lewe ontstaan het (abiogenese). Niks te doen met die Teorie van Evolusie nie.

Dan sê Daniël Michau: "Stanley Miller was maar 23 jaar oud toe hy sy belangrike ontdekking gedoen het. ... "

Ja, hy het probeer uitvind hoe lewe ontstaan het. Hy was enigiets tussen 1 en honderd jaar oud toe hy sy eksperimente dit gedoen het. Baie mense tussen daardie ouderdomme en daarna probeer uitvind hoe lewe ontstaan het. Ek dink almal van ons wil graag weet hoe dit gebeur het. Niks met die Teorie van Evolusie te doen nie.

Dan sê Daniël Michau: "Louis jy weet sekerlik dat hierdie verwys na die Miller-Urey-eksperimente? En dat "probeer verklaar hoe lewe op aarde ontstaan het" verwys na abiogenese?"

Ja, na abiogenese, nie die Teorie van Evolusie nie. Abiogenese is die studie van hoe lewe ontstaan het. Die Teorie van Evolusie is die studie van wat daarna gebeur het.

{Agterna HM-kommentaar: Presies, in 'n biologiehandboek oor evolusie word verwys na abiogenese – presies dit wat Louis vantevore beweer het nie gedoen word nie. Maar Louis kom skynbaar nie eers agter hoe hy homself weerspreek nie!}

Dan sê Daniël Michau: "Is jy net moedswillig?"

Wat jy noem moedswillig is glo om te wys dat die ontstaan van lewe niks te doen het met die Teorie van Evolusie nie? Wat jy noem moedswillig is glo om te wys dat kreasioniste mense mislei? Dis nie moedswillig nie, dis feite.

U het nog steeds mense mislei in u skrywe dat: "biologiehandboeke abiogenese (aan die hand van die Miller-Urey-eksperimente) as bewysstuk vir evolusie voorgehou word".

U het nie die waarheid vertel nie.

Dan sê Daniël Michau: "Gaan jy nou die vraag beantwoord hoekom abiogenese-eksperimente in biologiehandboeke voorgehou word as bewysstukke vir evolusie, ...."

Jy probeer weereens mense mislei hierdie woorde. mense is nie so dom as wat u dink hulle is nie. Abiogenese het niks met die Teorie van Evolusie te doen nie. Die abiogenese-eksperimente in biologiehandboeke word voorgehou as studies na die oorsprong van lewe. Niks met die teorie van Evolusie te doen nie. U het mense mislei in daardie lys wat u voorsien het.

Dan sê Daniël Michau: "...terwyl jy sê dit het niks met evolusie te doene nie? ...."

Nee, die Teorie van Evolusie self sê dat die oorsprong van lewe niks te doen het met die Teorie van Evolusie nie. U, Daniël Michau, se "voorbeelde" het mense mislei.

Dan sê Daniël Michau: "So terloops, wie is Michael?"

Jammer, ek was verkeerd met daardie naam. Dis Daniël. Daniël Michau. Die een wat mense mislei oor handboeke.

Louis

{Agterna HM-kommentaar: Kyk hoe doen Louis weereens hier 'n eierdans. Nou erken hy dat abiogenese en die Miller-Urey-eksperimente in biologiehandboeke oor evolusie voorkom waar hy vantevore skeppingsleerders oor en oor van leuens en misleiding beskuldig het toe hulle dit gesê het. Maar wat hy steeds versuim om te noem is dat die Miller-Urey-eksperiment in die genoemde Lewenswetenskaphandboek as eerste punt genoem word in die hoofstuk oor evolusie. Kan hy regtig nie insien dat Stanley Miller se eksperimente verwys na die Miller-Urey-eksperimente nie? Maar verstommend genoeg beweer hy nog steeds skeppingsleerders doen die misleiding. Glo hy homself?}

---

### **Nico se brief uit Kanada - 2011/05/09**

Louis skryf:

Nico: "Ek woon in Kanada en op die dakkie voor my voordeur kan mens die deursnee van die sneeu op die dak mooi sien. Ek kon 32 duidelike lae sien en meer onduidelike lae."

Nico, het die sneeu op u dak al "firns" gevorm? Indien nie, kan mens dit nie dateer nie.

Nico: "Ek vra die mense wat die yslagies so tel om die sneeu hoop op my dak te dateer. Waai die wind in die sg High Arctic? Is die sneeu die resultaat van een sneeustorm met wind vs 32 jaar se sneeu?"

Smelt die sneeu op die dak elke somer? Is daar enige ononderbroke firnlae op u dak? Indien nie, kan mens dit nie doen nie want dit vorm nie jaarlae nie. In firnlae kan mens die resultate van individuele sneeustorms se lae onderskei (by die pole baie meer as 32 verskillende lae in een seisoen se lae en jaarlae), die individuele lae is deel van die jaarlae, wat getel kan word.

Louis

{Agterna HM-kommentaar: Presies – baie lae in een jaarlaag soos gestel deur Louis self. Die verskil is die volgende. Louis glo die glasioloë wat beweer dat hulle die onderskeid tussen jaarlae en subjaarlae kan maak, al kry hulle 25 000 meer lae as hulle die bepaling met fyner resolusie herhaal. Skeppingsleerders, wat 'n meteoroloog soos Michael Oard insluit, glo hulle nie. En skeppingsleerders glo hulle het beter wetenskaplike argumente vir hul standpunt as die "outoriteit" van geselekteerde kundiges deur Louis, waarop hy omtrent 100% steun.}

---

### **Daniël se brief oor abiogenese en "evolusie" - 2011/05/09**

Louis skryf:

Daniël Michau se brief van 2011/05/05 het my weer laat dink oor sy antwoorde. Dit word net snaakser by die tyd. Hy dink dat enige wetenskaplike navorsing wat ooit gedoen word, is "deel is van evolusie" en word gedoen word om "evolusie" (soos hy dit verstaan) te ondersteun.

Hy skryf:

Daniël Michau: "Verken Lewenswetenskappe, 2de druk, 2007, bl. 114 en 115: "Later, in 1953, het 'n student aan die Universiteit van Chicago, Stanley Miller, 'n eksperiment uitgevoer om te probeer verklaar hoe lewe op die aarde ontstaan het."

Daniël dink dat, as wetenskaplikes navorsing doen oor die ontstaan van lewe, is dit om "evolusie te ondersteun". Net soos hy dink dat as Fisici navorsing doen oor die Oerknal, is dit "bewyse" dat hulle hulle werk om "evolusie" te ondersteun. Net soos, as Geoloë navorsing doen op die Karooskom, hulle werk doen om "evolusie" te ondersteun. Volgens sy wêreldtjie word alle wetenskaplike navorsing gedoen om "evolusie" te ondersteun!

Daniël, hoe kan ons dit in jou kop kry: Die Teorie van Evolusie is 'n Biologiese teorie wat niks te doen het met die "Big Bang" teorie nie, niks te doen het met die vorming van sterre nie, niks te doen het met die vorming van planete nie, niks te doen het met die vorming van die aarde nie en niks te doen het met die vorming van lewe nie. Die Teorie van Evolusie vertel net wat met lewe gebeur het nadat die eerste lewe gevorm het. Abiogenese het niks te doen met die teorie van Evolusie nie.

Daniël Michau: "Stanley Miller was maar 23 jaar oud toe hy sy belangrike ontdekking gedoen het. ... " Louis jy weet sekerlik dat hierdie verwys na die Miller-Urey-eksperimente?"

Watse "belangrike ontdekking" het hy gemaak? Hy het probeer uitvind hoe lewe ontstaan het, maar hy kon nie. Niks met die teorie van Evolusie te doen nie.

Baie navorsing word gedoen oor die ontstaan van lewe. Daar is letterlik honderde navorsingstukke gedoen daarvoor. Duisende regte wetenskaplikes werk daarop op hierdie oomblik. Ons weet nog nie hoe dit gebeur het nie. Al wat ons weet is dat dit wel gebeur het. Ons almal is hier. Niks met die Teorie van Evolusie te doen nie.

Daniël Michau: "En dat "probeer verklaar hoe lewe op aarde ontstaan het" verwys na abiogenese?"

Dis presies wat "abiogenese" beteken. Abiogenese beteken die studie van die ontstaan van lewe. Niks met die Teorie van Evolusie te doen nie.

Daniël Michau: "Is jy net moedswillig? Gaan jy nou die vraag beantwoord hoekom abiogenese-eksperimente in biologiehandboeke voorgehou word as bewysstukke vir evolusie,....."

Dit word nie so voorgehou nie. Jy mislei mense. Abiogenese-eksperimente in biologie-handboeke word voorgehou as..., let wel: eksperimente om die ontstaan van lewe te bepaal. Niks anders nie. Niks met die Teorie van Evolusie te doen nie. Julle kreasionistiese "argumente" (lees "quote-mining" en woordslaaie) gaan nooit feite verander nie.

Daniël Michau: ".....terwyl jy sê dit het niks met evolusie te doene nie?"

Nee, die Teorie van Evolusie sê so, aangesien dit niks te doen het met die ontstaan van lewe nie. net wat daarna gebeur. Niks moedswilligs daaraan nie. Die enigste moedswilliges is die wat leuens vertel daarvoor.

O, en so terloops. Die boeke waarna jy verwys het, het nog steeds nie een enkele word oor "Miller-Urey-eksperimente" of "abiogenese" in nie. Jy maak net jou bronne op.

Dis alles in jou kop. Jy mislei mense.

Louis

{Agterna HM-kommentaar: Kyk na Louis se brief net hierbo waarin hy skryf: "Die abiogenese-eksperimente in biologiehandboeke word voorgehou as studies na die oorsprong van lewe ." Dit het hy geskryf nadat ons vir hom aangehaal het dat Stanley Miller eksperimente oor die ontstaan van lewe gedoen het, uit die een boek waarna hy verwys is. Hy het geskryf dat hy die boek in sy hande

het. Nou skryf hy: "Die boeke waarna jy verwys het, het nog steeds nie een enkele woord oor "Miller-Urey-eksperimente" of "abiogenese" in nie." Kan mens sinvol redeneer met iemand wat so onsinnig argumenteer? Verstaan Louis nie eers sy eie skrywes nie, of vergeet hy net baie vinnig?}

-----

**'n Yslike onwaarheid van Dr. Mouton se bronne - 2011/05/12**

{Agterna HM-kommentaar: Louis het hierdie brief op 2011/05/17 weer ingestuur, omdat die leestekens 'n redelike gemors was. Dit verskyn ondertoe, maar die leestekens was steeds chaoties.}

Louis skryf:

...

Louis

-----

**Dr. Mouton se bronne wat vreeslike misleiding probeer doen (Aanhaling 1) - 2011/05/13**

Louis skryf:

Vir die Lesers wat geïntereesed is, wil ek net wys oor hoe Dr. Hennie Mouton, deur Calvin Smith se "artikels", mense kan probeer mislei.

Calvin Smith is 'n Teoloog wat dink hy weet alles van Biologie. Hy skryf "artikels" waarin hy vreeslik baie leuens vertel en publiseer dit in godsdienstige traktate.

Hier is 'n artikel van Calvin Smith waarna Dr. Mouton verwys het, onder die opskrif "Is Evolution 'scientific?'" van <http://creation.com/is-evolution-scientific>.

Onder die punt wat hy nommer noem 1- Observation, skryf hy: According to a text evolution published by Pergamon, evolution is: ' ... the theory that all the living forms in the world have arisen from a single source which itself came from an inorganic form.'. Hy gee sy verwysing daarna as: Kerkut, G.A., Implications of Evolution, Pergamon, Oxford, UK, p. 157, 1960.

Let wel, Smith beweer dat sy bron sê: evolution is: ' ... the theory that all the living forms in the world have arisen from a single source which itself came from an inorganic form.'

Gaan mens egter na daardie bladsy toe, staan daar: "There is a theory which states that many living animals can be observed over the course of time to undergo changes so that new species are formed. This can be called the "Special Theory of Evolution " and can be demonstrated in certain cases by experiments. On the other hand there is the theory that all the living forms in the world have arisen from a single source which itself came from an inorganic form. This theory can be called the "General Theory of Evolution" and the evidence that supports it is not sufficiently strong to allow us to consider it as anything more than a working hypothesis."

Daar staan nêrens "evolution is: ' ... the theory that all the living forms in the world have arisen from a single source which itself came from an inorganic form' "nie.

{Agterna HM-kommentaar: Lees Louis se laaste sin, en dan die gedeelte oor die "General Theory of Evolution" in die aanhaling net bo dit, wat hyself stel, en beoordeel dan self of Louis enigsins rasioneel redeneer. So terloop – dat Kerkut praat van slegs 'n "hypothesis" is ook ondersteuning van skeppingsleerders se siening dat evolusie op die beste 'n hipotese is.}

Hennie Mouton: "Maar die outeur het direk aangehaal uit 'n evolusionistiese bron en hy het dit duidelik aangetoon in die artikel! [Kerkut, G.A., Implications of Evolution, Pergamon, Oxford, UK, p. 157, 1960]."

Nee, hy het mense mislei. Hy het beweer hy het direk aangehaal, maar hy het toe nie.

U bron het nie die waarheid vertel nie. Die bron sê absoluut niks van "evolution is...." nie. Wat die bron gee is definisies van Kerkut se eie "Spesiale Teorie van Evolusie" en sy eie "Algemene Teorie van Evolusie". Hy plaas dit tot in aanhalingstekens, want in die Biologie is daar nie so iets nie.

{Agterna HM-kommentaar: Kerkut plaas dit waarskynlik in aanhalingstekens om dit uit te lig en tussen sy twee definisies te onderskei. Louis gryp na strooihalms om selfs evolusionistiese skrywers soos Kerkut, wat Louis se selektiewe keuses van wat die "regte" definisie van evolusie is, weerspreek, se definisies te ontken. Kan enigiemand dit miskyk dat Louis dit bloot doen omdat hy absoluut op geen manier wil saamstem met enigiets wat skeppingsleerders skryf nie, selfs al haal hulle evolusioniste aan? Weereens spel dit sy onbillike en onvolwasse manier van debatvoering uit.}

Daar is net een Teorie van Evolusie, wat Darwin oorspronklik bespreek het in sy "Origins of Species by means of Natural Selection", en wat, nadat DNS ontdek is, ook beskryf word as "Evolution is the change over time in one or more inherited traits found in populations of organisms." Dis die definisie wat deur die Biologiese wetenskap aanvaar word. Dis is wat 'n "quote" wat begin met "evolution is...." sal sê.

{Agterna HM-kommentaar: As evolusie maar net oor hierdie vae definisie gegaan het, sou selfs skeppingsleerders dit kon aanvaar. Die feit van die saak is egter dat dit oor baie meer gaan soos deur Kerkut en vele ander evolusioniste duidelik uitgespel word.}

Maak nie saak oor hoeveel "quotes" julle verkeerd aanhaal met die doel om mense te mislei nie, julle onwaarhede word nooit waar nie.

Hennie Mouton: "Louis het jy regtig so sleg gelees of weet jy beter as jou mede-evolusionis of is jy net slimmer as hy?"

Ek het baie mooi gelees wat daai "quote" sê. En ook baie mooi agtergekem hoe jou bron leuens vertel. Ek het dit so mooi agtergekem dat ek mooi vir die lesers van kerkbode kan wys hoe kreasioniste onwaarhede verkondig.

{Agterna HM-kommentaar: Al wat Louis gedemonstreer het, is hoe hy waarskynlik nie verstaan wat hy lees nie.}

Hennie Mouton: "Of het die evolusiehipotese net so verander sedert daardie tyd dat hierdie definisie vandag nie meer geglo word nie?"

Daar was toe nog nooit so iets soos wat jou bron "quote" nie. Hy mislei dus.



Hennie Mouton: "Maar dan het Calvin Smith mos nie gelieg nie?"

Ja, hy het. Soos 'n tandetrekker. Nêrens in sy bron kom die "quote": "evolution is: '... the theory that all the living forms in the world have arisen from a single source which itself came from an inorganic form" voor nie.

Hennie Mouton: " "So watter deel van jou mede-evolusionis se definisie glo jy nie meer nie?"

Jy het nou mooi gesien dat jou bron ons mislei. Hy kan nie eens 'n "quote" plaas sonder om die "quote" te verander met die doel om mense te mislei nie.

Louis

{Agterna HM-kommentaar: Ek kan maar net my kop skud oor hierdie skrywe van Louis. Is hy ernstig?}

-----

### **Dr. Hennie Mouton se misleiding (aanhaling 2) - 2011/05/13**

Louis skryf:

Vir die Lesers wat geïntereeserd is, wil ek net wys oor hoe Dr. Hennie Mouton, deur Calvin Smith se "artikels", mense kan probeer mislei.

Calvin Smith is 'n Teoloog wat dink hy weet alles van Biologie. Hy skryf "artikels" waarin hy vreeslik baie leuens vertel en publiseer dit in godsdienstige traktate.

Hier is 'n artikel van Calvin Smith waarna Dr. Mouton verwys het, onder die opskrif "Is Evolution 'scientific'?" van <http://creation.com/is-evolution-scientific>.

Onder 1-Observational data, skryf Smith: "Mutation and natural selection (evolutions supposed mechanism)...." Eerste onwaarheid. Mens hoef nie eens vêr te soek om sy onwaarheid uit te wys nie. Sommer uit Wiki kan gewys word hoe Smith leuens vertel: Van Wiki: <http://en.wikipedia.org/wiki/Evolution> "There are four common mechanisms of evolution. The first mechanism is natural selection, a process in which there is differential survival and/or reproduction of organisms that differ in one or more inherited traits.[1] A second mechanism is genetic drift, a process in which there are random changes to the proportions of two or more inherited traits within a population.[7][8] A third mechanism is mutation, which is a permanent change in a DNA sequence. Finally, the fourth mechanism is gene flow, which is the incorporation of genes from one population into another."

{Agterna HM-kommentaar: As Louis beweer het dat Smith 'n onvolledige stelling gemaak het, kan mens dit nog verstaan, maar om dit 'n onwaarheid te noem gegewe Louis se eie aanhaling uit Wiki, is redelik onsinnig. Kyk ook na een van Louis se eie eerste stellings oor wat evolusie glo is (sy brief van 2011/02/22): "Die Teorie van Evolusie is Biologies en gaan as volg: Alle spesies stam af van gemeenskaplike voorouers deur middel van natuurlike seleksie. Dit is die teorie." Hier noem hy net een van die vier meganismes terwyl Smith darem twee genoem het. Gaan Louis homself nou ook tot leuenaar verklaar?}

Smith gaan aan: ".....have never once shown an ability to create new, functional genetic information in a creature. No one has 'seen' evolution."

Hier's een: <http://myxo.css.msu.edu/ecoli/> Lenski se aanganende navorsing. 'n Baie goeie voorbeeld van "nuwe inligting". Verkry met regte egte mutasies. Gevolg van een mutasie na die volgende. Van genenasie een tot ongeveer generasie 20 000, waar die een mutasie baie belangrik is, tot duisende generasies daarna, waar nog 'n mutasie plaasgeving het en saamwerk met die mutasie in generasie 20 000 om 'n belangrike nuwe funksie vervul. Die nuwe funksie is baie duidelik 'n nuwe funksie wat goeie voordele inhou. Gepubliseer in wetenskaplike joernale. Aanvaar deur honderde duisende regte kenners, met regte kwalifikasies in die studierigting.

Hier is nog 'n paar: <http://www.gate.net/~rwms/EvoMutations.html>

{Agterna HM-kommentaar:

Calvin Smith vertel nie leuens nie – hy werk net met 'n vollediger definisie vir evolusie, gebaseer op evolusioniste se uitsprake self, as Louis se vae, niksseggende, uifers selektiewe, pas-aan-na-gelang-van-omstandighede-definisies. (Vergelyk Louis se eie vorige definisie – 2011/02/22 – “Die Teorie van Evolusie is Biologies en gaan as volg: Alle spesies stam af van gemeenskaplike voorouers deur middel van natuurlike seleksie. Dit is die teorie” met sy latere definisie – 2011/05/06 – “Evolution (also known as biological or organic evolution) is the change over time in one or more inherited traits found in populations of organisms.”) Maar ongeag definisies, as Louis nie Kerkut se bewering glo dat “all the living forms in the world have arisen from a single source” op 'n naturalistiese manier nie, is hy al ver op pad om met skeppingsleerders en die Bybel saam te stem.

Lenski se werk op E. coli ondersteun slegs Louis se vae definisie van evolusie, naamlik dat verandering plaasgevind het. Na alle waarskynlikheid het E. coli-veranderinge gepaard gegaan met verlies aan genetiese inligting, en dit demonstreer dus nie die ontstaan van nuwe genetiese inligting op 'n natuurlike wyse, wat evolusioniste eintlik probeer bewys nie – kyk <http://creation.com/bacteria-evolving-in-the-lab-lenski-citrate-digesting-e-coli>. As Louis wil demonstreer hoe evolusie “gesien” is, moet hy voorbeelde kry waar nuwe genetiese inligting bygekome het op natuurlike wyse – nie waar sekere meganismes afgeskakel is om in beperkte situasies voordelig te wees nie. 'n Voorbeeld van laasgenoemde is bakterie wat hul vermoë verloor om gifstowwe op te neem, en dan weerstandig teen sekere anti-biotika is. Weerstandigheid is dus gekry deur 'n verlies aan genetiese inligting.}

Dr. Mouton, u bron vertel weer leuens. As u aangaan om die leuen te versprei, praat u ook nie die waarheid nie. Dit maak ook nie saak hoeveel keer u onwaarhede herhaal nie, dit word nooit die waarheid nie.

Hennie Mouton: "Maar wat sê jy dan van die evolusioniste Margulis en Sagan se skrywe in hul boek?"

U bron doen darem vreeslik hard "wetenskap" deur so te soek vir "quote-mines"! Word hy nie moeg met die vreeslike harde "navorsing" wat hy doen nie? So 'n groot "wetenskaplike" soos hy moet so nou en dan 'n breek vat van sy "navorsing". Gaan u Teoloog wat maak of hy "wetenskap" doen nooit 'n wit jassie aantrek en in 'n laboratorium ingaan om te gaan rus en daarna die resultate van sy rus te publiseer in eweknie-hersende wetenskaplike joernale nie?

Hennie Mouton wat die volgende "quote" uit Smith se "werk" aanhaal: "... this Darwinian claim to explain all of evolution is a popular half-truth whose lack of explicative power is compensated for only by the religious ferocity of its rhetoric. Although random mutations influenced the course of evolution, their influence was mainly by loss, alteration, and refinement. One mutation confers resistance to malaria but also makes happy blood cells into the deficient oxygen carriers of sickle cell anemics. Another mutation converts a gorgeous newborn into a cystic fibrosis patient or a victim of early onset diabetes. One mutation causes a flighty red-eyed fruit fly to fail to take wing. Never, however, did that one mutation make a wing, a fruit, a woody stem, or a claw appear. Mutations, in summary, tend to induce sickness, death, or deficiencies. No evidence in the vast literature of heredity change shows unambiguous evidence that random mutation itself, even with geographical isolation of populations, leads to speciation." [L. Margulis en D. Sagan, *Acquiring Genomes: A Theory of the Origins of Species*, Basic Books, New York, bl. 29, 2002]"

Ek sien nêrens in u "quote-mine" enigiets van 'Mutation and natural selection (evolutions supposed mechanism) have never once shown an ability to create new, functional genetic information in a creature.' nie. U bedrieg mense weer!

Ek sien wel: "Although random mutations influenced the course of evolution, their influence was mainly by loss, alteration, and refinement." Die woord "mainly" beteken nie "altyd" nie, dit beteken "vernaamlik", of "hoofsaaklik", of "oorwegend". Niks in die 'quote' oor "nooit" nie.

{Agterna HM-kommentaar: Besef Louis dat selfs sy aandrang op "mainly" beteken dat sy evolusiehipotese op lang termyn agteruitgang in plaas van vooruitgang sou beteken het en gaan beteken? Mutasies ondersteun dus nie evolusie nie, maar weerspreek dit. Wat dink Louis beteken "Never, however did ..."? Dink hy regtig dit het niks met "nooit" te doene nie?}

Kom ons kyk na die vollediger "quote". Die eerste deel van die paragraaf wat Dr. Mouton se bron uitgegee het: "We agree that very few potential offspring ever survive to reproduce and that populations do change through time, and that therefore natural selection is of critical importance to the evolutionary process." Die outeurs twyfel dus geensins oor of evolusie plaasvind nie.

Daarna volg die res van die paragraaf wat die kreasioniste altyd "quote".

Kom ons kyk na 'n deel van die "quote": "Never, however, did that one mutation make a wing, a fruit, a woody stem, or a claw appear" Geen Bioloog het nog ooit beweer dat een mutasie 'n vlerk, 'n vrug, 'n houtagtige stam of 'n klou sal vorm nie. Nog nooit nie.

{Agterna HM-kommentaar:

Weereens – daar is nooit beweer dat bogenoemde evolusioniste nie steeds aan evolusie bly glo het nie – daarom is die eerste deel van die aanhaling onbelangrik vir wat Smith hier oorgedra het.

Enigeen wat die hele aanhaling hierbo lees, waaruit die sin "Never, however, did that one mutation make a wing, a fruit, a woody stem, or a claw appear" kom, en veral die sinne wat direk daarop volg, sal sien dat dit nie gaan oor een mutasie nie, maar oor mutasies – meervoud. Louis probeer dus met onsinnige woordspeling die betekenis van die aanhaling verander. Dit lyk weereens of hy na

strooihalms probeer gryp. Dit is 'n verstaanbare reaksie as iemand in 'n hoek vasgekeer is maar weier om dit te erken.}

"Hennie Mouton: "Weet jy ook hier beter as jou mede-evolusioniste Louis?"

Ek weet baie mooi, maar duidelik weet u nie wat hulle te sê het nie. Geen Bioloog het sedert die middel vyftigerjare, toe DNS begin bestudeer is na die ontdekking daarvan, ooit beweer dat slegs lukrake mutasies en natuurlike seleksie 'n rol speel in Evolusie nie.

{Agterna HM-kommentaar: Vantevore het Louis ook na genetiese dryf verwys as meganisme vir evolusie. Maar toe uit evolusionistiese bronne vir hom daarop gewys is dat genetiese dryf slegs genetiese variëteite verminder of onveranderd laat, kon hy geen bewysstuk gee van toename in genetiese variëteit weens genetiese dryf nie. Hy het net beweer dat dit gebeur, sonder enige bewysgronde. Hy verwag sekerlik dat lesers hom eenvoudig moet glo op grond van sy (onbevestigde en onseker) outoriteit.}

Wat weereens ook interessant is, is dat wat u dink verskille in opinie deur regte Evolusionêre Bioloë wat hulle wit jassies aantrek, oor presies hoe evolusie plaasvind, dui op kreasionisme en 'n aarde van 10 000 jaar oud. Dis omdat u nie weet wat wetenskap is nie en ook nie hoe dit werk nie, Dr. Mouton. Dis hoekom u dink dat om "quote-mines" te doen "wetenskap" is.

Dis hoekom u mense probeer mislei. Dis omdat u nog nooit enigiets van Biologie bestudeer het nie, nog nooit 'n wit jassie aangetrek het vir werk op mutasies nie, nog nooit navorsing gedoen het oor mutasies nie, nog nooit gepubliseer het in eweknie-hersiende Biologiese joernale nie, en maak of u alles weet deur 'n "artikel" van 'n teoloog wat vreeslike leuens vertel, te glo.

Louis

-----

### **EVOLUSIE-ILLUSIE - 2011/05/13**

Kobus skryf:

Louis en kie. Raak julle twee nie nou al ñ bietjie moeg daarvoor om vir Hennie Mouton en Daniël Michau so aan te val nie? Laat julle vir julle so op loop neem deur prulboeke van Darwin en Dawkins, dat julle nie die waarheid wil insien nie? Onthou my liewe twee misleide vriende, ons is na die Beeld van ons Wonderlike Skepper geskape, ongeveer sesduisend jaar gelede. Die sogenaamde Oerknal is net ñ misleiding, direk van satan. Ook is daar nou al vir die derde keer bewys watter leuen satan verkondig met die Evolusie Illusie, want eers sê julle dat die Selakant visse 65 miljoen jaar gelede uitgesterf het en nou vang die mense nog steeds die visse.

Tweedens het julle gesê dat die Dinosaurius ook 65 miljoen jaar gelede uitgesterf het en toe grawe hulle in Colorado sy heupbeen uit met hemoglobien, hemoglobien en sagte weefsel daarin. Eijs. Toe, in Oktober 2007 word ñ donga(die Canyon Lake Donga)in Texas, in net DRIE DAE gevorm. Word ravynne en dongas met ñ bietjie water oor miljoene jare gevorm of deur baie water oor ñ kort tydperk? Doen julle self ñ guns en gaan bestudeer God se Woord intensief en gaan lees Dr.Hennie Mouton se fantastiese boeke, dan sal julle onkundiges hom nooit weer aanval nie. Erken net soos mans julle foute. Onthou ons is almal God se kinders. Ten spyte van julle dwaalweë, is ons nog lief

vir julle. Laastens as julle die twee beste tydskrifte op die mark wil lees, koop die JUIG en JOY. Hulle huiwer nie om God's woord suiwer te verkondig nie en noem sonde by die naam. Spandeer eerder julle geld op sulke opbouende leesstof, voordat julle die prulboeke van Evolusie koop, dis net geldmors.

Kobus

-----

#### **Kobus en Mouton se fantasieë - 2011/05/16**

Louis van Ryneveld skryf:

Kobus skryf (2011/05/13): "gaan lees Dr.Hennie Mouton se fantastiese boeke." Jy is reg as jy dr Mouton se boeke as "fantasies" bestempel, Kobus, want daar is weinig twyfel dat hulle fantasie is van begin tot einde. Jy maak egter 'n fout as jy mense aanraai om dit te gaan lees. 'n Studie van die gebroeders Grimm se versamelings volksverhale sal veel interessanter wees en op hulle spesifieke vlak ook insiggewender.

Louis van Ryneveld

-----

#### **Hennie, tyd om te besin - 2011/05/17**

Louis van Ryneveld skryf:

Ope brief aan dr Hennie Mouton:

Hennie, nou is dit tyd dat jy ridderlik en met Christelike eerlikheid, opregtheid en manlikheid moet erken dat jy al die pad verkeerd was en steeds verkeerd is met jou veldtog teen die natuurwetenskaplike teorie van evolusie en met jou aandrang dat die aarde en die heelal hoogstens 'n paar duisend jaar oud is.

Dit is nie aldag dat natuurwetenskaplikes bereid is om in 'n "debat" met kreasioniste (skeppingsleerders) betrokke te raak nie: wetenskaplikes is besige mense en hulle weier feitlik deur die bank om 'n steriele stryery met moedswillige en onkundige buitestaanders te voer. Daarom is ons almal – jy ingesluit, Hennie – groot dank verskuldig aan Louis wat bereid was om end-uit al jou bronne te ontmasker. Met pynlike deeglikheid.

{Agterna HM-kommentaar: Nee wat Louis van Ryneveld, as jou idee van “pynlike deeglikheid” soveel onsinnige opmerkings en stellings oplewer, moet ek sekerlik dankbaar wees dat Louis nie “slordig” te werk gegaan het nie. Louis se skynbaar gebrekkige insig in heelwat sake, sy argumente oor definisies en presiese woorde, en sy onlogiese en dikwels teenstrydige uitlatings, was na my mening die grootste swakpunte in sy betoë. Maar sy en jou grootste flater is dat julle 'n leuen glo en al jul tyd mors om bewysstukke daarvoor te probeer kry.}

Ek aanvaar dat dit nie jou bedoeling was om te mislei nie; jy het egter die fout gemaak om jou bronne in Creation Ministries International (Creation.com) en dalk ander webwerwe ten volle te

vertrou. Hierdie mense het weinig respek vir die waarheid soos Louis telkens duidelik en verpletterend aangetoon het.

Skeppingsleerders se pogings om evolusie teë te gaan berus op dogma en misleiding; die evolusieteorie berus op feite – waarnemings in die natuur en die laboratorium, soos Louis herhaaldelik uitgewys het en soos ook in oormaat aangetoon word op die webwerwe TalkOrigins, Understanding Evolution en ander.

Skeppingsleerders se pogings om 'n jeugdige blos op die wange van die skepping te skilder wanneer hulle voorgedat dit hoogstens sowat tienduizend jaar oud is, loop hulle telkens te pletter teen die bevindinge van die aardwetenskaplikes en nog meer die sterrekundiges. Wetenskaplikes wat betrokke is by die ruimteteleskope soos Hubble het onlangs bekend gemaak dat hulle 'n sterrestelsel waargeneem het wat sowat 13 biljoen (13 duisend miljoen) ligjaar van die aarde is. Dit beteken dat hulle daardie sterrestelsel sien soos dit 13 biljoen jaar gelede gelyk het. Die heelal is dus minstens 13 biljoen jaar oud, veel, veel ouer as net tienduizend jaar.

{Agterna HM-kommentaar: Louis van Ryneveld het verskeie kere probeer om hierdie debat na die sterrekunde te swaai. Op 2011/04/04 het Daniël Michau al soos volg geantwoord, maar geen reaksie gekry nie: "Die saak van ver-sterlig-jong-aarde word in verskeie artikels op [www.creation.com](http://www.creation.com) bespreek. Ek is bereid om die basiese argumente hier te bespreek, maar dan moet ek eers die versekering van Kerkbode-aanlyn kry dat hulle nie meeste van my antwoorde gaan blokkeer soos met die voriges oor biologiese evolusie nie."}

Net so min as wat 'n mens die Bybel moet probeer aanwend om Saterdag se Lotto-wennommers te voorspel, moet 'n mens die Bybel probeer gebruik as 'n natuurwetenskaplike handboek.

Louis van Ryneveld

-----

### **Ja, Kobus, dit is so! - 2011/05/17**

Louis skryf:

Na aanleiding van die brief van Kobus, getiteld EVOLUSIE-ILLUSIE van - 2011/05/13

Hou aan met die briewe wat die ironie van die saak uitwys, Kobus. Ek het dit geniet. Ek sal egter antwoorde gee vir die wat dink dat jy ernstig was.

Kobus: "Louis en kie. Raak julle twee nie nou al ñ bietjie moeg daarvoor om vir Hennie Mouton en Daniël Michau so aan te val nie?"

Nee, maar ek is moeg vir die doelbewuste leuens wat hulle vertel. Om die waarheid te sê, ek geniet dit om hulle misleiding uit te wys.

Kobus: "Laat julle vir julle so op loop neem deur prulboeke van Darwin en Dawkins, dat julle nie die waarheid wil insien nie?"

Ek weet daren nou nie of Darwin 'n prulboek was nie, want dit lyk darem of sy stellings baie goed gerugsteun is deur bewysstukke. EK het nie'n boek van Dawkins gelees nie, so ek weet nie of dit prulboeke is nie.

Kobus: "Onthou my liewe twee misleide vriende, ons is na die Beeld van ons Wonderlike Skepper geskape, ongeveer sesduisend jaar gelede."

Alle fisiese bewysstukke toon dat die moderne mens so 'n paar honderd duisend jare terug op die toneel verskyn het. Of mense na die beeld van God geskape was of nie, dit was beslis baie langer as 6000 jaar terug!

Kobus: "Die sogenaamde Oerknal is net 'n misleiding, direk van satan."

Dalk is dit, maar die heelal sal nog steeds miljarde jare oud wees, self al was daar nie 'n oerknal nie. En die mens sou nog steeds so 'n paar honderd duisend jaar terug op die toneel verskyn het, selfs al was daar nie 'n oerknal nie.

Kobus: "Ook is daar nou al vir die derde keer bewys watter leuen satan verkondig met die Evolusie Illusie, want eers sê julle dat die Selakant visse 65 miljoen jaar gelede uitgesterf het en nou vang die mense nog steeds die visse."

Wat sal die uitsterwing van 'n spesie nou eintlik met die Teorie van Evolusie te doen hê? Of Selekante nou uitgesterf het of nie, die Teorie van Evolusie verander nie. Die Teorie van Evolusie sê niks van "hierdie spesie moet uitsterf" nie.

Kobus: "Tweedens het julle gesê dat die Dinosaurius ook 65 miljoen jaar gelede uitgesterf het en toe grawe hulle in Colorado sy heupbeen uit met hemoglobien, hemoglobien en sagte weefsel daarin. Eijs."

Weereens, wat het die ontdekking van hemoglobien, en sagte weefsel in 65 miljoen jaar oue fossiele te doen met die Teorie van Evolusie? Of daardie weefsel nou gekry is of nie, dit verander geensins die Teorie van Evolusie nie.

Kobus: "Toe, in Oktober 2007 word 'n donga(die Canyon Lake Donga)in Texas, in net DRIE DAE gevorm."

Wat het die vorming van 'n donga te doen met die Teorie van Evolusie?

Kobus: "Word ravynne en dongas met 'n bietjie water oor miljoene jare gevorm of deur baie water oor 'n kort tydperk?"

O, die bestudering van geologie toon duidelik dat dongas gevorm kan word in baie kort tydperke van 'n paar minute tot ure tot 'n paar duisend jaar tot 'n paar miljoen jaar tot miljarde jare, afhangende van die omstandighede. Regte ravynne sal nie vorm in 'n paar ure of dae of jare nie, maar dit hang af van omstandighede hoe lank dit neem. Jy weet, die beginsel van "die hede is die sleutel tot die verlede". Wat het dit te doen met die Teorie van Evolusie?

Kobus: "Doen julle self 'n guns en gaan bestudeer God se Woord intensief en gaan lees Dr. Hennie Mouton se fantastiese boeke, dan sal julle onkundiges hom nooit weer aanval nie."

Dr. Mouton se boeke is fantasie vir die lagspiere. Lees eerder wetenskaplike joernale vir wetenskap.

Kobus: "Erken net soos mans julle foute. Onthou ons is almal God se kinders. Ten spyte van julle dwaalweë, is ons nog lief vir julle. Laastens as julle die twee beste tydskrifte op die mark wil lees, koop die JUIG en JOY. Hulle huiwer nie om God's woord suiwer te verkondig nie en noem sonde by die naam. Spandeer eerder julle geld op sulke opbouende leesstof, voordat julle die prulboeke van Evolusie koop, dis net geldmors."

Gelukkig het godsdiens niks met die wetenskap te doen nie. Maak nie saak of dit prulboeke is of nie!

Louis

---

### **Yslike Onwaarhede van Dr. Mouton se brief - 2011/05/17**

Louis skryf:

Geagte redakteur

My antwoord op Dr. Mouton se brief oor yskerne se leestekens het glad nie reg verskyn in die brief wat julle gelpaas het nie. Asseblief, plaas die brief weer, want soos dit geplaas is kan geen mens kop of stert uitmaak wat daar staan nie. Hier is dit weer: Yslike waarhede - 2011/05/08

Hennie Mouton: j° Louis se bewering dat die jaarlikse yslae in byvoorbeeld die Groenland-yskerne maklik en akkuraat getel kon word, is baie ver van die waarheid af. j± Nou probeer u weer mense mislei, Dr. Mouton. In die Vostok 1 yskern, byvoorbeeld, kan ongeveer 50 000 jaarlae baie maklik met die oog getel word.

Hennie Mouton: j° Dit maak sy hele skrywe (insluitende sy sinnelose herhalende sinne) j- j± Jy bedoel die een dat ons 50 000 lae kan tel met die blote oog? Die een wat u nou gaan prober j° wegwoordslaai j±?

Hennie Mouton: j° oor die aangeleentheid eintlik tot niet. j± Nee, daai ongeveer 50 000 jaarlae wat getel kan word met die blote oog gaan nie tiot niet gaan nie. Daar is tot fotoj s van daai yskern. U weet, die een met ongeveer 50 000 jaarlae wat met die blote oog getel kan word.

Hennie Mouton: j° Onderstaande demonstreer die onsekerhede van die metode. j± Ek hoop u gaan nou verwys na die navorsers wat self daardie lae met die oog getel het!

Hennie Mouton: j° Deborah Meesej-.. j± Toe nie. Verwag weer j° n woordslaai met j° quote-mines j±!

Hennie Mouton: j° j- en haar kollegas het in 1994 berig dat die GISP2-yskerne jaarlikse lae vertoon het van 85 000 jaar tot 'n diepte van 2800 m. j± U probeer weer mense mislei, Dr. Mouton. Hier is wat die navorsers self s° in hulle artikel: <http://www.gisp2.sr.unh.edu/PERSONALHTML/ajgow.html> j° A preliminary depth-age scale to 2811 m for the GISP2 core based on annual layer counting has been completed by D. Meese and the dating committee. Annual counts based on visual stratigraphy was initiated in the field and completed at the National Ice Core Laboratory (NICL) in Denver. This work was facilitated by use of a focused fiber optic light source that illuminated stratigraphic detail



permitting essentially continuous layer counting to 2811 m, corresponding to ice at least 85,000 years old. Comparison of visible stratigraphy, electrical conductivity measurements (ecm), laser light scattering of dust and oxygen isotopes (only in the top 300 m) revealed an excellent correlation between these annual signals to a minimum depth of 2500 m. Correlation of the various methods provides the most accurate depth-age scale possible as questionable signals can be compared and the strength of the signals can be weighed. We are now in the process of completing the analysis on the ecm and laser light scattering records on the remainder of the core. These data will be merged to obtain the most continuous and accurate scale possible. As such the GISP2 depth-age scale constitutes the longest and oldest continuously dated stratigraphic sequence ever obtained and has provided the time scale against which the high-resolution GISP2 climatic record is being evaluated.

Let op die woorde "preliminary" en "at least 85 000 years old". Vertel my nou baie mooi hoe dit werk op 'n aarde glo minder as 10 000 jaar oud? Hennie Mouton: Maar omdat dit gebots het met ander bevindings, het hulle besluit om die tellery in 1997 te herhaal deur tussen 2300 m en 2800 m weer te meet, maar met 'n fyner resolusie. Nou probeer u weer mense mislei, Dr. Mouton. Hier is u misleiding baie mooi uitgestippel in die latere publikasie:

<http://www.agu.org/pubs/crossref/1997/97JC00269.shtml> The Greenland Ice Sheet Project 2 (GISP2) depth-age scale is presented based on a multiparameter continuous count approach, to a depth of 2800 m, using a systematic combination of parameters that have never been used to this extent before. The ice at 2800 m is dated at 110,000 years B.P. with an estimated error ranging from 1 to 10% in the top 2500 m of the core and averaging 20% between 2500 and 2800 m. Parameters used to date the core include visual stratigraphy, oxygen isotopic ratios of the ice, electrical conductivity measurements, laser-light scattering from dust, volcanic signals, and major ion chemistry. GISP2 ages for major climatic events agree with independent ages based on varve chronologies, calibrated radiocarbon dates, and other techniques within the combined uncertainties. Good agreement also is obtained with Greenland Ice Core Project ice core dates and with the SPECMAP marine timescale after correlation through the  $\delta^{18}O$  of  $O_2$ . Although the core is deformed below 2800 m and the continuity of the record is unclear, we attempted to date this section of the core on the basis of the laser-light scattering of dust in the ice. Let op dat die woorde "preliminary" en "at least" nie hierin voorkom nie. Dus, Dr. Mouton, hulle het ook ander metodes gebruik omdat hulle nie die jaarlae tot op daardie diepte slegs visueel kan onderskei nie. Hennie Mouton: Hulle het 25 000 meer "jaarlae" in daardie 500 m interval as vantevore gekry, om uit te kom by 110 000 jaarlae tot op die diepte van 2800 m, wat vantevore "net" 85 000 jaarlae was. [Meese, D.A. et al., Preliminary depth-age scale of the GISP2 ice core, U.S. Army Corps of Engineers, Cold Regions Research and Engineering Laboratory Special Report 94-1, 1994. Meese, D.A. et al., The Greenland Ice Sheet Project 2 depth-age scale: Methods and results, J. Geophysical Research 102(C12):26, 417-426, 419, 1997.] Ek het u reeds gewys hoe u die mense mislei met daardie stelling van u.

Hennie Mouton: Wat sou hulle antwoord gewees het as hulle die fyner resolusie regdeur toegepas het? Niks van fyner resolusie in die navorsing nie.

Hennie Mouton: Hoekom was hulle toe tevrede met die 110 000 jaar? Omdat dit ooreengestem het met ander resultate (wat egter ook nie op absolute metings gebaseer is nie). Laat hulle dit self vir u sê: GISP2 ages for major climatic events agree with independent ages based on varve chronologies, calibrated radiocarbon dates, and other techniques within the combined uncertainties.

Good agreement also is obtained with Greenland Ice Core Project ice core dates and with the SPECMAP marine timescale after correlation through the  $\delta^{18}O$  of  $O_2$ .

Hennie Mouton: ° Wat beteken dit as metings met fyner resolusie vir jou ander antwoorde begin gee? ± Niks van fyner resolusie in die navorsing nie.

Hennie Mouton: ° Wel onder andere dat dit wat jy wil onderskei, glad nie so duidelik is nie. (Jaarlae is slegs duidelik onderskeibaar vir die enkele boonste duisende jare.) ± In die Vostok yskern is dit baie maklik onderskeibaar vir ongeveer 50 000 jaarlae. Sommer so met die oog.

Hennie Mouton: ° Bogenoemde verslae van Meese et al demonstreer ook hoe 'n voorveronderstelling (of nog erger - die verwagting van 'n spesifieke resultaat), die vertolking en selektiewe gebruik van die data affekteer. ± Ek het 'n voorgevoel dat hier 'n "mime" gaan kom!

Hennie Mouton: ° Inderdaad is wetenskap glad nie so objektief soos baie wetenskaplikes probeer voorgee nie. ± Wag nog 'n rukkie vir die "mine" -

Hennie Mouton: ° Albert Einstein het dit soos volg gestel: ± A, hier is dit. ° Wetenskap ± is moeilik, n<sup>o</sup>, Dr. Mouton? Is u nie uitgeput van al u "navorsing" ± nie?

Hennie Mouton se Einstein "quote": "But on principle, it is quite wrong to try founding a theory on observable magnitudes alone. In reality the very opposite happens. It is the theory which decides what we can observe." [Physics and Beyond, bl.63, 1971] ± So, een plus een is gelyk aan twee is nou 'n "net" teorie!

Hennie Mouton: ° Die belangrike vraag is dus eintlik wie se vertolking reg is - liefhebbers van miljoene jare of skeppingsleerders s'n. ± Persoonlik sal ek eerder die mense met gevorderde grade in Glasiologie en wat elke dag navorsing doen oor yskerne glo as iemand wat absoluut geen opleiding in Glasiologie het nie, net lees oor yskerne, leuens vertel en dan voorgee hulle is kenners.

Hennie Mouton: ° Indien 'n onlangse gebeurte, waar bepaal kan word hoe vinnig ys lae akkumuleer, bestaan, kan die beter wetenskaplike model waarskynlik bepaal word. Daar was so 'n gebeurte. Dit word beskryf op bl. 179-183 van die boek "Skepping & Evolusie - onversoenbaar!" wat gratis van [www.glodiebybel.co.za](http://www.glodiebybel.co.za) afgelaai kan word. ± Julle verdere leuens oor daardie vliegtuie. Kom ons begin sommer by u een leuen op bladsy 181:

Leuen 1. ° Epps het op grond van die algemene opinie van wetenskaplikes verwag dat hulle net bietjie sneeu op die vliegtuie sou kry. ± Uit u bron waarvan u inligting kry: <http://www.gisp2.sr.unh.edu/PERSONALHTML/ajgow.html> Hulle het die jaarlikse sneeuval gemeet in die omgewing waar die gat geboor is en die yskern gekry is: ° Measurements over the last several years show remarkably uniform snow deposition of about 70 cm annually equivalent to 24 cm water. ± Dus, in 46 jaar sal so 32.2 meter sneeu opbou in die omgewing van die GISP2 yskern.

Leuen 2: Die idee was immers dat enkele meters ys honderde jare neem om op te bou. ± Nee, etlike meters ys sal net 'n paar jaar vat.

Die dikte van die ys lae hang af van baie faktore. Jaarlikse sneeuval, of die ys smelt elke jaar, of net 'n gedeelte van die ys smelt elke jaar, ens. Die jaarlae in yskerne het ook niks te doen met dikte nie.

Die jaarlaag kan baie dik wees. Of die jaarlaag kan baie dun wees, met alles tussenin. Afhangende van die omstandighede.

U sien dat u bron so vreeslike leuens vertel, Dr. Mouton? Die boek "Skepping & Evolusie - onversoenbaar!" wat gratis van [www.glodiebybel.co.za](http://www.glodiebybel.co.za) afgelaai kan word, vertel openlike leuens!

Hennie Mouton: Ja, natuurlik het enkele liefhebbers van miljoene jare allerlei besware teen daardie resultate probeer inbring, maar soos in meeste gevalle wat hier op Kerkbode-aanlyn ter sprake gekom het, bestaan daar goeie wetenskaplike teenargumente op hul besware. Ha, ha, ha. Die Publikasie van die leek, wat boonop leuens ook vertel, oor die onderwerp, wat daarvoor skryf in die kerklike traktaat word weereens deur u beskou as wetenskap!

Hennie Mouton: Argumente en teenargumente is deel van die aard van hierdie soort debat tussen skepping en evolusie (wat natuurlik absoluut afhanklik van miljarde jare is). Die debat is lankal verby in wetenskaplike kringe. In die 1860's al.

Hennie Mouton: Die lesers wat die hele debat hier met aandag en redelik onbevooroordeeld gevolg het, so tussen al die onnodige beledigings deur, sal hopelik reeds 'n opinie kan vorm van watter model nader aan die waarheid is. Gelukkig werk die wetenskap nie met opinies van lesers van kerke se webblaaie nie.

Hennie Mouton: Selfs lesers wat alles net oorsigtelik nagegaan het behoort te besef dat die evolusiehipotese allesbehalwe klinkklaar bewese wetenskap is. Komende van die Elektroniese Ingenieur is dit nogal baie snaaks!

Hennie Mouton: Om te dink mens kan die hele skepping met sy oorspronge naturalisties sonder enige Skepper verklaar, is die definisie van die natuurwetenskappe, Dr. Mouton. Die natuurwetenskappe is die studie van die natuur. Nie van godsdiens nie.

Hennie Mouton: is nie net verwaand nie, is die natuurwetenskappe is, dis nie verwaand nie.

Hennie Mouton: - maar dit dui of op onkunde of op doelbewuste oneerlikheid gegewe al die onopgeloste en groeiende probleme wat sulke pogings mee sit. Gelukkig vir die hele wêreld dink meer as 99.9% van alle spesialiste oor die onderwerp nie dat daar groeiende probleme is nie. Dit lyk of dit meer leke is oor die onderwerp wat dink daar is al hierdie probleme. Dit lyk of dit ook net godsdienstige probleme is, Dr. Mouton, nie wetenskaplike probleme nie.

Louis

---

### **EVOLUSIE-ILLUSIE - 2011/05/17**

Kobus skryf:

Louis, jy mis die punt, want dit gaan nie net oor Hennie se boeke nie, maar die feit dat julle nog steeds vasklou aan die onbewese evolusie illusie. Jy het ook nog nie my stellings betwis oor die Dinosaurusse, selakant visse en die 3 dae oue donga nie. Ek sal heeltemal verstaan as jy rondom dit

wil praat, want dis baie maklik om uit prulboeke aan te haal oor alles wat die evolusie illusie voorstaan en wanneer julle met feite gekonfronteer word, loop julle lekker jakkalsdraaie. Die grootste grap van julle mega kronofiele is dat ek in 2008 in die "By" van DIE BURGER gelees het wat George Claasen en Elsabe Brits kwytgeraak het, ja, jy sal ook lag, want Ape is nou nie meer goed genoeg om ons Voorvaders te wees nie, maar Muise, he-he-he. Ek is baie bly evolusie het iewers gestop, want netnou verander ons arme Homo Sapiens spesie weer na Leeus toe, dan vreet hulle my arme kleinkinders op. Julle mega kronofiele hoort eintlik in 'n sirkus, sodat ons normale mense lekker kan lag vir julle. Onthou ons is almal God se Skepsels en ons lyk presies net soos God ons geskape het 6000 jaar gelede.

Kobus

---

### **Sterkte Louis - 2011/05/17**

Hennie Mouton skryf:

Hierdie brief wat ek al op 2011-05-10 ingestuur het, is nooit geplaas nie. Hier is dit dus weer.

{Agterna HM-kommentaar: Louis het op 2011/05/09 in "kreasioniste id hansworse" sy idee van wat 'n evolusionis is, gegee. Dit is duidelik teenstrydig met onderstaande definisie in die HAT.}

Louis, ek noem enigeen wat glo aan evolusie 'n evolusionis. As jy slegs bioloë wat nagraadse formele opleiding in evolusionistiese biologie het, of wat ookal jou vereiste is, evolusioniste wil noem, is jy seker welkom. Die HAT definieer 'n evolusionis as " 'n aanhanger van die evolusieteorie". Natuurlik, hoe meer jy jou eie unieke idees het van wat jou eie woorde beteken, hoe minder gaan ander mense jou redenasies volg, maar dis sekerlik jou probleem. Dit gaan gelukkig net 'n probleem wees as jy praat of skryf.

Louis, as jy nie kan verstaan dat daar genoeg Ar in die K-Ar-monsters was wat gemeet is sodat 'n K-Ar-datering gedoen kon word van honderde duisende jare nie, en dat daar daarom 'n probleem met die metode is omdat die spesifieke lawarots maar 'n paar eeue gelede gestol het, is dit hopeloos om verder met jou te kommunikeer. Jou redenasie is soos om te sê 'n 30-cm-lang-liniaal kan nie 'n 4-cm-lang-voorwerp se lengte meet nie, want die voorwerp is veronderstel om net 4 mikron lank te wees. Ek is bevrees jy is eenvoudig horende doof en sienende blind. Baie sterkte.

Louis se opmerking oor "Xenoliths" is die moeite werd om op te antwoord. "Xenoliths" verwys na stukkies ou rots wat deur jonger vulkaniese uitbarstings opgesleep is, en wat die datering dan kan beïnvloed sou dit nie uitgeken en verwyder word nie. Dalrymple het daarna verwys as moontlike rede waarom die radiometriese datering hopeloos verkeerd is, maar hy het 'n geval genoem waar hy aanneem dat daar steeds mikroskopiese, ONSIGBARE klein stukkies teenwoordig was, want daar was geen sigbare stukkies nie. Sy verskoning is dus gebaseer op die voorkoms van iets wat nie waargeneem is nie. Dit is swak wetenskaplike argumentasie om jou verskoning te grond op iets wat daar behoort te wees, maar nie waarneembaar is nie. Verskeie latere radiometriese daterings deur opgeleide wetenskaplikes, en uitgevoer deur hoog aangeskrewe laboratoria, waar alle moontlike "Xenoliths" verwyder is, het dieselfde tipe falings aangetoon (nie 'n akkuraatheidsprobleem nie --

wel 'n ordegrootteprobleem). "Xenoliths" is dus nie 'n geldige verskoning nie.

[<http://creation.com/countering-the-critics-radio-dating-in-rubble>]

Louis skryf: "Darwin is opgelei deur die beste wetenskaplikes van sy dag, insluitende Henslow, Owen, Lyell en Grant. In daardie tyd is hulle naturaliste genoem."

Lyell se geologie was meer op filosofie as waarnemings gegrond en hy kan dus nie deurgaans as 'n goeie wetenskaplike (wat nog te sê van beste), in sy tyd nie. Prof. Derek Ager het die volgende kommentaar oor Lyell en sy volgelinge geskryf: "... geology got into the hands of the theoreticians who were conditioned by the social and political history of their day more than by observation in the field." Selfs die bekende prof. Stephen Gould het van Lyell geskryf: "Charles Lyell was a lawyer by profession, and his book is one of the most brilliant briefs ever published by an advocate ... [but he] relied upon two bits of cunning to establish his uniformitarian views as the only true geology" en "In fact, the catastrophists [such as Agassiz and Cuvier] were much more empirically minded than Lyell. The geologic record does seem to require catastrophes: rocks are fractured and contorted; whole faunas are wiped out. To circumvent this literal appearance, Lyell imposed his imagination upon the evidence." Beide Ager en Gould se velde was geologie. [<http://creation.com/darwin-and-lyell>] Wyle prof. Ager het 'n uitgesproke voorstander van neo-katastrofisme geword, want hy, soos baie ander geoloë, het besef dat Lyell en sy volgelinge se idee van uniformitarianisme (gelykmatigheid, alles in die verlede het gemiddeld gesproke teen dieselfde tempo plaasgevind as wat ons vandag waarneem) heeltemal onvoldoende is om baie van die grootste geologiese strukture te verklaar.

Wat het Henslow en Owen van hul "student" se bevindings gedink? John Henslow en Richard Owen het Charles Darwin se evolusiehipotese sterk teengestaan – dit lyk dus nie of Darwin veel by hulle geleer het nie. Louis kon ook vir Adam Sedgwick genoem het – nog iemand by wie Darwin kursusse geloop het, maar wat alle biologiese evolusie-idees hewig teengestaan het. Van Darwin se *Origin of Species* het Sedgwick geskryf: "Each series of facts is laced together by a series of assumptions, and repetitions of the one false principle. You cannot make a good rope out of a string of air bubbles." [<http://creation.com/clergy-mentor-darwin>, <http://creation.com/deifying-darwin>, <http://creation.com/deifying-darwin>]

Hennie Mouton

-----

### **Fyner resolusie en basiese begrippe - 2011/05/17**

Hennie Mouton skryf:

Based on the deep-sea core chronology applied to the Vostok Antarctica ice core, Meese noted that their timescale for GISP2 was off by 25,000 years at 2,800 metres depth: 'They predicted the age of the ice at 2800 m to be about 110,000 years, 25,000 years older than had been originally counted on the basis of visual stratigraphy [Meese et al., 1994].'<sup>13</sup>

The senior author then went back to the laboratory to 'recheck' the visible stratigraphy or dust layers. She discovered that by using a 1-mm wide laser beam in the LLS method instead of an 8-mm wide beam, 25,000 more annual layers of dust were 'discovered' between 2,300 and 2,800 metres!

One must be especially careful when evolutionary/uniformitarian scientists claim 'agreement' between two or more 'independent' dating methods and/or data sets.

Louis besef sekerlik dat bogenoemde 'n fyner-resolusie-meting beteken en dus is sy stelling "Niks van fyner resolusie in die navorsing nie" onsin. As mens met 'n 1 mm wye Laserstraal meet eerder as met 'n 8 mm straal, sal jy fyner veranderings kan optel. Die belangrike vraag is natuurlik of die fyner veranderings dui op meer jaarlae of op verskeie storms binne 'n jaar. Louis het vantevore ook al gewys dat hy begrippe nie verstaan of wil verstaan nie, en daarom dink hy sekere sake word nie in skrywes genoem nie omdat hy spesifieke woorde nie daar kry nie. So byvoorbeeld het hy vantevore beweer die Miller-Urey-eksperimente word nie in 'n skoolhandboek genoem nie, terwyl daar na Stanley Miller se spesifieke uitvoering van die eksperiment in die boek verwys is. Hy het ook beweer dat abiogenese nie in daardie handboek voorkom nie, terwyl die ondersoek van hoe dooie materie in die eerste lewe kon verander het (dus abiogenese), juis is waaroor Miller se eksperiment gegaan het.

Hennie Mouton

-----

### **Genetiese inligting - 2011/05/17**

Hennie Mouton skryf:

Een van die sterkste wetenskaplike argumente teen evolusie bly die saak van genetiese inligting – een van die eerste besprekingspunte van hierdie ellelange debat.

Louis het ernstig beswaar daarteen gemaak toe daar gestel is dat evolusie vereis dat daar natuurlike vermeerdering van genetiese inligting moes gewees het om van die eerste lewende organisme tot by die mens deur 'n natuurlike proses te kon kom. Hy het beweer dat die eerste lewende organisme reeds baie genetiese inligting bevat het – nie minder as die mens nie, net anders. Ek stem saam dat dit so kan wees in terme van die aantal genetiese letterkombinasies in die betrokke genome, maar dit maak die evolusiehipotese nog meer onwaarskynlik. Dit beteken al die skakels wat die stadige vermeerdering van genetiese inligting in terme van hoeveelheid moes aangetoon het, bestaan ook nie. Daar is min dinge wat so sterk op 'n Skepper dui as die feit dat die eerste lewende organisme reeds baie kompleks was. Louis se verklaring bevestig dit sonder dat hy dit waarskynlik besef.

Louis se argument dat omdat die eerste lewende organisme (in terme van wat al ontdek is) dalk net soveel genetiese inligting bevat as die mens, genetiese inligting daarom nie vermeerder het volgens die evolusiehipotese nie, is foutief. Hy het dit self gestel dat die mens se inligting nie meer is nie, net anders as die van die eerste lewende organisme. Maar omdat die mens se genetiese inligting anders as die van die eerste lewende organisme is, en hy ander funksies kan verrig, beteken dit juis dat genetiese inligting in totaal vermeerder het. Een boek mag net soveel woorde bevat as 'n ander boek, maar as die twee boeke verskillende sake beskryf, en die tweede boek het na die eerste verskyn, dan het die inligting in byvoorbeeld die biblioteek wat dit aanhou, vermeerder. Ek glo meeste lesers sal hierdie beginsel kan verstaan.

Hennie Mouton

---

**Evolusie-debat - 2011/05/19**

Redaksie (van Kerkbode)

Die redaksie wil nie graag enige gesprek inperk nie. Lesers van albei kante het egter nou ruim geleentheid gehad om hulle standpunte vir en teen evolusie te stel.

Deelnemers aan die gesprek word versoek om die onderwerp vir 'n wyle te laat rus sodat ons ook oor ander sake kan gesels.

- Redaksie

---

Ná hierdie laaste skrywe van Kerkbode-redaksie, is onderstaande e-pos op 19 Mei 2011 direk aan Adri-Louise van Renen, redaktrise van Kerkbode gestuur. Geen antwoord is ooit ontvang nie.

Goeie middag,

Ek het begrip vir julle opmerkings hier[bo].

Dankie vir die geleentheid wat geskep is.

Daar is baie inligting uitgeruil van weerskante af, en al sou almal dit nie waardeer het nie, is daar ook goeie inligting uitgeruil – waarskynlik die beste inligting van weerskante, en op 'n vlak wat meeste behoort te verstaan.

Wil julle nie dalk oorweeg om vir my en Louis elkeen 'n opsommende artikel (byvoorbeeld beperk tot 1500 woorde) oor hierdie skepping-evolusie-debat vir die gedrukte Kerkbode te laat skryf nie?

Dit behoort alles mooi af te rond en lesers 'n minder gefragmenteerde, en hopelik minder beledigende samevatting van die twee standpunte te gee.

Ek is seker my evolusionistiese opponente sal ook daarvoor te vinde wees.

Groete,

Dr. Hennie Mouton